University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

# LITURGIESE ONTWERP MET DIE PREEKTEKS AS UITGANGSPUNT – 'N MODEL

DEUR

**CHRISTIAAN FREDERIK VAN ZYL**

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD
MA (Teologie) IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER : DR F C CLASEN
MEDE STUDIELEIER : PROF C J A VOS

NOVEMBER 2005

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

# DANKBETUIGINGS

Opregte dank gaan die volgende persone en instansies :

My vroutjie, René en ons kinders Talita, Marike en Hendri vir hul liefde en ondersteuning.

My studieleier, dr Ferdie Clasen vir sy leiding en insette asook prof Cas Vos.

Prof Hennie Pieterse wat vanuit sy omvattende navorsingservaring besondere perspektiewe oopgemaak het.

Al die kundige persone wat tydens die twee kontakweke insette van onskatbare waarde vanuit verskillende teologiese en ander dissiplines gelewer het.

Al die lede van die studiegroep vir stimulerende gesprekke en elkeen se eie unieke inset.

Prof Chris Smit en dr Mike van der Linde en hul personeel van die Departement Statistiek aan U P vir hul raad, leiding en werk ten opsigte van die empiriese navorsing.

Die kerkrade en lidmate van die NG Gemeentes Townsview en Brackendal vir hul bereidwilligheid en hulp met die empiriese ondersoek.

My werkgewer, die NG Gemeente Townsview vir studietyd beskikbaar gestel.

Die Universiteit van Pretoria en in die besonder die Fakulteit Teologie wat hierdie studie moontlik gemaak het.

My hemelse Vader vir wie ek leef.

Aan Hom al die eer !

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

# INHOUDSOPGAWE


ABSTRACT 6
SLEUTELTERME 7
TERMINOLOGY 9

**HOOFSTUK 1 DIE EREDIENS – 'N BESONDERE GELEENTHEID, KOMPLEKS EN KONTROVERSIEEL**

1. AGTERGROND 10
2. HIPOTESES 16
3. PROBLEEMSTELLING 17
4. TERREINVERKENNING 18

**HOOFSTUK 2 NAVORSING**

1. NAVORSINGSDOELWIT 19
2. NAVORSINGS METODOLOGIE 19
2.1 LITERATUURSTUDIE 19
2.2 EMPIRIESE ONDERSOEK 20
2.3 VOORBEELD VAN VRAELYS 23

**HOOFSTUK 3 DIE WERKENDE TEENWOORDIGHEID VAN GOD DRIE-ENIG IN DIE EREDIENS**

1. AGTERGROND 25
2. DIE EREDIENS : 'N HISTORIESE OORSIG 28
2.1 DIE OU TESTAMENTIESE EREDIENS 29
2.2 DIE EREDIENS IN DIE NUWE TESTAMENT 30
2.3 DIE EREDIENS IN DIE VROEË KERK 40
2.4 DIE EREDIENS IN DIE RYKSKERK 42
2.5 DIE EREDIENS IN DIE OOSTERSE KERK 44
2.6 DIE EREDIENS IN DIE WESTERSE KERK 45

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

2.7 DIE EREDIENS TYDENS EN NA DIE REFORMASIE 48
2.8 DIE GEREFORMEERDE EREDIENS 50
3. GOD IS TEENWOORDIG. HOE ? 53
4. DIE BELEWENIS VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID 55

**HOOFSTUK 4 DIE EREDIENS, DIE WOORD EN DIE MENS**

1. BYBELSE VERANTWOORDING 57
2. HERMENEUTIESE EN HOMILETIESE ORIËNTASIE 59
2.1 ONBEVANGE, NAÏEWE BENADERING 60
2.2 EKSEMPLARIESE BENADERING 60
2.3 HEILSHISTORIESE BENADERING 61
2.4 VERSTAANSMATIGE WOORD BENADERING 62
2.5 TEKSTUELE KOMMUNIKATIEWE BENADERING 63
3. DEELNEMERS HERMENEUTIEK 67
3.1 POST MODERNE INVLOEDE 68
3.2 INVLOED VAN MEDIA, KUNSTE, SPORT, TEGNOLOGIE ENSOMEER 72

**HOOFSTUK 5 LITURGIESE SIN-GEWING**

1. LITURGIE : SO VERSTAAN ONS DIT 73
2. ONLANGSE ONTWIKKELINGE 76
2.1 INSIGGEWENDE TENDENSE 76
2.2 KULTURELE ONTWIKKELING 78
2.3 KOMMUNIKASIE TEORIE 78
3. LITURGIESE ELEMENTE 79
3.1 RITUELE AS DRAERS VAN DIE WOORD 79
3.2 SANG EN MUSIEK 83
3.3 GEBEDE 83
3.4 CREDOS 83
3.5 MORELE LEIDING 84
3.6 OFFERGAWES 84
4. DIE EREDIENS HOLISTIES BESKOU 84

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

5. TWEE BOODSKAPPE 86
5.1 DIE PREEKTEKS SE BOODSKAP 86
5.2 DIE DEELNEMERS SE BOODSKAP 88
5.3 DIE ONTMOETING VAN TWEE BOODSKAPPE 91

**HOOFSTUK 6 DIE PREEKTEKS IS DIE UITGANGSPUNT**

1. KREATIWITEIT : TEOLOGIESE INSIG 94
2. KREATIEWE GEREFORMEERDE EREDIENSTE 95
3. 'N HEEL NUWE BENADERING 97
4. MODEL ONTWERP : LITURGIESE ONTWERP MET DIE PREEKTEKS AS UITGANGSPUNT 99
4.1 BEGINSELS VAN DIE ONTWERP 100
4.2 ENKELE TERSAAKLIKE OPMERKINGS 100
4.3 ONTWERP DIAGRAM 102
4.4 SLEUTEL TOT DIE DIAGRAM 102
5 MODEL ONTWERP IN PRAKTYK : ENKELE VOORBEELDE 103
5.1 VOORBEELD 1 : GETUIENISDIENS MATTEUS 18:1-26 103
5.2 VOORBEELD 2 : HERVORMINGSONDAG ROMEINE 1:17 106
5.3 VOORBEELD 3 : EERSTE ADVENT LUKAS 1:34 109
6. GEVOLGTREKKING 112

**LITERATUUR** 114

# ABSTRACT

Radical changes during the past century not only effected the broad global society, but also church life. Dwindeling numbers of membership and lesser church attendance show that worldwide secularization has put the church in a tight position. On the other hand, there is currently renewed interest in spiritual life. This tendency gives Christianity and the church as such the opportunity to come forward with new and creative ways to convey the message of the gospel. One of the focus points should be to rediscover and renew the worship service, as it is still the main function of the church. Post modern ways of life and thinking should together with the eternal Word of God be the prime factors of rethinking worship. With mainly these arguments in mind, this study attempts to develop a design by which creative and effective worship services can be planned.

Because the Bible as Gods Word is central in reformed theological thinking as well as in the whole spectrum of such church life, that will be the basis. As far as the worship service is concerned, the text for the sermon is held to be not only the focus point but actually the source from which all the liturgical elements develop.

The study starts off with an overview of current tendencies. Chapter 2 deals with the research work being an empirical survey as well as a literature study. Results of the empirical survey is dealt with throughout the study. Chapter 3 discusses the whole issue of the presence of God in the church service. After an overview of this phenomenon in different eras of church history, it concludes with the outcome that God's presence is firstly a historical fact and secondly a means of communication during a certain event. This can be experienced because the worshiper is a person with a certain human makup who lives in a particular time and space. In Chapter 4 the issue of the hermeneutical process comes into view. It deals with the Word in context and feels in the end at home in the presence of the textual communicative approach of a person such as Paul Ricoeur. The tendencies of the post modern time is also discussed. Chapter 5 focuses on liturgy itself and leads to the point where liturgy is actually the merging of Gods message with the message of the congregation. The final chapter develops the liturgical model which we can call the *liturgical design where the text for the sermon is the viewpoint*.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

# SLEUTELTERME

Vir die doeleindes van hierdie studie word die volgende woorde se betekenisse nader omskryf :

Erediens

Die weeklikse amptelike samekoms van ‘n gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (gewoonlik op ‘n Sondag) waar die Bybel gelees word, daaruit gepreek word, gebid en gesing word in ‘n bepaalde sinvolle volgorde wat dialogies tussen God en mens gerig word.

Erediensganger

Persoon wat die betrokke erediens bywoon. Dit kan iemand insluit wat nie ‘n amptelike lidmaat van die gemeente of selfs die Nederduitse Gereformeerde Kerk is nie.

Gemeente

Belydende en doop lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat in ‘n bepaalde groep (die gemeente) georganiseer is.

Liturgie

Verskillende elemente van die erediens wat saam ‘n eenheid vorm en sin aan die geleentheid bied.

Liturgiese model

Bepaalde wyse waarop die liturgie benader word en waarvolgens die erediens ontwerp word.

Post modern

Die tydperk (na die modernisme) beginnende kort na die Tweede Wêreldoorlog. Dit kan ook die tydsgees aandui met al die tersaaklike tendense en veral eiesoortige denkwyses.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Preekteks

Die geïdentifiseerde teksgedeelte uit die Bybel wat die kernboodskap dra wat tydens die preek gekommunikeer word.

Respondente

Persone wat aan empiriese navorsing deelneem en vraelyste voltooi het.

Ritueel

Handeling wat uiting gee aan ‘n saak of betekenis. Gewoonlik religieus van aard.

Ritus

Geheel van voorskrifte vir die erediens.

Simbool

Teken wat dui op ‘n betekende saak. In terme van die erediens, dinge soos nagmaalwyn, doopwater, die kruis.

Tradisionele liturgie

Erediensvorm soos goedgekeur deur die Algemene Sinode van die N G Kerk. (Algemene Sinodale Kommissie van die N G Kerk 1988: 11-18)

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

# TERMINOLOGY

For the purpose of this study, the meaning of the following words are described :

Erediens / church service
The weekly gathering of the congregation of the Dutch Reformed Church where the Bible is read and preached and all the different liturgical elements form a dialogical unit.

Eredensganger / church attendant
Person who attends the church service whether he is a church member or not.

Gemeente / congregation
All members who are baptised or confermed alltogether.

Liturgie / liturgy
Different elements of the church service.

Liturgiese model / liturgical model
Particular means by which the liturgy is made up.

Post modern / post modern
Time span after the Second World War.
Also the philisophical outlook to life during this period.

Preekteks / sermon text
The selective passage of Bible scripture being Gods word for a particular sermon.

Respondente / respondents
Persons who took part in the empirical survey.

Ritueel / ritual
Activity that gives practice to a particular concept. Normally religious.

Rite
Total of religious rituals.

Simbool / symbol
Object that gives meaning. In terms of the church service, things like the bread and wine for the eucharist.

Tradisionele liturgie / traditional liturgy
Service liturgy as approved by the Synod of the Dutch Reformed Church.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

# HOOFSTUK 1
# DIE EREDIENS – 'N BESONDERE GELEENTHEID, KOMPLEKS EN KONTROVERSIEEL

## 1. AGTERGROND

Gedurende die twintigste eeu het die Christelike kerk wêreldwyd enorme *veranderinge* en *uitdagings* beleef. 'n Groot deel van die kerk het in hierdie tyd onder vyandige en ateïstiese regerings voortbestaan. Selfs in dele waar daar nie overte vervolging van Christene was nie, het die kerk 'n kragtige aanslag van diverse aard verduur. Wêreldwye sekularisasie, veral in Europese en Noord Amerikaanse lande het 'n grootskaalse ontchristeliking van die samelewing tot gevolg gehad wat steeds voortduur. Negentiende eeuse filosofieë wat geen plek vir God gelaat het nie, is vryelik toegelaat en aangehang. Tel daarby die ontnugtering wat twee wêreldoorloë en ander plaaslike konflikte en teleurstellings meegebring het, en ons kry 'n samelewing waarvan die geestelike siel behoorlik uitgeruk is. Dis geen wonder dat asemrowende kerkgeboue en katedrale wat eens die heiligheid van God en die aanbidding deur sy heilige kerk vertoon het, nou bykans almal toeriste besienswaardighede geword het. Indien daar nog op Sondae eredienste gehou word, vind dit onder die rumoer van besoekers en irritasie van  kunsliefhebbers en argitektuur bewonderaars plaas. Dit is skaars in Afrika waar die kerk aan die begin van die een-en-twintigste eeu nominaal groei en bykans slegs in die derdewêreldse sektor daarvan.

Nuwe politieke sisteme word nie meer gebou op christelike beginsels nie, maar op *humanistiese* gronde. Baie tradisioneel christelike lande kies vir 'n *sekulêre* bestel en staan algehele godsdiensvryheid voor. Op sigself blyk dit goed te wees waar alle godsdienste toleransie ontvang, maar tog bly etiese norme en 'n godsdienstige inslag in die samelewing in die slag. Die elf jaar oue demokrasie in Suid-Afrika met al sy goeie gevolge in ag genome is hiervan 'n sprekende voorbeeld. (Die Grondwet 1996 : 8)

Saam met die sekularisasie wat ontchristeliking meebring, het die sogenaamde *postmoderne bewussyn* 'n ontvolking uit kerke en veral hoofstroom kerke tot gevolg. Hoewel nie onchristelik of irreligieeus nie, het die tipies postmoderne mens geen erg aan geïnstitusionaliseerde godsdiens nie. Hy of sy wil vry wees. Die kerk is vir hom argaïes en irrelevant. Tydens die modernisme kon die godsdiens nie die mas teen die wetenskap en veral die natuurwetenskap en tegnologiese ontwikkeling opkom nie. Nou is ons al daarby verby deur 'n nuwe waardering van geestelikheid, maar beslis nie van christelike moraliteit en aanbidding van 'n persoonlike God nie. Spiritualiteit is na binne gerig. Dit moet uit die mens self opkom in die vorm van onafhanklike subjektiewe geestelike belewenisse. 'n Nuwe belangstelling in die Oosterse mistiek is besig om pos te vat, maar op 'n eklektiese manier waar daar nie 'n toewyding aan antieke geloofsinstellings is nie, maar slegs die oppervlakkige verbruik van bepaalde tegnieke soos meditasie en rituele om verligting (enlightment) te bewerkstellig. Geestelike belewenisse is kortstondig en emosioneel en gerig op eie persoonlike behoeftes eerder as op deelname, toewyding en selfopoffering. Nog minder om na die stem van 'n O(o)pperwese te luister en in te buig onder sy heerskappy wat tog 'n ontlediging van die self impliseer. Die Bybel laat sy lig helder val op enige twyfel wat mag bestaan ten opsigte van kwasi-godsdienstige leringe of praktyke : "Daar is geen ander evangelie nie ! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai, en dit is hulle wat julle in verwarring bring. Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het – die vloek van God sal hom tref !"
(Gal 1:7-8)

Materialisme neem aan die begin van die een-en-twintigste eeu hand oor hand toe. Wanneer mense nie meer hul sekerheid en sorg by 'n persoonlike Godheid vind nie, moet dit in iets anders gevind word. Besittings en geldelike sekuriteit vul in 'n groot mate die plek van 'n God op wie daar gehoop word vir die toekoms. Verbruikerskommoditeite en 'n oënskynlik suksesvolle leefstyl word statussimbole waarin opgegaan word en wat die plek van godsdiens allerweë inneem. Ekonomiese bemagtiging het waarskynlik die opheffing van armoede in die oog wat 'n edel doelwit is, maar lei gewoonlik tot 'n groot mate van geldsug en hedonisme onder baie. Materialisme het veral oor die laaste eeu ontwikkel in 'n

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

doel op sigself en die enigste aanvaarbare bron tot sekuriteit. Pragtige winkelsentrums en sportstadions word die 'tempels van aanbidding'. Die Skrif vermaan op talle plekke teen die gevaar van menslike begeertes wat veral op rykdom en sin-genot gerig is. ( Eks 20:17 ; Mark 4:19 ; Rom 6:12 ; Ef 2:3 ; Gal 5:17 ; 1 Pet 2:11 ; Op 2:23 )

Dalende lidmaattal van veral hoofstroom kerke is 'n internasionale tendens. Eddie Gibbs en Ian Coffey gee die syfers weer wat in die Yearbook of American Churches gepubliseer is. Die United Methodist Church het byvoorbeeld gedurende die tydperk 1968 tot 1995 'n daling van 2 452 058 beleef. Dit verteenwoordig 5 540 gemeentes wat nie meer bestaan nie. (Gibbs & Coffey 2001 : 21)

Genoemde skrywers wys in dieselfde publikasie op dalende erediensbywoning, maar hierdie keer in Engeland. Gedurende 1979 was kerkbywoning 5.4 miljoen teenoor 4.7 miljoen tien jaar later. Dit verteenwoordig 'n daling van 13%. Nege jaar later was daar 'n verdere daling van 22%. Gedurende hierdie tydperk van negentien jaar was daar egter 'n styging in die populasie van 4 miljoen wat dié daling nog meer dramaties maak.

In weerwil met bogenoemde statistieke is daar 'n ongekende groei in sommige kerke. Gibbs en Coffey noem hulle die *'new-paradigm' churches*. Hulle wys ook op talle westerlinge wat betrokke raak by ander godsdienste soos Islam, New Age, Buddhisme, Hinduïsme en selfs voor-Christelike godsdienste soos Druidisme, Amerikaanse primitiewe godsdienste en paganisme. Hulle konkludeer dat sekulasisasie as gevolg van hierdie werklikhede nie noodwendig alleen verantwoordelik is vir daling van lidmaattalle en erediensbywoning in baie Christelike kerke nie.

Verskillende *lewens- en wêreldbeskouings* het uit die aard van die saak 'n bepalende invloed op mense se opinies, uitgangspunte en leefwyses. Ook op hul religieuse verwagtings en oriëntasies. Die Ou Testamentikus, Walter Brueggemann onderskei vier verwysingsraamwerke wat mense se denke en gedrag in 'n groot mate bepaal. (Brueggeman 2001) Die een sluit nie noodwendig

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

die ander uit nie, hoewel die meeste mense hulle in die en of ander kategorie of kombinasie daarvan tuis voel. Die vier kategorieë lyk só :

- MODERN- INDUSTRIEEL- WETENSKAPLIKE MODEL

Die waarde van die indiwidu word bereken in terme van sy of haar bruikbaarheid. Indien iets nie meetbaar, definieerbaar en wetenskaplik verklaarbaar is nie, het dit nie bestaansreg nie. Verstandelike vermoë, tegniese vaardighede en ekonomiese bruikbaarheid is die waardes wat saak maak. Sodanige beskouing plaas 'n groot premie op die kenbare, beheerbare en voorspelbare. 'n Verklaarbare, logiese, praktiese, intellektuele G(g)od is aanvaarbaar.

- EKSISTENSIALISTIESE MODEL

Hiervolgens vind die mens betekenis in homself. Die mens as indiwidu met sy eie uniekheid, behoeftes en vryheid gee die pas aan. Eksistensialisme wil hê dat die lewe slegs van betekenis is in soverre die indiwidu keuses kan uitoefen wat op sy onmiddelike behoeftes gerig is. Dit teken dus protes aan teen enige vaste vorm en 'n geykte werklikheid. Veral die jonger geslag met hul ideale en drome en nuutgevonde besluitmag val hieraan prooi. 'n Persoonlike bepalende G(g)od is onaanvaarbaar. Religie word binne die self gevind of ten minste elemente van 'n godheid wat volgens die persoon se eie voorkeure en behoeftes aanvaarbaar is.

- TRANSENDENTALISTIESE MODEL

Hierdie is 'n lewenshouding van ontvlugting. Die realistiese werklikheid is te kompleks en te wreed. Iewers daar buite moet iets beters wees waar dinge eenvoudiger, helderder en suiwerder is. Vir mense met sodanige oriëntasie is meditasie, 'n opgaan in die natuur en 'n soeke na die egte en opregte belangrik. Hulle onttrek maklik agter die gekleurde glasvensters van kerke om aan die wreedheid van 'n honger en gewelddadige wêreld te ontkom.

- VERBONDS-HISTORIESE MODEL

Hierdie is 'n Bybelse model waaruit God met die mense op pad is. Alles wat gebeur lê ingebed in die geskiedenis en God is in beheer van die geskiedenis. Tussen God en mens bestaan daar ooreenkomste wat vir beide partye bepaalde risikos inhou. Hoewel God met indiwidue besig is, bestaan sy ooreenkomste altyd

tussen Homself en groepe van mense, sy verbondsvolk. Met 'geskiedenis' word bedoel verlede, hede en toekoms. Die Bybel is die rigtinggewende bron. Hieroor die volgende verduideliking van Brueggemann :

> "Thus one reason why we read Scripture so that we may not settle easily for any other notion of life, forgetting who we are and the understanding of life that we have confessed and embraced. Informed by the Bible, we are invited to live in faithful response to this faithful covenant partner. Such possibility is not guaranteed by Scipture study, but it is peculiar to our faith tradition and provides us with a context for living quite different from the reigning alternatives. In other words, one of the most important gifts the Bible can give us is a frame of reference for our life. Given that frame of reference, we are still left with major decisions to make about our world, our freedom, our responsibility. But Scripture reading can provide us with resources and images, enabling us to understand, embrace and respond to life in all its richness. For the Bible presents human life in terms of the vitality of being in history with a covenantal partner who speaks newness in a world that always seems fatigued and exhausted. That is what is most deeply characteristic about this view of reality : that we are in covenant with One who speaks newness, who dismantles what is old in our life, and who calls us to welcome and live towards newness."
> (Brueggemann 2001:2-6)

Die skrywer kies vir laasgenoemde model.

Bogenoemde en ander tendense het egter tans 'n *herontwaking van die Christendom* tot gevolg. Dit kan kontra-sekularisasie of nieu-Christendom genoem word. Klaarblyklik is dit nie net in sekere kerke waar die nuwe herlewing van die Christendom te bespeur is nie. Jeff Chu skryf in Time : "Christianity is becoming a minority faith in Europe, as church attendance falls, the clergy ages, and scandals and harsh doctrine drive people away. But the faith is reappearing – and thriving – in all sorts of unexpected places." Hy verwys na die groot sukses van Alpha Course van die Evangelical Anglican Church in Londen en haal die stigter, Nicky

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Gumbel aan : "We don't need to change the message but we need to change the way we put it across." (*Time* 16 Junie 2003:12)

Die herontwaking van die Christendom staan dus nie los van die kerk nie. Verskeie kerke en ekumeniese liggame neem aktief deel om nuwe bevatlike vorme te gee aan universele Bybelse waarhede. Instansies soos die Wêreldraad van Kerke en die Gereformeerde Ekumeniese Raad loods aktief programme om die evangelie van Jesus Christus internasionaal te bevorder. Dit vind neerslag in ekumeniese aksies, menslikheidsprojekte, studiestukke, ensomeer. 'n Beweging wat vir hierdie studie van belang is, is die sogenaamde *Liturgical Movement* wat deur die Dictionary of Liturgy and Worship beskryf word as "part of the reawakening of the church." Daarmee bedoel die skrywer "an extraordinary recovery and renewal by the Christian Church of its worship and the understanding of that worship as central to its life and work." (Davies 1986: 314) Hierop reageer John Fenwick en Bryan Spinks soos volg :

> "It would be wrong to overemphasize the changes. The sacraments, for example , are still recognizable as sacraments, hymn-books are still hymn-books. But equally, it would be foolish to pretend that there have not been vast shifts in the dynamics and expectations of worshipping Christians, often expressed in changed texts, styles, concepts and even buildings. It is these shifts that constitutes the Liturgical Movement."
>
> (Fenwick & Spinks 1995:2)

Die sogenaamde Liturgiese Beweging is egter nie 'n formele beweging wat op grond van een of ander kerklike liggaam se agenda is nie. Dit is 'n beweging wat aan die wye christelike gemeenskap behoort en as't ware 'n spontane ontwikkelingsproses ten opsigte van bevatlike aanbiddingsmodii (worshipping). Verder het dit nie net formele kerklike erediens liturgieë in die oog nie, maar veel meer as dit.

> At its best the Liturgical Movement is about renewing the whole Church, hence the imposibility of describing it adequately. By

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

> creating worship that is 'authentic' and that enables a full-orbit exposure to the transforming power of Christ in the Spirit, the people of God are to be motivated and equipped to serve Him in the world.
>
> (Fenwick & Spinks 1995 : 11)

Verskeie studies is reeds op hierdie terrein onderneem en talle publikasies het die lig gesien. Die Liturgiese Beweging het fomeel én informeel ingrypende gevolge in die totale spektrum van Christelike kerke se aanbiddingsgeleenthede tot gevolg. Boeke en artikels oor kerklike leierskap, gemeente ontwikkeling, missiologiese bediening en ander onderwerpe is bewys van 'n nuwe bewuswording van die spiritualiteit en geestelike behoeftes van die mens van vandag en die roeping van die kerk om dit te akkommodeer.

Dit is teen hierdie agtergrond dat dié studie op soek is na 'n *model* wat aan plaaslike kontemporêre gereformeerde eredienste nuwe betekenis en trefkrag wil gee.

**2. HIPOTESES**

Die volgende hipoteses wil as *stimuli* dien en nie noodwendig in hierdie studie bewys word nie. Tog sal gepoog word om by almal aansluiting te vind.

- Sekularisering van die samelewing het 'n groot mate van ontchristeliking en ontkerkliking van die gemeenskap tot gevolg.
- God word in baie kringe nie meer beskou as 'n persoonlike goddelike grootheid nie.
- Die erediens is vir baie nie die unieke ontmoetingsgeleentheid met God nie. Vir ander wel.
- Baie mense glo en ervaar nie dat God direk of indirek met mense praat nie en veral nie meer uit die ou antieke geskrifte wat ons die Bybel noem nie.
- Baie lidmate verstaan nie die rol en funksie van die erediens liturgie nie.
- Daar bestaan 'n behoefte aan die Woord van God wat gepreek en beleef word in die erediens.

- God gebruik die erediens (en erediens liturgie) om met sy gemeente gemeenskap te hê.
- ‘n Herontdekking en herwaardering kan aan die erediens sy regmatige plek in die kerk teruggee.
- Sinvolle erediensviering kan/sal voldoen aan lidmate se behoefte aan God, sy Woord en gemeenskapsbelewenis met Hom wat sal uitloop op Godsvererende gedrag in die wêreld.
- Die post moderne tydsgees stuur gemeenskappe om op ‘n nuwe manier te dink en te funksioneer. Ten einde die evangelie vars en bevatlik te kommunikeer vereis ‘n nuwe benadering.
- Eredienste waar God en sy Woord sentraal staan, waar dit effektief gepredik word en deur middel van sinvolle liturgiese elemente en handelinge deurleef word, sal ‘n terugkeer na die christendom en kerk tot gevolg hê en kerke weer laat vol sit.

**3. PROBLEEMSTELLING**

Die probleemstelling kan aan die hand van die volgende vrae duidelik word :

- Is die dalende lidmaattal van tradisionele kerke, swakker erediensbywoning en moontlike soeke na ander geloofsalternatiewe dalk die gevolge van ‘n verskraalde erediensbelewing ?
- Is die erediens vir die lidmate ‘n werklike ontmoeting met God ?
- Wil lidmate die Woord van God in die erediens hoor en beleef ?
- Verstaan lidmate die erediens reg ?
- Maak die liturgie vir die erediensgangers sin ?
- Hoe beïnvloed die preekteks die res van die liturgie om daarvan ‘n sinvolle eenheid en ervaring te maak ?
- Bied die kerkganger se erediens ervaring genoegsame inhoud om sy geestelike onsekerhede op te klaar en voldoende geestelike toerusting vir sy eie God-geïnspireerde lewe en dié van die gemeente ?
- Verstaan predikante wat as liturge optree die erediens reg en slaag hulle daarin om die erediens ‘n ware ontmoeting tussen God en sy gemeente te maak ?

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

- Is ons erediens inkleding in pas met ons tydsgees en kreatief genoeg om die erediensganger mee te voer in 'n ware ervaring met God ?

## 4. TERREINVERKENNING

Daar word gefokus op die erediens soos wat dit binne die *Nederduitse Gereformeede Kerk* geken word. Tradisies uit ander christelike kerke en oorde kry ook aandag. Die klem val op 'n sinvolle, Bybelse, maar kontemporêre erediens wat beide die grondwaarhede, maar ook die konteks van die erediensganger verdiskonteer.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

# HOOFSTUK 2
# NAVORSING

## 1. NAVORSINGSDOELWIT

Die navorsing wil elemente van lidmate se verstaan en belewenis van die erediens liturgie ontleed.

Verder wil dit bydra tot die ontwerp van 'n *liturgiese model* wat enersyds die rol van die Skrif in die erediens tot sy volle reg laat kom en andersyds vir die erediensganger erediens geleenthede skep wat hom vanuit die Woord aanspreek, ondersteun en meevoer in 'n egte godsdiens ervaring wat lei tot God-vererende gedrag. Die totale erediens liturgie is hieraan gedienstig.
Hierdie model beoog om een model te wees naas talle ander bestaande modelle met ewekansige bestaansreg.
Navorsing het betrekking op eietydse, sinvolle eredienste in veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

## 2. NAVORSINGS METODOLOGIE

Die navorsing sluit beide 'n *literatuurstudie* en 'n *empiriese ondersoek* in.

### 2.1 LITERATUURSTUDIE

Dit word gemik op die volgende aangeleenthede :

- Tendense in die kerk en breë gemeenskap veral gedurende die twintigste eeu (Hoofstuk 1)
- Die vraag of God in die erediens teenwoordig is en indien wel, op watter wyse asook die belewenis daarvan. (Hoofstuk 3)
- Hermeneutiese verstaan. (Hoofstuk 4)
- Die erediensliturgie as ontmoetingsmodus (Hoofstuk 5)
- Liturgiese ontwerp met enkele voorbeelde (Hoofstuk 6)

## 2.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek is *kwantitatief* van aard.
Dit wil die respondente as verteenwoordigend van twee gemeentes se lidmate se kennis en belewenis van die erediens en in die besonder die liturgie, bepaal.
Navorsingsresultate sal in die studie bygewerk word waar nodig.

- RESPONDENTE

Daar word van drie honderd respondente gebruik gemaak. Hulle is belydende lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in twee gemeentes. Die twee gemeentes is die N G Gemeente Townsview in die suidelike voorstede van Johannesburg en die N G Gemeente Brackendal in Alberton.
Twee gemeentes is gekies omdat dit ‘n wyer verspreiding van respondente verteenwoordig. Verder is eersgenoemde ‘n diverse, maar redelik behoudende gemeente en laasgenoemde ‘n meer homogene, maar vernuwende gemeente wat betref die erediens en veral die liturgie.

Beide die gemeentes is in wyke en/of selgroepe verdeel en vraelyste word deur ‘n aantal wyke se lede volgens die tros-steekproef beginsel voltooi.
Respondente is in wyksverband of selgroepverband deur ‘n rekenaarprogram op ‘n gelykkansige basis geselekteer. Vraelyste is met behulp van wyks- en selgroepleiers versprei en terug ontvang. Van die 300 vraelyste wat versprei is, is 139 terug ontvang. Dit verteenwoordig 46.33%.

Beide die gemeentes beskik oor gerekenariseerde datastelsels wat die volgende inligting oor lidmate bevat :

Naam
Geslag
Geboortedatum
Adres
Telefoonnommer
Wyks- en besoekpuntnommer
Lidmaatstatus (Doop- of belydende lidmaat)
Gemeentebetrokkenheid

- VRAELYS

Die vraelys is ‘n skriftelike anonieme vraelys wat uit 20 vrae bestaan en in vier kategorieë verdeel is.

Die vraelys sien soos volg daar uit :

BIOGRAFIESE INLIGTING

1 Aantal jare in die gemeente
2 Gemeente betrokkenheid tans (Bv Kerkraadslid, lid van ‘n kommissie, kategeet, selgroeplid, ens)
3 Samelewing status (Bv pensioenaris, werkend, werkloos, student, skolier)
4 Ouderdom
5 Erediens bywoning (Bv driemaal per maand, nooit, ens)

VRAE

Die respondent moet op ‘n 5-punt skaal merk.

“1” verteenwoordig : “stem glad nie saam”
“5” verteenwoordig : “stem ten volle saam”

VRAE WAT VERBAND HOU MET DIE KOMMUNIKATIEWE AARD VAN DIE EREDIENS

1. God is teenwoordig in die erediens.
2. Ek beleef God se teenwoordigheid in die erediens.
3. God kommunikeer met my in die erediens.
4. Ek kommunikeer met God in die erediens.
5. Die erediens is die mees sinvolle manier om met God te kommunikeer

VRAE WAT VERBAND HOU MET DIE VERSTAAN VAN DIE LITURGIE

6. Ek verstaan die funksie van die liturgie (verskillende elemente in die erediens).

7. Die liturgie moet elke Sondag presies dieselfde wees.
8. Die Wet moet elke Sondag voorgelees word.
9. Die geloofsbelydenis moet elke Sondag uitgespreek word.
10. Daar moet rituele in die erediens wees. (Bv doop, nagmaal, skuldbelydenis)
11. Daar moet simbole in die erediens wees. (Bv beeldende kuns, ikone soos die kruis)

VRAE WAT VERBAND HOU MET DIE PLEK EN ROL VAN DIE PREEKTEKS

12. Elke erediens moet 'n duidelike Bybelse boodskap dra.
13. Die betrokke Bybelteks wat gelees word, staan sentraal in die erediens.
14. Die preek moet 'n uitleg en praktiese toepassing van die Bybelteks wees.
15. Die verskillende elemente van die liturgie moet die Bybelteks ondersteun.
16. Die liedere wat gesing word, moet verband hou met die Bybelteks en die preek.
17. Liedere van kore en sanggroepe moet by die preek aansluit.

VRAE WAT VERBAND HOU MET DIE INVLOED EN BETEKENIS VAN DIE EREDIENS

18. Ek onthou ná die erediens wat die boodskap was.
19. Ek bespreek die erediens met ander persone.
20. Ek is opgewonde oor die erediens.

Resultate van die empiriese ondersoek kan een- of meerlynig wees wat 'n magdom van inligting kan bied. Slegs tersaaklike inligting sal egter onttrek word en vir die doel van die studie aangewend word. Gemiddeldes sowel as mediaan aanduidings sal gebruik word. Dit sal telkens in 'n blokkie geplaas word onder die opskrif : NAVORSINGSRESULTAAT.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

## 2.3 VOORBEELD VAN VRAELYS SOOS DEUR RESPONDENTE VOLTOOI :

### LITURGIESE ONTWERP MET DIE PREEKTEKS AS UITGANGSPUNT

Respondent | V1 | | | | 1

***Beantwoord al die vra wat volg deur 'n toepaslike syfer binne 'n gekleurde blok te omkring (O) of u antwoord binne die voorsiende gekleure spasie in te vul***

### A BIOGRAFIESE INLIGTING

**1.** Vir hoeveel jare is jy in die gemeente betrokke?

| | |
|---|---|
| | |

V2 | | | 4

**2.** Wat is jou betrokkenheid tans in die gemeente?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kerkraadslid | **1** | V3 | | 6 |
| Lid van 'n kommissie | **2** | V4 | | 7 |
| Kategeet | **3** | V5 | | 8 |
| Selgroeplid | **4** | V6 | | 9 |
| Dienswerkgroep lid | **5** | V7 | | 10 |

**3.** Wat is jou werkstatus?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Pensioenaris | **1** | V8 | | 11 |
| Werkend | **2** | | | |
| Werkloos | **3** | | | |
| Student | **4** | | | |
| Skolier | **5** | | | |

**4.** Hoe oud is jy? (in jare)

| | |
|---|---|
| | |

V9 | | | 12

**5.** Hoe gereeld woon jy die Eredienste by?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Driemaal per maand | **1** | V10 | | 14 |
| Tweemaal per maand | **2** | | | |
| Eenmaal per maand | **3** | | | |
| Minder as eenmaal per maand | **4** | | | |
| Nooit | **5** | | | |

## B VRAE WAT VERBAND HOU MET DIE EREDIENS

***Beantwoord die volgende vrae deur 'n 5-punt skaal te gebruik.***

***"1" verteenwoordig : "stem glad nie saam"***
***"5" verteenwoordig : "stem ten volle saam"***

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | God is teenwoordig in die erediens. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V11 | | 15 |
| 7 | Ek beleef God se teenwoordigheid in die erediens. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V12 | | 16 |
| 8 | God kommunikeer met my in die erediens. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V13 | | 17 |
| 9 | Ek kommunikeer met God in die erediens. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V14 | | 18 |
| 10 | Die erediens is die mees sinvolle manier om met God te kommunikeer | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V15 | | 19 |
| 11 | Ek verstaan die funksie van die liturgie (verskillende elemente in die erediens). | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V16 | | 20 |
| 12 | Die liturgie moet elke Sondag presies dieselfde wees. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V17 | | 21 |
| 13 | Die Wet moet elke Sondag voorgelees word. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V18 | | 22 |
| 14 | Die geloofsbelydenis moet elke Sondag uitgespreek word. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V19 | | 23 |
| 15 | Daar moet rituele in die erediens wees. (Bv doop, nagmaal, skuldbelydenis) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V20 | | 24 |
| 16 | Daar moet simbole in die erediens wees. (Bv beeldende kuns, ikone soos die kruis) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V21 | | 25 |
| 17 | Elke erediens moet 'n duidelike Bybelse boodskap dra. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V22 | | 26 |
| 18 | Die betrokke Bybelteks wat gelees word, staan sentraal in die erediens. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V23 | | 27 |
| 19 | Die preek moet 'n uitleg en praktiese toepassing van die Bybelteks wees. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V24 | | 28 |
| 20 | Die verskillende elemente van die liturgie moet die Bybelteks ondersteun. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V25 | | 29 |
| 21 | Die liedere wat gesing word, moet verband hou met die Bybelteks en die preek. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V26 | | 30 |
| 22 | Liedere van kore en sanggroepe moet by die preek aansluit. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V27 | | 31 |
| 23 | Ek onthou ná die erediens wat die boodskap was. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V28 | | 32 |
| 24 | Ek bespreek die erediens met ander persone. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V29 | | 33 |
| 25 | Ek is opgewonde oor die erediens. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | V30 | | 34 |

***<u>Dankie vir jou tyd en samewerking</u>***

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

## HOOFSTUK 3

# DIE WERKENDE TEENWOORDIGHEID VAN GOD DRIE-ENIG IN DIE EREDIENS

### 1. AGTERGROND

Min is geskryf oor die *teenwoordigheid van God* in die erediens. Die volgende sou as moontlike verklarings daarvoor kon dien :

Enersyds word die erediens nie as ‘n werklike ontmoeting met ‘n lewende God beskou nie en sou dan hoogstens ‘n onderrig geleentheid wees wat Christelik-etiese waardes wil oordra of ‘n religieuse byeenkoms waar mense saamkom om die goddelike, bonatuurlike of mistieke te ervaar en selfs te vier.
Min Christene sou tot sodanige toedrag van sake gediend wees, hoewel dit hoe tragies dit ookal mag wees, dit waarskynlik op hierdie vlak is dat die erediens in ‘n groot mate funksioneer.

Andersyds sou die aanname bestaan dat die teenwoordigheid van God ‘n gegewe is. Die gereformeerde erediens waaroor dit hier gaan, word aanvaar ‘n ontmoetingsgebeure tussen die teenwoordige God en sy verbondsvolk te wees. (Heyns ongedateer : 22) Dit sou vir die doel van hierdie studie vreemd klink indien die moontlikheid kon bestaan dat God nie in die erediens teenwoordig is nie.

Laasgenoemde blyk die mees waarskynlike rede te wees. Tog is dit van die grootste noodsaak om werklik erns te maak met God se teenwoordigheid, aangesien dit die bepalende faktor blyk te wees vir die modus en inhoud van hierdie besondere samekoms van gelowiges. Dit roep om ‘n uiters verantwoordelike en teologies goed deurdagte benadering ten opsigte van die liturgiese inkleding van die erediens.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

NAVORSINGSRESULTAAT

| God is teenwoordig in die erediens<br>92% van die respondente in die empiriese ondersoek is met bitter min twyfel van oortuiging dat God in die erediens teenwoordig is. Die oorblywende 8% is in ‘n effens minder mate die mening toegedaan maar geeneen laat die moontlikheid dat God nie daar teenwoordig is nie. |
|---|

J A Heyns verbind die persoonlike geloofslewe en verkeer met God aan dié van die gemeente. Dit is gewoon so dat God die gelowige, op watter manier hy ookal tot geloof gekom het, nie net as indiwidu aanspreek in ‘n intieme en persoonlike geloofsverhouding nie, maar ook as ‘n integrale deel van sy volk wil ontmoet. Dit gebeur in die erediens. (Heyns ongedateer : 9)

In ‘n gemeenskap waar die Sondag oor die laaste tien jaar drasties gesekulariseerd geraak het en waar sport, ontspannings, en inkopie geleenthede onbeperk is, kry die ontmoetingsaard van God en gemeente al hoe meer betekenis. Sou God se teenwoordigheid die hoof motief wees wat gelowiges die kerkgebou laat binnestap, begin die werklike wese van die erediens in die lewe van die Godsvolk behoorlik deurbreek. Die behoefte wat op ‘n keuse uitloop om die lewende God saam met mede gelowiges te ontmoet eerder as om met die gewone daaglikse dinge besig te wees, is van die grootste betekenis vir die kerk. Dit plaas die inkleding van die erediens in die branding.

Heyns beweer dat die erediens mense in beweging sit ongeag hul persoon, stand, ouderdom, fisieke vermoë of wat ookal. Die eindpunt van dié beweging lê nie in hulleself nie, maar buite hulleself en in die rigting van die kerk.

> ... daar word die Woord van God gelees en gepreek, gebid en gesing, geloofsbelydenis afgelê en gekollekteer, doop bedien en nagmaal gevier. En terwyl al hierdie verskillende handelinge voltrek word, word ek daarvan bewus dat ek nie besig is om ‘n drama te aanskou wat hier voor my deur ‘n aantal uitstekende of minder geslaagde akteurs op ‘n verhoog opgevoer word nie. Ek kom onder die indruk dat die predikant met sy preek, die diakens

> met hulle kollektebordjies en die koor met hulle lied, afgewissel deur die sang van die gemeente, nie besig is met die afhandeling van 'n program waarin elkeen sy bepaalde rol na die beste van sy vermoë moet vertolk nie.
>
> Van hierdie gebeure in die erediens, wat inderdaad 'n drama in die mees oorspronklike sin van die woord genoem kan word, is ek geen toeskouer nie, maar self 'n *deelnemer.* Ek plaas geen masker op my gesig nie .... Ek speel geen rol nie .... Ek verskyn ook op geen verhoog nie. Deur die gebeure hier in die kerk en my deelname daaraan, word ek nie *iemand anders* nie, maar ek word myself – soos God my bedoel het.
>
> (Heyns ongedateer : 11,12)

Hiermee word die egtheid van die erediens beklemtoon. Dit is geen opgesmukte toneelspel of vermaaklikheidsgeleentheid nie. Dit is 'n *dinamiese gebeure* waar God en gemeente mekaar as lewende en betrokke partye in 'n verbondsverhouding ontmoet. En waar daar gevolglik iets besonders plaasvind.

Heyns sit sy argument voort :

> Wil ek dus maar iets begryp van wat hier plaasvind sal ek 'n oog, oor en hart moet kry om te verstaan dat die beweging in en rondom die kerk, nie 'n beweging is wat deur mense begin is nie. Inderdaad is so 'n menslik veroorsaakte beweging moontlik en tree dit dan ook dikwels in die plek van die ánder en egte gebeure. Die voet en die hand, die mond en die hart van die mens kan maklik in beweging gebring word, en 'n diep, of selfs minder diepe gemoedsaandoening kan maklik as 'n egte belewing van godsdiens aangesien word. Nie in hierdie oppervlakkige en dikwels kunsmatige opgewekte emosie is die ware diepte en rykdom van kerkgang geleë nie, maar dáárin dat die beweging wat onverbiddelik beslag lê op my ganse lewe en dit nie maar net laat meetril nie, maar ook laat meebeweeg, 'n God-veroorsaakte beweging is. Want dáárom gaan dit, dat ek in die kerk – die huis

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

> van die Here – nie onder die indruk sal kom van mense wat met hulle bekwaamhede in die voordrag- of sangkuns nie, maar iets mag gewaar van die grootheid en liefde van die Here van die huis. Agter die beweging wat in soveel verskillende gestaltes tot uiting kom : die *gang na* die kerk, die *deelname aan,* die mekaar opvolgende handelinge, die *ontroering* van die siel en die *gang van* die kerk met die vurige begeerte en vaste voorneme om daarheen terug te keer, staan niemand anders nie as die *lewende en handelende* God nie. En as ons dít nie meer of nog nooit besef het nie, dan het ons kerkgang ontaard in 'n niksseggende godsdienstige pligpleging. Hiér by die aanwesigheid van 'n handelende God, kry die erediens sy diepte en ryke sinvolheid. Hier sal ons ook moet begin as ons die God-veroorsaakte beweging in ons eie lewe en in dié van ander mense wil verstaan soos dit sy hoogtepunt vind binne die ruimte van die kerk.
>
> (Heyns ongedateer : 12)

Die vraag kan tereg gevra word :
*In watter mate is die erediens wat dit veronderstel is om te wees ?*

Om werklik by die kern daarvan uit te kom, is dit nodig dat ons sal begin om die goue draad van God se teenwoordigheid in die herkoms en geskiedenis van die erediens te gaan soek.

## 2. DIE EREDIENS : 'N HISTORIESE OORSIG

A C Barnard gee in sy gesaghebbende werk, Die Erediens 'n volledige uiteensetting van die pad wat die Christelike erediens voorafgaan en deur die eeue tot vandag toe volg. Vir die doel van hierdie studie word kortliks by sy hoof momente aangesluit met die klem op die wyse waarop uitdrukking gegee is aan die teenwoordigheid van God. Dit sou onverantwoordelik en selfs ondenkbaar wees om enigsins op die terrein van die liturgie te beweeg sonder om rekening te hou met die historiese herkoms van die erediens, soos ons dit vandag ken en in die toekoms wil inklee.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

## 2.1 DIE OU TESTAMENTIESE EREDIENS

- SELFOPENBARING VAN GOD

God openbaar Homself aan die mens as die enigste ware en lewende God. Dit word reeds geïmpliseer met sy eerste gesprek met Adam : "Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy." (Gen 2:16,17)
Hiermee het God Homself onderskei nie net as die sprekende God nie, maar ook as die Opperwese met totale mag. Sy volgende woord openbaar Hom as die Voorsiener wat aan die mens 'n hulp gee : "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." (Gen 2:18)

- DIE VERBOND

Sy skeppingshandeling gaan dan oor in 'n verbondshandeling waardeur God Homself kontraktueel aan sy skepping verbind. Dit hou nie net die belofte van sorg en seën vir die mens in nie, maar ook van die teenwoordigheid van God wat kulties tot uitdrukking kom in die godsdienstige rituele van die vroeë godsvolk. In hierdie rituele wat ook ontmoetings- of aanbiddingsgeleenthede genoem kan word, is God se teenwoordigheid nie van die illusies of verbeelding van die volk afhanklik nie. God maak Homself teenwoordig deur daar te wees. Hy maak Homself ook sigbaar teenwoordig deur bepaalde voorskrifte, wonderdade en simbole.

Herbert beskryf God se teenwoordigheid in die heilige ruimte van die tempel treffend : "For the Holy (qadosh) emphasizes the otherness of God, His transendence, inaccessibility, mystery, unapproachableness. It is precisely of that One that all parts of the Old Testament assert that He is "of Israel", "with" and "in the midst of" His people, and the last of these terms emphasizes the concreteness of the relationship with a word (qereb)." (Herbert A S 1959 : 5)

Barnard sluit wat hierdie aangeleentheid betref, by Procksch aan :

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

> Die Here woon nie alleen onder sy volk nie, maar sy teenwoordigheid in hulle midde kom veral tot uitdrukking in die diens van die volk by die tempel. Maar anders as by die omringende volke en by hulle kultusse, is die Here teenwoordig in die tempel sonder beelde. Die tempelkultus is 'n beeldlose kultus. Die Naam van die Here, as die uitdrukking vir sy geestelike teenwoordigheid , het wel-deeglik hier gewoon, maar dit kom tot uitdrukking in 'n beeldlose kultus. Dít was die beslissende krag van hierdie erediens.
>
> (Barnard 1981 : 71)

Sonder om in die detail besonderhede van elke kultiese handeling van die verbondsvolk in die tempel in te gaan, blyk dit nodig te wees om hier te vermeld dat die hele tempeldiens God se kennelike teenwoordigheid deurgaans geadem het. Dít was waartoe die volk elke sabbat opgeroep was en wat die priesters met hul liturgiese handelinge weerspieël het.

**2.2 DIE EREDIENS IN DIE NUWE TESTAMENT**

- DIE TEMPELDIENS

Die tempeldiens het 'n bepaalde invloed op die Christelike erediens uitgeoefen. Tog is dit belangrik om daarop te let dat dié invloed nie 'n oordra van sakrale rituele, offerdiens, besondere kleredrag en derglike elemente was nie, maar wel die aanbidding van en lof aan God wat die vervulling van die koms van Christus in die oog gehad het. Lukas beskryf by Luk 2:41-52 die besoek van Jesus aan die tempel toe Hy nog 'n kind was.

- DIE SINAGOGEDIENS

Maar dit was veral die sinagogediens (wat naas die tempeldiens bestaan het) wat 'n duidelike stempel op die Christelike erediens afgedruk het. Ons moet in gedagte hou dat Jesus self 'n Jood was en dat die dissipels en die volk onder wie Hy gewerk het, meestal Jode was. Die sentrale karakter van die sinagogediens was

inderdaad die koninkryk van God. Dit is presies waarby Jesus aangesluit het, maar waaraan Hy ook nuwe betekenis gegee het in sy talle leringe oor dié koninkryk. Tydens sy verhoor voor die hoëpriester spel Jesus dit duidelik uit : "Ek het in die openbaar met die mense gepraat. Ek het hulle altyd in die sinagoges en in die tempel geleer, waar al die Jode bymekaarkom ..." (Joh 18:20). By Luk 4:15 word vertel hoe Hy die mense daar geleer het en by Luk 13:10 word na nog so 'n geleentheid op die sabbat verwys.

By die sinagogediens tref ons 'n belangrike ontwikkeling in die rigting van egte aanbidding van die lewende en teenwoordige God aan in die sin dat dit sonder offers plaasgevind het. By die tempeldiens was dit egter anders.

Eersgenoemde het verder die karakter gedra van gemeenskaplike gebed en die lees van en onderrig uit die Torah. Ons tref dus hier die basis elemente van 'n dialogiese verkeer tussen God en sy volk aan. Die belydenis van die grootheid en enigheid van God het ook 'n belangrike plek in dié diens ingeneem. Dit het die gelowige Jode onderskei van hul bure wat lewelose afgode aanbid het.

- JESUS SE KOMS EN OPTREDE

'n Wesenlike element wat maklik misgekyk word waar dit kom by God se teenwoordigheid in die Nuwe Testamentiese erediens is die liggaamlike teenwoordigheid van Christus self. Met die inkarnasie van God se Seun het die almagtige God Homself op 'n buitengewone en misterieuse manier sigbaar teenwoordig gemaak in die midde van sy volk. Hy was ook daar waar hulle saamgekom het om in gesprek met God te tree. Daarin was Jesus vir die Nuwe Testamentiese gemeente meer as 'n voorbeeld. Hy was immers (en is steeds) Immanuel, God met ons. Natuurlik was Jesus nie oral liggaamlik teenwoordig waar sy navolgers in groepies (eredienste) byeen gekom het nie. Tog aanvaar ons dat sy teenwoordigheid in hulle midde 'n wesenlike teenwoordigheid van God by hulle tot gevolg gehad het. Sou dit die rede wees waarom Jesus by Mat 16:13 sy dissipels as't ware uitgelok het om sy Naam te bely ? En Petrus toe onder die beskikking van God self die eerste Christelike geloofsbelydenis kon uiter.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Jesus se instellingswoorde van die nagmaal plaas sy teenwoordigheid in die erediens op ‘n besondere manier in die kollig : “Toe neem Hy die brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde : ‘Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis.’ Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê : ‘Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word'.” (Luk 22:19-20)
Hier is nie net die verlossingswerk nie, maar veral die Persoon van Jesus belangrik. Hy plaas Homself as die volmaakte Offer midde-in die samekoms van die gemeente. Dit is nie ‘n blote feit nie, maar ook ‘n ervaring.

By Joh 16:33 kom die waarskuwing aan die dissipels en per implikasie ook aan die kerk : “In die wêreld sal julle dit moeilik hê ; maar hou goeie moed : Ek het die wêreld klaar oorwin.” Sou hierdie gerusstelling inspeel op die daadwerklike nabyheid van Christus by sy gestuurdes ? Sonder twyfel.

Matteus bied ‘n soortgelyke bron van hoop en troos : “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels : Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou : *Ek is by julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.”* (Mat 28:19-20)

Nader bepaal tot die samekoms van gelowiges spel Matteus die teenwoordigheid van Jesus ondubbelsinnig uit by Mat 18:20 : “... want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.” Hiermee word ‘n besondere dimensie verleen aan die gemeenskaplike samekoms van gelowiges, naamlik die sekere belofte dat Jesus te alle tye daar teenwoordig is. Dit impliseer dat Hyself die rede tot en middelpunt van dié byeenkoms is.

Barnard konkludeer met die volgende oor Jesus se teenwoordigheid in die erediens van die Nuwe Testamentiese kerk :

> Die byeenkoms van die eerste Christene blyk daarvan dat in alles hulle steeds gereken het met die teenwoordigheid van Jesus in die erediens. Hy was vir hulle die Een wat steeds weer in die

> middelpunt kom staan het. Die hele karakter en gesindheid van die byeenkomste het daarvan gespreek dat met sy teenwoordigheid gereken is. Hy was nie maar Iemand uit die verlede wat herdenk word nie, maar wat steeds teenwoordig geag as die besielende middelpunt van die onderlinge byeenkomste.
>
> (Barnard 1981 : 116)

Om van ‘n Christelike erediens te praat, beteken dus nie dat dit slegs ‘n byeenkoms met ‘n Christelike karakter is nie, maar dat alles wat daar gebeur om Hom, die nabye en teenwoordige Here draai. Hy het nie net ‘n belang daarby nie. Hy ís daar. So was dit vir die gelowiges van wie die Nuwe Testament ons vertel.

- DIE HEILIGE GEES AAN DIE WERK

Vir baie gelowiges is die Heilige Gees die teenwoordigheid van God in die wêreld. Dit is natuurlik waar, maar tog ook veel meer as dit. Volgens ons gereformeerde belydenisskrifte is die Heilige Gees een van die drie persone van die drie-enige God. Hy is dus ‘n persoon in eie reg.

Die Heidelbergse Kategismus vra by Sondag 20 Vraag 53 :

*“Wat glo jy van die Heilige Gees ?”* met die volgende antwoord : *“Eerstens is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Tweedens is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur ‘n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, (c) my troos (d) en ewig by my bly (e).*

Die Nederlandse Geloofsbelydenis plaas by Artikel 8 groot klem op die eenheid van die drie goddelike Persone :

*“Nogtans is hierdie drie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling gemeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie die vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese.*

*Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid."*

Die Nuwe Testament wil saam met die Ou Testament die goddelike Drie-eenheid so verstaan. Die wese van God en die wyses van sy handelinge wat sy bemoeienis met sy gemeente insluit, bly egter 'n groot misterie.

Tog is dit duidelik dat die Heilige Gees 'n besondere funksie het waar dit kom by die gemeenskap van die gelowiges. Hy is nie net die goddelike Persoon wat volgens die Heidelbergse Kategismus aan die gelowige die geloof skenk, hom laat deel kry aan al Christus se weldade, troos en ewig by hom bly nie. Hy wil al hierdie weldade en nog soveel meer waar maak ook waar twee of meer in die Naam van Jesus saam is.

> Ons kan nie dink aan die erediens sonder om meteen te dink aan die Persoon en werk van die Heilige Gees nie. Sonder die werk van die Gees is die erediens mensewerk en dood. Die hele Nuwe Testament beklemtoon die beslissende betekenis van die werking van die Heilige Gees en dit kom veral uit in die erediens as die samekoms van die nuwe gemeenskap en waar die nuwe lewe tot uitdrukking kom ; waar mense verander en vernuut word en waar die mense in aanbidding voor die Here kom.
>
> (Barnard 1981 : 118)

Die koms van die Heilige Gees op Pinksterdag as realisering van die belofte van Jesus het ingrypende gevolge vir die erediens. Hy is gestuur om die krag van God vir die lewe van die kerk te wees. Jesus het immers gesê : *"... julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."* (Hand 1:8)

Hierdie belofte is dramaties opgevolg met die uitstorting van die Gees. Die gevolglike verkondiging van die " ... *groot dinge wat God gedoen het."* (Hand 2:11) in verskillende tale wat aan die sprekers onbekend was, dui op die buitengewone

kragtige werking van die Gees in daardie besondere omstandighede. Dit moes vir die kerk van die Nuwe Testament (en daarna) as bewys dien van God se werking deur die Gees onder hulle wat ook in groepsverband na die lewe gelei wou word. Tog moet erns gemaak word met die feit dat hierdie eenmalige gebeure 'n unieke geleentheid was wat as stukrag wil dien vir die voortgesette werk van Gods Gees in die kerk en tydens die samekomste van die gelowiges.

Die apostel Paulus laat in sy briewe aan die gemeentes besonderlik reg geskied aan die wese en noodsaak van die Heilige Gees vir die lewe en werk van die kerk. Die volgende aanhaling is insiggewend in dié verband :

> In keeping with Paul's Old Testament roots, the presence of God by the Spirit also meant for Paul the powerful and *empowering* presence of God. We are not left on our own as far as our relationship with God is concerned ; neither are we left on our own to "slug it out in the trenches", as it were, with regard to the Christian life. Life in the present is empowered by the God who dwells among us and in us. As the personal presence of God, the Spirit is not merely some "force" or "influence." The living God is a God of power ; and by the Spirit the power of God is present with and for us.
>
> But in Paul, power is not to be thought of merely in terms of the miraculous, the extraordinary. Rather, because of his basic eschathological framework Paul understood the Spirit's power in the broadest possible way. On the one hand, the future had broken in so powerfully that signs and wonders and miracles are simply matter-of-fact (1 Cor 12:8-11 ; Gal 3:5) ; on the other hand, the Spirit also empowers for endurance in the midst of adversary (Col 1:11 ; 2 Cor 12:9-10) – and for everything else as we endure, awaiting the final glory, of which the Spirit is the guarantee.
>
> (Fee 1994 : 8)

Hoewel die Nuwe Testament nêrens 'n imperatief stel vir die saamkom van gelowiges nie, word dit in Christelike kringe sonder teenspraak aanvaar dat die

erediens 'n Gees -gedrewe en -geïnspireerde noodwendigheid vir die nuwe volk van God is. Telkens is dit 'n geleentheid waar God deur sy Gees aan die werk is om nie net mense in hul geloof saam te snoer nie, maar ook heeltyd besig is om te verander en te vernuwe en van daar af uit te beweeg in die wêreld. Vir die eerste Christene was dit so en vandag is dit steeds so.

- GESAMENTLIKE BYEENKOMSTE

Die volgende Skrifgegewens bied insiggewende inligting oor besondere gesamentlike byeenkomste en die inhoud daarvan :

LUKAS 24:13 vv – Die aand van Opstandingsondag is die Emmausgangers op pad met Jesus wat by hulle aansluit en hulle onderrig sonder dat hulle aanvanklik bewus is van sy identiteit. By die geleentheid vind die tafelgemeenskap op 'n natuurlike en spontane wyse plaas en word hul oë geopen.

JOHANNES 20:19 vv – Dieselfde aand is Jesus se dissipels agter geslote deure byeen. Skielik verskyn Hy tussen hulle met sy vredesgroet. Hy openbaar Homself aan hulle as die gekruisigde Christus waarna Hy hulle uitstuur met die boodskap van die vergiffenis van sonde.

LUKAS 24:36 vv – Die dissipels is weer bymekaar. Jesus verskyn weer en groet weer. Hy eet saam met hulle wat die tafelgemeenskap versinnebeeld. Dan bedien Hy hulle met die Woord en stuur hulle weereens uit na die wêreld.

HANDELINGE 2:42 – Die bekering en doop van die ongeveer drie duisend mense gaan dié teks vooraf. Hulle is die mense wat aan die volgende grondtrekke van die erediens voldoen het : Hulle het volhard ; hulle toegelê op die leer van die apostels ; onderling verbonde was ; die nagmaal gevier ; aan gebede deelgeneem het.

HANDELINGE 20:7 – Die dissipels was bymekaar, het "brood gebreek", en is deur Paulus onderrig.

1 KORINTIËRS 11:17 vv – Dit is 'n vermanende gedeelte waar Paulus die verkeerde gebruik van die nagmaal veroordeel en 'n korrektief bring op die wese van sodanige geleenthede. Christus se teenwoordigheid in die erediens en in die viering van die nagmaal moet reg verstaan en beleef word.

Bogenoemde en ander gegewens uit die Skrif help ons om die erediens soos wat dit in die Nuwe Testament gefunksioneer het, te verstaan.

- LITURGIESE ELEMENTE EN HANDELINGE

In die Nuwe Testamentiese erediens is daar nie sprake van 'n vaste of voorgeskrewe liturgie nie. Tog tref ons liturgiese elemente en handelinge aan en wel as spontane uitinge en belewenisse van die geloof in die gemeenskap van die gelowiges.

Barnard onderskei die volgende :

VASTE FORMULES – *Maranatha* (1 Kor 16:22), *Amen* (1 Kor 14:16), *Halleluja* (Op 19:1,,3,4,6), *Hosanna* (Mark 11:9 v), *Abba* (Rom 8:15)

DOKSOLOGIE – Waar die verheerliking van God en sy werk in die skepping voorop staan. (Rom 11:33-36)

EULOGIE – Die Hebreeuse dankgebed *(beracha).*

SKRIFLESING – In die sinagogediens het die lees van die Ou Testament 'n vaste plek gehad. Dit is in die tyd van die Nuwe Testament voortgesit. Jesus sê by Mat 5:17-20 dat Hy nie gekom het om die wet en die profete ongeldig te maak nie, maar juis om hulle hul volle betekenis te laat kry. In sy kommentaar oor die Matteus Evangelie laat Nielsen hom soos volg daaroor uit : “De inzet van deze grote passage spreekt over de wet (Thora) en de profeten (nebiiem) : twee van de drie delen van de Oude Testament en de belangrijkste. Hier worden ze gebruikt in de betekenis van het gehele Oude Testament. Tussen Matth. 5:17 en Matth. 7:12 staat de uitleg van de nieuwe wet.” (Nielsen J T 1878 : 103) Volgens hom maak

Jesus hier 'n kompulasie en toepassing van die hele Ou Testament en onderstreep die geldigheid en waarde daarvan vir die kinders van die nuwe verbond en die noodsaak dat dit voortdurend gelees en gepredik moet word.

Hoewel die Evangelies nog nie as kanon gefunksioneer het of selfs al ten volle te boek gestel is nie, het die briewe van Paulus van meet af as gesaghebbend gefunksioneer. Dit blyk uit die aandrang dat dit in die gemeentes gelees moes word : *"Wanneer hierdie brief klaar by julle voorgelees is, moet julle reëlings tref dat dit ook in die gemeente van die Laodisense voorgelees kan word ; en die een wat van Laodisea af sal kom, moet ook by julle voorgelees word."* (Kol 4:16)

Dit word sonder veel twyfel aanvaar dat Paulus se briewe aan die gemeentes as omsendbriewe gefunksioneer het. Die inhoud van sy sogenaamde Pastorale Briewe is ook as gesaghebbend deur die lesers hanteer en verkondig.

PREDIKING – Jesus begin sy bediening op aarde deur te preek : "Van toe af het Jesus begin preek en gesê : 'Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom'." (Mat 4:17)

Sy prediking was spontaan en by talle geleenthede en plekke soos langs die see, op straat, by mense se werkplekke ensomeer, maar ook formeel in huise, sinagoges en in die tempel. (Vgl Mat 4:23 ; 5:1 ; 9:35 ; 21:12 ; 26:55)

Die bron van Jesus se prediking was dikwels die Ou Testament wat deur Hom uitgelê is en toegepas is vir die nuwe omstandighede wat sy koms en werk bewerkstellig het. Daarom dan die talle verwysings en aanhalings gedurende sy prediking.

Die opdrag aan die apostels om met die prediking van die Woord voort te gaan, is Jesus aan hulle gegee : "Gaan verkondig : 'Die koninkryk van die hemel het naby gekom'." (Mat 10:7)

Nuwe Testamentiese prediking was meestal in die vorm van die homilie. Dit het nie net die goddelike waarhede aan die mense gebring nie, maar ook die oproep om daarop te reageer.

GEBEDE - Waar gelowiges byeen gekom het, is gebid. Ons onderskei gebede van danksegging, lofprysing, voorbidding, ensomeer. (Hand 1:14 ; 2:42 ; 4:31 ; 12:5, 12, )

Die Onse Vader gebed is deur Jesus aan die dissipels as kerngebed en voorbeeld gegee. Later het dit 'n liturgiese gebed geword.

SANG – Christene het met die liedere wat in die sinagoges gesing is, voortgegaan. Dit was veral Psalms. Daar is egter ook vrye liedere gesing. Van die begin af was die Christelike kerk 'n singende kerk (Mat 26:30 ; Hand 16:25 ; 1 Kor 14:26 ; Ef 5:19 ; Kol 3:16)

GELOOFSBELYDENIS – Ook hierdie gebruik spruit uit die sinagogediens. Hoewel daar nog nie sprake was van uitgewerkte en gestruktureerde belydenisse nie, kom dit tog voor in bepaalde formules uit die Skrif wat as sodanig in eredienste gefunksioneer het. (Ef 4:4-6 ; Fil 2:11 ; 1 Kor 12:4-6 ; 2 Kor 13:13)

DIE SEËNGROET – Aan die begin van die erediens is die goddelike groet uitgespreek. Dit mag wees dat die eerste Christelike gemeentes dit gedoen het in navolging van die gebruiklike aanvangsgroet in die Briewe van Paulus of dat hy dit in navolging van die gebruik in die gemeentes in sy briewe opgeneem het. Wie sal weet ?
(Rom 1:7 ; 1 Kor 1:3 ; 2 Kor 1:2 ; Gal 1:3 ; Ef 1:2 ; Fil 1:2 ; Kol 1:2 ; 1 Tes 1:1 ; 2 Tes 1: 2 ; Filem 1:3)

DIE SEËN – Die Nuwe Testamentiese gemeentes het nie los van hul wortels geleef nie. Daarom het die Ääronitiese seën sowel as die seën wat die Drie-eenheid uitspel, gefunksioneer. Dit was 'n ondubbelsinnige uiting van die teenwoordigheid van God wat ook handelend en seënend in die gemeenskap van gelowiges optree.

NAGMAAL – Jesus het die Joodse pasga ge-herinterpreteer met Homself as volmaakte offer. Hy het Homself as sodanig aan die kerk gegee en die mense ook aldus onderrig. Tydens die instelling van die nagmaal sê Hy : "Neem, eet ; dit is my liggaam." (Mat 26:26) Dit het verreikende implikasies vir die verstaan van Jesus se teenwoordigheid op aarde en in die erediens van die kerk. Dit is egter later op verskillende wyses deur die kerk verstaan. Maar vir die wese van die Nuwe Testamentiese erediens is dit genoegsaam om daarvan kennis te neem dat

die nagmaal gereëld gevier is, dat dit ‘n ernsige saak vir die gelowiges was en dat dit juis die nagmaal was wat hulle die teenwoordigheid van Christus laat beleef het. Was daar nie talle van hulle wat dieselfde Jesus na sy menswees geken en nagevolg het nie ?

DOOP – Jesus het self die opdrag tot die doop gegee. Aanvanklik was dit uit die aard van die saak die doop ná die bekering en die belydenis van die geloof. Gesinsdoop het waarskynlik nie uitgebly nie. Of die verbondsdoop soos ons dit ken, algemene praktyk was, is onduidelik. Volgens professor Adrio König sou dit ‘n latere ontwikkeling in die kerk wees aangesien die doop in die Nuwe Testamentiese kerk nie vrae na die verbondsdoop vra nie. (König 1983 : 124) In alle gevalle het die doop gefunksioneer as die teken van oorgawe aan Christus, die afwassing van sonde, die salwing van die Heilige Gees en die inlywing in die kerk. Dit is beleef as die sigbare teken van die genadewerk van Christus, hier en nou.

DIE HEILIGE KUS – Dit was die uitdrukking van innerlike vrede en eenheid tussen die gelowiges, veral rondom die nagmaal. (1 Kor 16:20 ; Rom 16:16 ; 2 Kor 13:12)

Leiding by eredienste is deur die apostels geneem, veral wat betref gebede en die prediking. Hulle is bygestaan deur die ouderlinge as opsieners en die diakens wat praktiese dienste verrig het. Tog het die erediens die karakter gehad van deelname deur almal.

## 2.3 DIE EREDIENS IN DIE VROEË KERK

Vir die verstaan van die erediens is die vroeë kerk van groot belang omdat ons hier te doen het met die gemeentelike- en aanbiddingslewe van die die vroegste Christene. Enersyds kan ons verstaan dat die wyse waarop gesamentlike Christelike byeenkomste plaasgevind het, ons rig op die noodsaaklike en mees elementêre trekke daarvan, maar andersyds mag dit ook nie ver-romantiseer word nie. Die kerk leef immers binne die bepaalde tyd van elke era en moet die mense van daardie tyd binne hul bepaalde omstandighede met die evangelie bedien.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Hoewel die erediens kontemporêr en relevant moet wees, mag dit put uit die geloofskatte van tye soos dié van die vroeë kerk.

- BRONNE

Aanvanklik is inligting rakende die inrigting van die erediens mondelings oorgedra. Eers later is gegewens op skrif gestel, maar selfs dit het fragmentaries behoue gebly. Daarom mag daar slegs met die grootste versigtigheid afleidings gemaak word rakende inhoude ten opsigte van die erediens en wat dan in later tye deur die kerk toegepas kan word.

Die volgende skriftelike bronne bied in ‘n mindere of meerdere mate inligting oor die erediens en die liturgie :

Die Brief van Clemens van Rome aan die Korintiërs, ongeveer 95 nC
Die sewe briewe van Ignatius van Antiochië, tussen 110 en 117 nC
Die Brief van Plinius aan keiser Trajanus, ongeveer 112 nC
Die Didache, tussen 100 en 150 nC
Die tweede brief van Clemens, middel 2e eeu
Die Apologie van Justunus die Martelaar, ongeveer 150 nC

Uit bogenoemde bronne kan ons die volgende saamgevatte beeld oor die erediens in die vroeë kerk kry :

Die gelowiges kom op die Sondag, die dag van Jesus se opstanding byeen.
Die Woorddiens en die nagmaalsdiens vorm ‘n eenheid.
Die voorstander of president neem die leiding.
Herinneringe van die apostels en die profete word gelees.
Voorbidding word gedoen. Die gemeente staan.
Die vredeskus vorm die oorgaan tot die nagmaal.
Brood en die beker met wyn en water word na die voorganger geneem.
Die voorganger doen die eucharistie gebed, lofsegging, gebed en danksegging. Dit geskied vry en word gerig tot die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Die diakens bedien die brood en die wyn en neem ook daarvan na die huise van diegene wat afwesig is.
Slegs die raamwerk van die diens word gegee en daar is nog geen voorgeskrewe teksgedeeltes of vasgestelde gebede nie.
Daar is wel orde, maar dit is eenvoudig.
Daar is 'n sterk invloed vanuit die Joodse diens.
Insameling van die aalmoese geskied aan die einde van die diens.
Die eucharistie is losgemaak van die agape.
Deur die eucharistiegebed word die brood en wyn verander in die liggaam en bloed van Christus, dit geskied deur Christus.

(Uit : Barnard 1981 : 159)

- DIE EERSTE DRIE EEUE

Die Nuwe Testamentiese erediens wat sy oorsprong in die sinagogediens het, is eenvoudig voortgesit en was van die allergrootste belang vir die gelowiges van die vroeë kerk. Dit was die hartklop van die gelowiges se geestelike lewe. Ondanks felle vervolging is met entoesiasme daarmee voortgegaan.

Woordverkondiging en nagmaalsviering was die twee groot en uitstaande elemente in die eredienste van die vroeë kerk. Dus was die spreke van God en die teenwoordigheid van Christus, uitgebeeld deur die nagmaal die kern waar rondom die erediens ingeklee is. Daarbenewens het elemente soos groet en antwoord, voorlesings en liedere, gebede en insameling van offergawes gefunksioneer.

Ons vind dus hier sterk trekke van 'n erediens met 'n dialogiese karakter waar God met sy gemeente in gesprek is.

## 2.4 DIE EREDIENS IN DIE RYKSKERK

Wesenlike veranderinge in die kerk gedurende die vierde eeu het ingrypende gevolge vir die erediens gehad en daarom blyk dit nodig te wees om dit kortliks hier te vermeld.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Die vroeë kerk het die karakter van 'n minderheidsgroep, vreemd aan die wêreld en dikwels vervolg, gedra. Christene was op God en mekaar gerig vir hul voortbestaan. Hulle het in eenvoud geleef en so het hulle ook aanbid.
Met die Edik van Milaan het daar egter vir die Christene vryheid van aanbidding aangebreek. Oënskynlik was dit 'n seën, want dit het nuwe moontlikhede vir die kerk geskep. Maar dit het ook noodwendig negatiewe gevolge gehad. Talle sekulêre gebruike is die kerk ingedra en die kerk het sy vreemdelingskarakter in die wêreld verloor. Daarmee is ook veel van sy unieke boodskap, krag en geloofwaardigheid ingeboet.

Op die terrein van die erediens is die invloed en nuwe gees sekerlik die ergste gevoel. Aanbiddingsgeleenthede het 'n mistieke karakter ontwikkel. Ware godsdiens het in 'n kultus ontaard waar rituele soos eksorsisme en salwinge plek gevind het. Die nagmaal het verander in 'n offer. 'n Duidelike onderskeid tussen die heilige en die profane het ontwikkel. Selfs in kerkgeboue is dié onderskeid gehandhaaf in die sin dat die gemeente eenkant byeenkom en die priesters anderkant met hul rituele en sogenaamde geestelike handelinge.

Die teenwoordigheid van God in die erediens was vasgevang in 'n sakrale atmosfeer wat wêreldvreemd was en vrees by die mense ingeboesem het. Baie klem het geval op die persone en posisies van die geestelike leiers wat meegebring het dat die fokus nie meer op God geval het nie. Verder het die wêreldvreemde kerklike rituele 'n gees van gewydheid, maar gerig op die liturgiese seremonies tot gevolg gehad.

> De kerk nam de cultuur in bescherming. Kerkgang was geen bedreigd waagstuk meer, maar toegejuichte burgerplicht. Al bleven de kernelementen dezelfde, uiterlijk kwam er van alles bij : het eerbetoon met kaarsen en wierook, de kleding ontleend aan de officiële gewaden, de begroetingen met knielen of buigen, de massale optochten, nu ook buiten het kerkgebouw.
>
> (De Jong 1980 : 57)

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Hoewel die kerk as gevolg van sy vryheid en staatsondersteuning floreer het, kon die mense God se stem nie meer duidelik hoor nie. Dit was verbloem agter 'n gemaakte menslike heiligheid waarvan die Bybel nie praat nie. Die liturgie het 'n doel op sigself geword.

## 2.5 DIE EREDIENS IN DIE OOSTERSE KERK

Die erediens het groei, ontwikkeling en standardisering beleef. Tog het vaste formules, die oordadige herhaling en formalistiese rituele behoue gebly. Binne die oud-Oosterse kerk het daar 'n paar veskillende liturgiese patrone ontstaan. Ons onderskei hulle deur hulle steeds te koppel aan die name van die persone waarrondom hulle totstand gekom het.

As voorbeeld dien die sogenaamde Markusliturgie :

Enarxis
Klein intog
Gebed, lied, gebed en trishagion
Brief
Alleluja en gebed van bewieroking
Evangelie
Gebede van gelowiges (Litanie)
Die groot intog
Cherubynse lied
Vredeskus
Niceense geloofsbelydenis
Gebed van prothesis
Die anafora

(Uit : Barnard 1981 : 204)

Dan is daar ook nog die Jakobusliturgie, Klementynse liturgie, Basiliusliturgie en die Chrysostomusliturgie.

Kenmerkend van dié ontwikkelingstyd in die kerk is die feit dat die liturgie die ganse kerklike lewe van die betrokke tyd weerspieël het. Die hele geestelike lewe en arbeid van die kerk het in die erediens weerklank gevind. Tog het daar saam met die groter eenheid wat in die Griekssprekende kerk ontwikkel het, ook stagnasie plaasgevind. Die swaar aksent op die ortodokse leer, besluite van konsilies, ou gebruike en tradisies het groei en ontwikkeling gekortwiek. Die erediens self is gekenmerk deur die aanbidding van die ontsagwekkende God en die misterie waarin Hy gehul was eerder as die God wat liefhet en sonde vergewe. Die wyse waarop die eucharistie hanteer is, het afstand en selfs vrees geskep. God is op 'n mistieke wyse aanbid waar die kerk nou reeds die ewige vergestalt. Geloofsbelewing was na binne gerig met geen appél op die lewe na buite nie.

Die liturgie was in 'n groot mate die dramatiese uitbeelding van die heilsgeskiedenis met die klem op die lyding van Christus. Gebede, liedere, seremonies en selfs die inrigting van die kerkgebou was daarop gerig. Oorbeklemtoning van die simboliek het die erediens sy lewenskragtigheid laat verloor. Die teenwoordigheid van God is oorskadu deur lewelose simbole wat op irrelevante sake dui. Byvoorbeeld is die mes waarmee die brood tydens die nagmaal gesny is, beskou as die lans waarmee Christus aan die kruis deurboor is. By die nagmaal verander die tekens in die liggaam en bloed van Christus en word dan as offer aan God gebied. Hiertydens was die gemeente passiewe aankouers terwyl die hele drama deur die priesters en die koor opgevoer is.

Die preek is as opsioneel beskou. Dit het God se stem stil gemaak terwyl die belewenis van die gans anderse hoogty gevier het. Uiteindelik het die liturgie verval in 'n formalisme wat telkens dieselfde was met slegs enkele variasies wat die liedere betref.

### 2.6 DIE EREDIENS IN DIE WESTERSE KERK

Op liturgiese gebied was daar vanaf die vierde eeu groot veranderinge en ontwikkelinge. Baie van die gees en karakter wat in die Oosterse Kerk aan die orde van die dag was, tref ons ook in die Westerse Kerk aan. Hoewel in 'n groot

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

mate wêreldvreemd, het die erediens vir die kerkganger 'n besondere bekoring gebied.

Barnard deel die liturgie in twee hoofgroepe, naamlik die Roomse-Noord-Afrikaanse liturgie en die Galliese liturgie. Eersgenoemde het 'n oorgangsposisie tussen die Ooste en die Weste ingeneem.

Daar was bepaalde verskille tussen die erediens van Oosterse Kerk teenoor dié van die Westerse Kerk :

| OOSTE | WESTE |
|---|---|
| Vaste liturgiese orde | Variasie in skriflesing, gebede en liedere |
| Oorvloedige beelde en woordryk | Kort, sober, ordelik |

Verskeie liturgieë het ontwikkel waarvan die Ordo Romanus Primus die belangrikste was in dié sin dat dit die diens deur die pous in Rome was. In baie opsigte was dit 'n model vir eredienste elders. Die neiging om uniforme dienste te hou het die sogenaamde Missale Romanum tot gevolg gehad. Hier volg 'n kort vermelding van hierdie uiters ingewikkelde en uitgebreide liturgie :

Voorbereiding
Antifoon, Psalm, Gebede, Seëning van die wywater, Adjutorium, Uitspraak oor sout en water, besprenkeling met wywater, Gebede.

Die Gebedsdiens
Introïtuslied, Seën, Gebede, Bestyging van altaar, Confetior, Absolusie, Sagte gebed, Kyrie Eleison, Gloria in excelsis, Doksologie, Seëngroet, Gebed, Collecta, Amen.

Die Woorddiens
Epistel, Graduale en alleluja, Gebed, Seëngroet, Evangelie gesing of gelees, Homilie, Geloofsbelydenis, Seëngroet, Gebed.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Die Offermis

Bereiding van offergawes : Aan God gewy, Offertorium, Brood en wyn aan God geoffer, Gebede, Bewieroking, Handewassing, Gloria Patri, Gebede, Offergebed.

Die Eucharistiegebed

Prefatio, Sanctus, Kanon van die mis, Instellingswoorde, Aaanbidding van die hostie en die bloed, Groot lofprysing, Onse Vader, Breek van hostie, Seëngroet, Agnus Dei, Gebede.

Die Offermaal

Priester eet hostie en dring wyn, Gebede, Kommunie, Gebede.

Danksegging na die Mis

Antifoon, Lofsang, Ps 150, Antifoon, Gebede, Vasstaande en wisselende dele (Ordinarium en Proprium), Viering van die mis.

(Uit : Barnard 1981 : 237 ; verkort)

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit duidelik dat die erediens in ‘n groot mate in rituele en formalisme verval het. Verder het die volksvreemde eredienstaal, Latyn geen betekenis- of verstaanswaarde toegevoeg nie. Tog is sommige van die elemente sinvol en positief beleef.

Vir bykans vier eeue was daar werklik geen ontwikkeling in die Westerse Kerk wat die erediens betref nie. Gedurende die einde van die 19$^{e}$ eeu en begin van die 20$^{ste}$ eeu was daar egter in die Roomse Katolieke kerk ‘n eerlike poging om bepaalde regstellings ten opsigte van die liturgie te maak. Die wêreldwye Liturgiese Beweging het daarvoor gesorg.

Dit was egter eers tydens die Tweede Vatikaanse Konsilie in 1963 dat die erediens werklik vernuwe is. Later het die lingua franca van elke streek die eredienstaal geword.

Hoewel die mis steeds as ‘n bloedlose offer gehou word, het veranderinge ten opsigte van skriflesing, liedere en rituele meer sinvol geword. Die erediens in die Westerse Kerk het meer nugter en betekenisvol geword. God se teenwoordigheid word nie meer streng sakraal en vasgevang in vaste rituele, beleef nie. Daar is ‘n groter vryheid en lewende geloofservaring waar God handelende met sy kerk besig is.

## 2.7 DIE EREDIENS TYDENS EN NA DIE REFORMASIE

Ongetwyfeld was die erediens sterk in gedrang tydens die Reformasie. Was dit nie veral teen die misbruik van die nagmaal waarteen al die reformatore dit gehad het nie ? Verder was die onverstaanbare Latynse taal ‘n steen des aanstoots wat ook grootliks gelei het tot allerlei dwaalleer deur die kerkleiers. Die Reformasie het die erediens in die branding gebring.

- MARTIN LUTHER

Dit was hy wat die vraag na God en die diens aan God nuwe betekenis gegee het. Luther het gesê : “Die woorde *‘Ek is jou God’* is die standaard en die maatstaf van alles wat gesê kan word oor die erediens.” ‘n Mens se Gods-begrip bepaal ook jou erediensbegrip. Luther sluit aan by die eerste gebod en verklaar dat indien ‘n mens die God van die Bybel bely en in Hom glo, jy ook saam met sy volk in gemeenskap met Hom leef. Dit begin by die erediens waar niemand toeskouers mag wees nie, maar deelnemers.

Hiermee het Luther die grondslag gelê vir die gereformeerde erediens wat deur hom gesien word as die werk van God tesame met dié van mense.

Om die talle misbruike in die erediens uit die weg te ruim, het Luther aan die Skrif en die prediking hul regmatige plek toegeken. Hy het gesê dat waar die Woord gelees word en daar gepreek word, daar is Christus teenwoordig. Nooit mag die persoon of vaardighede van die prediker die aandag steel nie, maar Christus staan sentraal waar Hy in die erediens teenwoordig is. Saam met Hom is die

gemeente ook teenwoordig. Daarom is die erediens ‘n saak van Woord en antwoord, dus ‘n dialoog tussen God en die gemeente.

> The presence of Christ in worship is a presence in the Word. The Word is that of oral preaching, for though present everywhere, Christ is comprehended in his Word. The Word is the essence of his presence, for through the Word proclaimed, all the works of God are revealed. And through the Word Christ comprehends himself in the sacraments. Since Christ’s presence in the Word is the place of his ‘presence-for-us’. His presence is related to his people and cannot be divorced ‘by itself’. As a matter of fact, the ministry is Christ’s continued activity on earth.
>
> (Vajta 1958 : 117)

Waarskynlik vanweë Luther se besondere liefde vir musiek, het hy veel gemaak van die kerklied as aanbidding tot en spreke met God deur die gemeente.

- ANDER REFORMATORE

By al die hervormers was die Woord van God sentraal sowel as die bewussyn van sy besondere teenwoordigheid in die erediens. Elkeen het egter ‘n eie besondere klem gelê en bepaalde bydraes gelewer op die weg van erediensvormgewing. Hoewel nie hier op elkeen se besondere aksente ingegaan word nie, kan die name genoem word van Zwingli, Bucer, Oecolampadius en Farel.

- JOHANNES CALVYN

Dit was veral tydens sy werk in Straatsburg en Geneve dat daar by Calvyn fenomenale ontwikkling in die erediensliturgie plaasgevind het. Netsoos by Luther en andere was die Woord die bepalende faktor. Dit was immers God-aan-die-woord waarop die gemeente telkens geantwoord het. Uiteindelik het Calvyn se liturgie soos volg daar uit gesien :

Votum (Ps 124:8)
Openbare skuldbelydenis
Vrye gebed om reg te luister
Skriflesing (NT) en preek
Huwelik, doop
Gebede vir siekes en armes
Algemene kerkgebed
Onse Vader in lang parafrase
Geloofsbelydenis
Sang (Psalm)
Seën (Num 6)
Nagmaal
Preek
Algemene kerkgebed
Geloofsbelydenis
Instellingswoorde
Vermaning
Konsekrasiegebed
Kommunie
Post-kommunie collecta
Seën

(Uit : Barnard 1981 :322)

In vergelyking met die Roomse Katolieke erediens, is dit duidelik dat ons hier by die reformatore met iets nuuts te doen het. Allerweë was dit 'n poging om weg te kom van dwaalleer en dooie, betekenislose rituele. Die erediens het waarlik 'n ontmoetingsgebeure tussen God en sy gemeente geword. Daarvan getuig die liturgiese elemente en orde.

## 2.8 DIE GEREFORMEERDE EREDIENS

Ná Calvyn het die erediens en naderbepaald, die liturgie 'n verdere ontwikkelingspad gegaan. Dit het in Engeland en Skotland, maar veral in Nederland gebeur waar verskillende sinodes bepaalde besluite oor die erediens

geneem het. Gemeentes het dit graag geïmplimenteer. Talle liturgiese formuliere het die lig gesien en is te boek gestel. Tog was die liturgie op losse voet en daar is ook lustig mee geëksperimenteer. Die prediking het die oorwegende klem gedra en was meestal erg intellektueel.

Die liturgiese bewussyn van laat 19$^{e}$ en 20$^{e}$ eeue het egter aan die erediens 'n nuwe verrykte dimensie verleen. Dit is ook in Suid-Afrika voortgesit.

Uiteindelik is daar tot 'n standaard erediens liturgie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gekom wat baie duidelik die karakter van 'n dialoog tussen God en gemeente vertoon :

Votum
Seëngroet
Lofsang
Voorlesing van die Tien Gebooie/Wet
Verootmoediging en skuldbelydenis
Genadeverkondiging (en soms retensie)
Sang
Gebed om die opening van die Woord/epiklese
Skriflesing
Preek
Sang (opsioneel)
Lees van die nagmaalsformulier
Sang (opsioneel terwyl die tafel gereed gemaak word)
Geloofsbelydenis
Gebed om seën by die nagmaal
Bediening en kommunie
Lofprysing
Dankseggingsgebed
Offergawes
Sang
Seën

(Handboek vir die Erediens 1988 : 11)

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Enkele geringe variasies is moontlik met of sonder die nagmaal.

Hoewel hierdie redelik vaste erediens liturgieë bepaalde betekenis en inhoud aan die erediens verleen, word dit dikwels as doods, vervelig en irrelevant beleef. Dit is veral die geval in 'n nuwe kreatiewe en innoverende 21ste eeu waar erediensgangers vanuit die post-modernisme dink, voel en leef. Nie net word daar op die belewenisvlak gefunksioneer nie, maar daar word ook gesoek na egtheid en deurleefdheid in hierdie besondere ontmoeting met God. Dit is waarskynlik op hierdie vlak dat die groot uitdaging ten opsigte van die erediens lê. Steeds moet die liturg getrou bly aan sy roeping en opdrag om getrou aan die Woordteks te bly en die erediens al hoe meer 'n werklike ontmoeting tussen God en gemeente te laat wees.

Een van die struikelblokke wat waarskynlik oorkom moet word, is die moontlike wanpersepsies by sommige lidmate ten opsigte van die wese en betekenis van die erediens. Dit sou 'n bepaalde invloed op hul verwagting van en gevolglike deelname aan die erediens hê.

NAVORSINGSRESULTAAT

Belewenis van God se teenwoordigheid in die erediens

50% respondente beleef God se teenwoordigheid baie intens in die erediens. 20% meen dat hulle God se teenwoordigheid nie eintlik daar ervaar nie.

Verstaan van die liturgie

Meer as 'n kwart van die respondente erken dat hulle die liturgie nie verstaan nie. 40% meen dat hulle dit wel verstaan.

Variasie ten opsigte van die liturgie

85% respondente is gemaklik daarmee dat die liturgie nie elke Sondag dieselfde is nie. Vir 45% is dit belangrik dat daar variasie sal wees terwyl slegs 5% sterk daaroor voel dat dit vas moet wees.

| |
|---|
| Die Wet en Geloofsbelydenis in die erediens<br>Met 56% voel die respondente sterk daarvoor dat die Wet en Geloofsbelydenis deel van die liturgie moet uitmaak. Slegs 3% is van mening dat dit weggelaat kan word en 40% wil dit darem soms daar hoor. |

**3. GOD IS TEENWOORDIG. HOE ?**

Met 83% lidmate wat meer as twee maal per maand die erediens bywoon en minder as 1% wat nie God se teenwoordigheid daar beleef nie en geeneen wat beweer dat God nie daar teenwoordig is nie, wil dit voorkom asof God se teenwoordigheid een van dié groot sin-gewers vir die erediens is.

Uit die oorsig oor die liturgiese ontwikkeling vanaf die vroegste tye is gesien dat daar werklik met die gemeenskap van die gelowiges erns gemaak is, veral omdat dit nog altyd geglo is dat hierdie byeenkomste in die teenwoordigheid van God plaasvind.

Die wesensvrae is egter :

Hoedanig is God in die erediens teenwoordig ?

Is sy teenwoordigheid dáár anders as elders ?

Is ‘n erediens moontlik sonder die teenwoordigheid van God ?

Hoedanig beïnvloed Gods teenwoordigheid die erediens en die liturgie in die besonder ?

Die belofte uit Matteus 18: 20 wil ‘n bepaalde dimensie aan die groot misterie van God-by-ons gee :

*“...want waar twee of drie in my Naam bymekaar is, daar is Ek by hulle.”*

Natuurlik het dié teks nie net die erediens in die oog nie, maar dit óók. Die klem val nie net in die besondere teksvers nie, maar ook in die hele perikoop op die saamwees van gelowiges en die feit dat God by hulle is wanneer hulle saam is. Jesus het immers dissipels en apostels saamgeroep en hulle eventueel saam met

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

ander uitgestuur in die wêreld om 'n nuwe volk vir Hom te vergader. God werk kollektief met mense en sodanig ontmoet Hy hulle ook.

- DIE HEILIGE GEES IS DIE WAARBORG DAT GOD DAAR IS

Vir opregte Christene en alle mense uit die wêreld om eerlik en sonder bybedoelings die kerktrappies op te stap, is inderdaad die werk van die Heilige Gees. Soveel te meer die gebeure tydens die diens.

> Paulus het na alle waarskynlikheid die erediens of gemeentelike samekoms in gedagte, wanneer hy in Efes 5:18-20 skryf :
>
> Moet julle nie aan drank te buite gaan nie ; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul en sing onder mekaar psalms, lofgesange, en ander geestelike liedere ; sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.
>
> In die lig van Efes 5:18-20 mag die erediens dus nooit ontaard in 'n vorm van ontvlugting nie. Dit is wel 'n geïnspireerde, feestelike byeenkoms waar mense onder die invloed van die Heilige Gees, God loof en prys, maar dit het nie 'n mistieke aard nie. Wanneer mense in geestelike "dronkenskap" weggevoer raak in indiwidualistiese vroomheid en blind raak vir die mense rondom, is hulle moontlik met geestelike jolyt besig, maar beslis nie met die erediens nie.
>
> (Müller 1990 : 3)

Omdat die Gees die outeur van die erediens is, is dit vir die gemeente so-'n ernstige en verantwoordelike saak. Die liturg moet in sy voorbereiding en optrede deeglik daarvan bewus wees. Müller noem die erediens heel tereg die "Fees van die Gees", maar ook die "Fees van die Gemeente".

- JESUS CHRISTUS IS DIE TOONBEELD VAN GOD-MET-ONS

Jesus is nie die ver-af Persoon wat op sy beste die objek van bespreking in die erediens is nie, maar die teenwoordige Here voor wie se oë ons saamkom, wie se Woord ons hoor, vir wie ons aanbid en onder wie se seën ons tuiskom. (Stählin 1975 : 169)

Jesus se teenwoordigheid in die erediens vind sy vertrekpunt in die feit dat God sy verbondsvolk in die tempel ontmoet het. Met die koms van Jesus en sy optrede by groepe mense, het God Homself op ‘n unieke wyse in hul midde teenwoordig gemaak.

Dit was op weg met die Emmaüsgangers en sy maaltyd saam met hulle waar die kerk steeds ‘n betekenisvolle teenwoordigheid van die opgestane Jesus saam met mense beleef en allerweë wil voortdra na geleenthede waar God mense ontmoet. (Luk 24:13-35)

Tydens die instelling van die nagmaal het sy vleeslike teemwoordigheid nuwe betekenis gekry wat nie met sy hemelvaart opgehef is nie. Hy het immers belowe : “Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” (Mat 28:20b)

Dit is in die erediens waar die evangelie in sy volle reikwydte verkondig word dat Jesus Homself as die Middelaar tussen God en mens aanbied en waar Hy sy eiendomsvolk ontmoet. Om dus van ‘n sinvolle erediens te praat, moet daar met die werklike goddelike teenwoordigheid van Jesus rekening gehou word. In samehang hiermee moet die Woord waardeur God spreek, die erediens bepaal.

## 4. DIE BELEWENIS VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID

Of die gemeente God se teenwoordigheid beleef, is ‘n nuwe vraag.

NAVORSINGSRESULTAAT

Respondente het op ‘n 5-punt skaal as volg op die volgende vrae gereageer : (1-laag ; 5-hoog)

| | | |
|---|---|---|
| 1. God is teenwoordig in die erediens. | 1 | 0% |
| | 2 | 0% |

| | | |
|---|---|---|
| | 3 | 8% |
| | 4 | 23% |
| | 5 | 69% |
| 2. Ek beleef God se teenwoordigheid in die erediens. | 1 | 0% |
| | 2 | 1% |
| | 3 | 15% |
| | 4 | 35% |
| | 5 | 49% |

Vraag 1 gaan oor die feit of die respondent glo dat God in die erdediens teenwoordig is en vraag 2 oor sy belewenis daarvan.

Hoewel daar ‘n duidelike korrelasie tussen die twee resultate is, is daar ook verskille. Waarom beleef al die lidmate nie in dieselfde mate die feit dat God daar is nie en waarom strook die feit ook nie met die belewenis nie ?

Natuurlik is alle menslike belewenisse subjektief van aard en word ook deur ‘n menigte faktore beïnvloed. God se teenwoordigheid is ook nie afhanklik van menslike belewenisse nie, tog maak dit baie saak. Mense woon immers ‘n erediens by om kognitief, konatief, en affektief hierdie unieke ontmoeting ten volle te ervaar.
Ongetwyfeld het die gebou, mede lidmate, musiek, en naderbepaald die liturgie asook talle ander faktore bepalende invloede in hierdie ontmoeting. Sonder om hierdie en talle ander belangrike aangeleenthede gering te skat, is die doel van hierdie studie om God se teenwoordigheid asook die belewenis daarvan te gaan soek in sy spreke, naamlik sy Woord en die funksionering daarvan in die liturgie.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

# DIE EREDIENS, DIE WOORD EN DIE MENS

## 1. BYBELSE VERANTWOORDING

‘n Prediker in die gereformeerde tradisie is daartoe verbind om die Woord en slegs die Woord te verkondig. (Greidanus :1970) Met die instemming tot die *Nederlandse Geloofsbelydenis* verklaar hy immers :

> Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig.
> Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is.
> Hulle het ook bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind. (NGB Art 5)

en

> Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe is, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die heilige Skrif geleer word nie – ja, al was dit ook ‘n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8). (NGB Art 7)
> (Handboek vir die Erediens 1988 : 156)

Die Skrif getuig self daarvan :
“Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.” (Hebr 4:12)

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

"Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor : As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is ; en as iemand die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel van die boom van die lewe en van die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is." (Openb 22:18-19)

Gerhard Ebeling plaas groot klem op die rol van die Bybel in die kerk : "There is no Christian Church which does not acknowledge in principle the authority of the Bible." (Ebeling 1980 : 32)

Dit geld ook vir die litugie. Oor die herontdekking van die Bybel vir die liturgie tydens die *Liturgiese Beweging*, skryf Fenwick en Spinks soos volg :

> This has been a wider application of a Reformation principle.
>
> 1. Liturgically – the Liturgy of the Word has been recognized as an essential part of the eucharist. There is a wider and more systematic use of the Bible.
> 2. Theologically – A greater change of scriptural concepts and emphases has been incorporated (for example, more stress on the work of the Holy Spirit). Liturgical preaching - linking Christocentric emphasis to the liturgical context – has emerged. (As a result there has been less moral or dogmatic preaching in the Roman Catholic Church) The intention is to let scripture mould the local community. There is a concern that a full range of scriptural themes be reflected in the Church's worship.
>
> (Fenwich & Spinks 1995 : 7,8)

NAVORSINGSRESULTAAT

Vir 90% respondente moet die erediens 'n duidelike Bybelse boodskap dra. Die res staan egter nie negatief teenoor die boodskap van die Bybel in die erediens

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

nie. Niemand wat aan die ondersoek deelgeneem het, wil 'n erediens sonder die Bybel hê nie.

Hoewel al die kerke uit die gereformeerde tradisie en talle ander Christelike kerke dit eens is dat die Woord van God nie net die bron teks vir die prediking moet wees nie, maar dat die Woord sentraal staan in die liturgiese verloop van die erediens, is die besondere hermeneutiek van wesenlike belang. Selfs ook wat die bedoeling van bogenoemde aangehaalde tekste sou wees.

## 2. HERMENEUTIESE EN HOMILETIESE ORIËNTASIE

Die prediking van historiese tekste is geen eenvoudige of geringe saak nie. Kerke se leer staan of val by die wyse waarop dit gedoen word en die geskiedenis het talle kerkskeurings opgelewer as gevolg van verskille in benaderings ten opsigte hiervan. Die huidige wêreldwye debat oor 'n aangeleentheid soos homoseksualiteit is 'n sprekende voorbeeld. Dit geld egter nie net vir die teologie as wetenskap en naderbepaald die prediking nie, maar ook vir die liturgie as sin-gewer aan die hele erediens. Die wyse waarop die Woord in die erediens funksioneer, hang ten nouste saam met 'n bepaalde kerk se *Skrifbeskouing* asook die besondere wyse *van verstaan* van die teks. Daarmee saam gaan natuurlik ook nog die agtergrond, persoonlikheid, opleiding, oortuigings, vermoëns en vaardighede van die prediker. Dit is dus 'n teologiese, hermeneutiese en kommunikatiewe aangeleentheid.

Vir die doel van hierdie studie word aanvaar dat binne die gereformeerde tradisie ons dit eens is dat die Ou en Nuwe Testamente beskou word as synde die Woord van God te wees wat noodwendig die verstaan, funksie en belewenis van die hele erediens bepaal.

Kortliks word gewys op enkele belangrike benaderings ten opsigte van die hermeneutiek :

### 2.1 ONBEVANGE, NAÏEWE BENADERING

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Die hele Bybelteks word gesien asof deur God self ingegee. Die menslike faktor is passief of hoogstens 'n 'onwillige' werktuig van God. Elke woord en letterstrepie het goddelike gesag. Daar word uitgegaan van die fundamentele ooreenkoms tussen die denke, die eksistensiële geloofs- en lewenservaringe van die mense in die teks en van die lesers van die teks sonder enige historiese afstand. Hiervolgens is die houding van die leser reseptief en uiters gehoorsaam sonder enige kritiese bevraagtekening van die teks as sodanig.

Dit word dus moontlik vir die leser om God se wil te ken omdat dit moontlik is om sy Woord te ken soos wat Hy dit aanvanklik sou bedoel het. Daarvolgens kry Gods wil gestalte in ons lewens hier en nou. Interpretasie van die teks sou die Bybel ernstige geweld aandoen asook die gemeente in die grootste verwaring laat.

Hierdie benadering wat gladnie rekening hou met die huidige konteks of enige literêre ontwikkelinge, argeologiese fondse of wetenskaplike kennis nie, sou uiters *fundamentalisties* wees. Dit is jammer om te erken dat verskeie instansies in die Christendom in die verlede en selfs tans die Woord op hierdie vlak hanteer. Nogtans moet ons toegee dat Gods Woord, omdat dit 'n dinamiese en lewende Woord is, homself ook op hierdie onbevredigende wyse kan laat ken.

## 2.2 EKSEMPLARIESE BENADERING

Hierdie benadering het waarskynlik uit die liberalisme van die 19$^{e}$ eeu met sy sterk klem op die persoonlikheids idee, ontwikkel. Dit kom daarop neer dat die verskillende Bybelkarakters as voorbeelde voorgehou word van godsdienstige en Christelike deugde wat nagevolg moet word. So word bepaalde plekke, gebeure en omstandighede ook hanteer. Vandaar dus 'n ietwat oordrewe *moraliteit en peïteit*. Hoewel talle Bybelfigure genoeg rede bied om as rolmodelle te dien, sou 'n slaafse en eng navolging van sodanige idee 'n verskraling van die ryke Bybelse boodskap wees. Aan die ander kant is voorbeelde tydens 'n preek goed bruikbaar om aandag te prikkel, onduidelikhede op te klaar, te oortuig, te stimuleer en op te som. 'n Verdere gevaar is dat dit fragmentering van tekste tot gevolg kan hê en dat die besondere figuur van sy of haar plek in die res van die Bybel losgemaak word. Grijdanus wys daarop dat 'n persoon soos Abraham ook in historiese

geskrifte soos die Koran, Book of Mormon en die geskrifte van die kerkvaders voorkom. (Grijdanus 1970 : 69) Psigologisering, spiritualisering en tipologisering kan ook as slaggate voorkom, meen hy. Verder leen hierdie benadering hom tot *historiese parallelisering* van die teks wat uiters onbillik ten opsigte van die huidige konteks sou wees.

Wat die liturgie betref, kan hierdie soort hermeneutiek meebring dat nie net die preek nie, maar ook die erediens inkleding tekens vertoon van al die gevare soos hierbo uitgewys en nog baie meer. So byvoorbeeld kan die Wet as offer funksioneer soos dit aanvanklik deur God aan die verbondsvolk voorgeskryf is sonder dat die vernuwende werk van Jesus as volmaakte offer die Wet herinterpreteer en dit gevolglik ook liturgies in 'n nuwe perspektief geplaas behoort te word.

Tog kan bepaalde winspunte van 'n eksemplariese aard met vrug in die erediens aangewend word, mits daar deeglik met die nuwe konteks rekening gehou word.

### 2.3 HEILSHISTORIESE BENADERING

Dié benadering het rondom 1930 en daarna 'n staanplek in die teologiese wetenskappe begin kry. Hoekstra, een van die voorstaanders van die heilshistoriese benadering verduidelik dit treffend :

"The history of redemption is so extremely important because God realizes his counsel and reveals his thoughts in the historical facts." (Hoekstra 1926 : 353)

Die heilshistoriese benadering soek dus God se woord in sy *verhaal van handelinge met mense en dinge* deur die gang van die tyd. Die Bybel vertel daardie verhaal.

"Deze historie is daarom van zo groot belang, omdat de revelatie Gods in deze wereld, ook in deze zondige wereld na de val, niet a-historisch of boven-historisch is, maar, al heeft deze relevatie met de eeuwige dingen te doen, in die tijd ingaat en in de feiten van de tijd Gods plan uitwerkt." (Dijk 1955 : 199)

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Heilsgeskiedenis is dus die ware en feitelike geskiedenis wat God in die wêreld totstand bring. Dit is in die historiese tekste beskryf waaruit dogmas en etiese kodes verwoord word. Wanneer die prediking vanuit hierdie vertrekpunt en werkswyse benader word, word die aard van die preek sowel as die liturgie waarin die preek ingebed lê, daardeur bepaal. So sou die narratiewe preekwyse byvoorbeeld 'n nuttige vorm wees waarvolgens die boodskap heilshistories verwoord kan word. Die hele erediens liturgie kan ondersteunend en uitbouend daarop inspeel. Omdat God "verhalend" oor tyd in die werklikheid besig is, kan sy besig wees ook "verhalend" verwoord word om sodoende die gemeente te begelei sodat hulle Hom in hul eie leefwêreld kan herken.

## 2.4 VERSTAANSMATIGE WOORD BENADERING

Dit was Gerhard Ebeling wat op voetspoor van Heidegger, Nietzsche en Gadamer die "verstaan-van-die-Woord" gedagte vanuit die hermeneutiek benader het. Laasgenoemde sien werklike verstaan van 'n teks as die oormekaarskuif van die horisonne van die skrywer en die leser met die leser se eie konteks as vertrekpunt. Ebeling voer dié gedagte verder deur in te fokus op die verskynsel van verstaan as 'n *Woord-gebeure*. Vir hom is die Bybel die Woord van God en ook die enigste manier waarop God die mens ontmoet. Dit vind plaas in 'n ontologiese verstaansproses waar taal die sleutel tot verstaan is. God is die sprekende God wat deur die historiese teks spreek. Die hermeneutiese arbeid is die proses wat daardie spreke verstaanbaar moet maak. Die Woord wat meegedeel word, is 'n noodsaaklike Woord waardeur God Homself bekend maak en wat tot die mens se saligheid dien. Die mens kan dit hoor (verstaan) of nie hoor (nie verstaan) nie. Hoewel die prediking die gestalte van dié Woord is, vereng Ebeling nie God se spreke net tot die prediking nie. Daar is tog ook ander vorme van die Woord. (Pieterse 1979 : 64)

Hierdie benadering hou besondere waarde vir die liturgie in, aangesien die hele erediens 'n sinvolle en verstaanbare gebeure as dialogiese ontmoeting moet wees. Dit is ook 'n gebeure waar God nie net in die prediking nie, maar in talle

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

ander elemente sprekend en handelend sinvol besig is. Die erediens mag egter nie in ‘n intellektuele en retoriese oefening verval nie.

### 2.5 TEKSTUELE KOMMUNIKATIEWE BENADERING

Hier word veral gefokus op die *dialektiese kommunikatiewe benadering* van Paul Ricoeur soos ondersteun deur onder andere Roland Barthes en Paul Beauchamp.

Ricoeur begin sy verstaansproses met taal en wel as diskoers asook tekens en simbole wat heenwys na ‘n buitetalige werklikheid. Die grondbeginsels hiervan is die voortgaande dialektiek van struktuur en gebeure. Nadenke en interpretasie staan voorop. Die fenomenologie, eksistensialisme, taalkundige teorie, psogoanalise en teksteorieë is die raamwerke vanwaar uit hy die proses van verstaan benader. Kreatiewe verbeelding, droom, metafoor, ritueel, mite, narratief en ander skeppende tegnieke word aangewend in die proses van kommunikasie en verstaan. Daarin vervul taal ‘n uiters belangrike funksie. (Vaessen : 1997 : 67)

Ten spyte daarvan dat Ricoeur nie vanuit die teologie dink nie, gee hy as gelowige filosoof aan die gelowige lees van die Bybelteks ‘n besondere plek. Al bestaan daar ‘n substansiële historiese en kulturele afstand tussen die teks en die huidige konteks, is hy daarop uit om juis die teks te laat spreek. Dié spreke het ten doel om die geloof in ‘n proses van verstaan te herontdek. Die groot uitdaging waaraan die hermeneutiek moet voldoen, is om die betekenisafstand wat tussen die antieke teks en die leser (hoorder in geval van die erediens) bestaan, te oorbrug. Dit het ‘n wisselwerking tussen sy geloof en sy denke in die verstaansproses tot gevolg. Die voorveronderstellinge wat die leser ten opsigte van sy geloof het en sy verstaan van die teks werk op mekaar in. Die leser moet verstaan sodat hy kan glo, maar hy moet ook glo sodat hy kan verstaan.

> In die verstaansproses moet daar nie oppervlakkig na tekste alleen gekyk word nie. Die teksprobleem is ‘n verstaansprobleem wat in ‘n groot mate die situasie van die leser/hoorder raak. Een van die wortels van die verstaansprobleem is die hedendaagse gevoel van betekenisverlies wat algemeen heers. Die probleem

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

> van die prediking kan byvoorbeeld nie gehanteer word sonder om ‘n verskynsel soos dié in berekening te bring nie. In die preek moet daar sin vir die hoorder se bestaan ontdek en gegee word. Op dié manier kan daar bestaansvernuwing en toewyding plaasvind.
>
> (Vos 1995 : 39)

Homileties gesien, beteken dit dat die preek volgens Ricoeur daarop gerig is om geloof te stig, uit te bou en te versterk. Die opdrag van die homileet is dus niks anders nie as om ten spyte van historiese en kulturele afstand asook ‘n groot mate van teksvervreemding die teks duidelik vir die hoorder te laat spreek.

Daar bestaan ‘n wesenlike paradoks tussen die antieke teks en die kultuur van die huidige tyd. Daarom mag die verstaansproses nooit eenvoudig of oppervlakkig benader word nie. Alle meganismes moet in werking gestel word om by wyse van ‘n diskoers die teks en die hoorder bymekaar uit te bring. Die teks én sy boodskap moet opnuut tot die hoorder kom in ‘n formaat wat betekenisvol, verstaanbaar en deurleefbaar is in ‘n eietydse konteks, taal en kultuur. Dit maak toegang tot God en kommunikasie met God moontlik. Hierin vul God sy besondere ruimte waaruit die hoorder se bestaan verruim en verlig word. Die funksie van die preek as religieuse rede is onder andere om die hoorder se ervaringe in die lig van die Woord rigting te gee. Die preek vestig die hoorder op God en sy koninkryk. Daar word vir hom ‘n nuwe wêreld ontsluit wat hom by ‘n keuse tot lewensverandering en –vernuwing moet uitbring. Vir Ricoeur is betekenisvolle verstaan ‘n gebeure tussen leser/hoorder en die teks self. Dit vind plaas wanneer daar interaksie tussen hierdie twee entiteite is. Verklaar en verstaan is interafhanklik. Die taak van die prediker en sy preek is om ‘n verstaansproses tussen die hoorder en die teks te bewerkstellig. Dié verstaansproses het geloof in die oog.

Die diskoers waarvolgens teks en hoorder by mekaar uitkom, is vertellend en verhalend van aard. In hierdie narratiewe proses verdwyn die verteller wanneer die gebeure en/of die verhaal aan die woord kom. Die gebeure waarvan hier sprake is, is dikwels God self of sy werke. Deurentyd word die hoorder in relasie tot God en sy verhaal tot selfverstaan begelei.

Tesame met sy groot nadruk op die narratiewe, speel metafoor en simbool 'n uiters belangrike rol vir Ricoeur. Nie alle Bybeltekste is narratief van aard nie, maar die hele Bybel is immers 'n verhaal wat van God en sy koninkryk vertel. Daarom is prediking in verhalende vorm naas ander vorme 'n uiters geskikte modus waarop die besondere verhaal by die hoorder tuisgebring kan word. Om die betekenis verder uit te bou, bied metafore en simbole wat reeds in die religieuse voorkennis van die hoorder bestaan sowel as dié uit sy eie leefwêreld geskikte en noodsaaklike boodskapdraers. Dit wat op hierdie wyse oorgedra word, is baie meer as feitekennis. Dit speel in op die ervaringswêreld van die hoorder.

> Die eintlike taak van die hermeneutiek is (daarom) nie om die kulturele raamwerk van die mite af te breek nie, maar om die bevryding van die betekenispotensiaal wat in die mite van die simbool opgesluit lê, te bewerk. Daarom kan die krag en effek van simbole nie genoeg benadruk word nie. In die geloofsgemeenskap is daar die geloofsimbole en in die preek is daar simbole soos brood en wyn wat 'n wêreld van genade en vergifnis be-teken. In die simbole sit daar 'n meervoudige krag wat die hoorder versterk.
>
> (Vos 1995 : 43)

Vos gaan voort deur daarop te wys dat metaforiese spreke nuwe wêrelde vir die hoorder open. Dit is hande wat die preek na hom dra en verrassings omdat hy nie werklik besef wat dit vir hom inhou nie. Dit raak ook nie maklik geyk nie. Die preek word dan 'n eksistensiële ervaring.

'n Uitdaging vir die prediker is om die hoorder se afstand vanaf die teks en die vreemdheid ten opsigte van die teks raak te sien en te oorbrug. Dan eers kan die hoorder die boodskap van die teks verstaan. Ricoeur maak ook 'n groot saak daarvoor uit dat daar geen kortpad na die verstaan van die teks is nie. Dit vra 'n geduldige afwagting en 'n aktiewe besig wees met die teks totdat die bedoeling uiteindelik deurskemer en al hoe meer helder word. Betekenistoeiening is in die woorde van Vos 'n groeiproses. (Vos 1995 : 48) Dit impliseer verder dat die leser

en sy eie wêreld by die wêreld van die teks betrek moet word. So verbreed die teks sy verstaans- en bestaanshorison en hervorm gevolglik sy werklikheid.

Hierdie studie is daarop gerig om dié uitkomste van hermeneutiek en homiletiek ook liturgies te verantwoord en toepaslik aan te wend in die erediens. Dit is dus duidelik dat die tekstuele verstaansbenadering soos deur Ricoeur uitgewerk, 'n besondere bydrae tot liturgiese sin-gewing behoort te maak.

Die waarde daarvan is dus nie tot Skrifstudie en die preek beperk nie, maar gee ook nuwe betekenis met oneindige perspektiewe aan vir die hele erediens liturgie. Wanneer die liturgie reg verstaan word, is dit haas ondenkbaar om die vrug van die hermeneutiek en die homiletiek nie behoorlik te laat inspeel op die erediens liturgie nie. Alle erediens elemente behoort hul sin en oorsprong in die Woord van God te soek en gevolglik in diens te staan van 'n sinvolle tweegesprek tussen God en sy gemeente.

NAVORSINGSRESULTAAT

Vir 15% respondente is dit nie so belangrik dat die Bybelteks sentraal in die erediens moet staan nie.
Die ander 85% kom kerk toe om deur 'n besondere teks aangespreek te word.

Die preek moet ook nie los staan van die Woord nie.
In min of meer dieselfde verhouding soos hierbo, meen deelnemers dat die preek 'n uitleg van die Skrifteks moet wees.

Daar kan aanvaar word dat die besondere boodskap vanuit die preekteks soos deur die preek uitgelê, 'n besondere impak op erediensgangers het.
80% persone meen dat hulle ná die erediens die boodskap goed onthou.
Nie een deelnemer dui aan dat hy met niks daar uitstap nie. Vir 20% vervaag die boodskap gou.

Die getuieniskarakter van die erediens lyk so bietjie anders as die verstaan van die boodskap, maar is steeds baie verblydend.

| |
|---|
| 1.5% persone deel gladnie die preek met ander nie.<br>45% doen dit soms.<br>33% deel dit dikwels met ander persone.<br>20% vertel op gereëlde grondslag vir ander van die boodskap wat hulle Sondag in die kerk ontvang het. |

Uit bogenoemde navorsingsresultate is dit duidelik dat die wyse van verstaan van die teks en die manier waarop dit oorgedra word, van die uiterste belang is. Lidmate is steeds ontvanklik vir die Woord van God. Dit is hul erns om hul lewens daarvolgens te rig. Alle meganismes en tegnieke moet dus aangewend word om die ou en getoetste Skrifwoord nuut, betekenisvol en toeganklik by die hoorders uit te bring. Wie die hoorders is en hoedat hul wêreld daar uitsien, is netso belangrik as dit wat in die Bybelteks staan.

## 3. DEELNEMERS HERMENEUTIEK

Die nimmereindigende uitdaging wat die liturg altyd mee moet deel, is om die antieke teks van die Woord nie net in die prediking nie, maar ook in die hele erediens bevatlik in die leefwêreld van die deelnemers te laat tuiskom. Daarom word gepraat van *deelnemers hermeneutiek* eerder as van *hoorders hermeneutiek*. Hierdie klemverskuiwing sal duidelik word na gelang daar na die aard van die hedendaagse erediensganger en sy manier van funksionering gekyk word.

Wetenskaplike, staatkundige, tegnologiese en talle ander ontwikkelinge wat oor eeue strek, laat die mens nooit onaangeraak nie. Die leefwêreld van mense in die ontstaanstyd van die antieke Bybeltekste verskil hemelsbreed van dié van vandag. So ook die wyse waarop mense funksioneer. Tye van groot ontwikkelinge soos die Aufklärung in Europa, die industriële rewolusie in Engeland en dramatiese gebeure soos die twee wêreldoorloë in die vorige eeu het ingrypende invloede op mense, hul omstandighede en geloof.

Kundiges tref die onderskeid tussen pre-modernisme, modernisme en post-modernisme om daarmee te poog om menslike denkwyses, ervarings en gedrag

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

te probeer evalueer en verklaar. Die huidige kulturele situasie staan oor die algemeen bekend as die postmodernisme. Hoewel bepaalde tendense waarneembaar is, is dit nie so eenvoudig om bepaalde tipes te identifiseer nie. Die mens bly uniek en ewig aan die verander. Aan die ander kant weet ons dat die Prediker dit ook reg het wanneer hy sê dat daar niks nuuts in die wêreld is nie en dit wat kom, ook reeds was. (Pred 1:9)

In ‘n referaat oor die sogenaamde nuwe hervorming meen die toekomskundige, Piet Muller dat die straalvliegtuig en geboortbeperking die twee dinge is wat die grootste impak op die mens die afgelope eeu gehad het. Eersgenoemde het volgens hom die mens in die “global village” ingelui en laasgenoemde het aan die vrou ‘n totaal nuwe rol met verreikkende implikasies in die samelewing toegeken. Verder weet ons dat nuwe kommunikasie- en rekenaar tegnologie asembenemend is en ‘n enorme invloed op ons werklikheid het.

Feit bly staan, die hedendaagse erediensganger is iemand met ‘n besondere en andersoortige samestelling (make-up). (Sien ook Hoofstuk 1) Daarmee moet deeglik rekening gehou word veral omdat hierdie studie eerder meervoudig as enkelvoudig na die erediens kyk.

### 3.1 POST MODERNE INVLOEDE

Sonder om te vereenvoudig, kan daar tog bepaalde karakteristieke trekke by die mens van die 21$^{ste}$ eeu bespeur word wat van algemene aard skyn te wees. Dit is aangeleenthede wat nie net by die preek as sodanig in berekening gebring moet word nie, maar by die erediens as geheel.

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar nou kortliks by Janse van Rensburg aangesluit in sy evaluasie van die tipiese post moderne mens. (Janse van Rensburg 2003 : 11-19)

- ONSEKERHEID

Ontnugter deur die twee wêreldoorloë se vernietigende effek en die onvermoë van die modernisme om 'n utopia in die samelewing te skep, keer die mens filosofies terug na die denke van Nietzsche en Heidegger. Die bestaan van God word bevraagteken en waardes word afgesterf. Daar bestaan geen absolute sekerhede nie, veral nie wat sy toekoms betref nie. Dit plaas die mens midde-in 'n identiteitskrisis. Ten spyte van hierdie gevoel van onsekerheid, is daar by die mens die intense soeke na sekerheid. Daarom moet die boodskap van Christelike hoop veral in hierdie tyd effektief verkondig word.

- VITALITEIT

Omdat alles so onseker en tydelik is, moet die lewe ten volle geleef en geniet word. Janse van Rensburg wys op die Vodacom advertensie waar gemeld word dat elke mens ongeveer 2,200 biljoen sekondes het om te leef en 'n baba van die teatertafel spring, steeds verbind aan die naelstring, maar met vreugde op die gesiggie. (joie de vivre) Die obsessie oor die lewe gaan gepaard met luide en polsende musiek, die kuns is uitdagend en die sport opwindend en gevaarlik. Godsdienstig funksioneer die mens ook so. Die erediens moet deelnemend wees, die prediking lewendig en verkieslik narratief. Erediensgangers is nie hoorders nie, maar deelnemers. Hulle moet daartoe beweeg word deur allerlei tegnieke en oorreding.

- KRITIES

Ou waarhede en gebruike word krities en met agterdog bejeën. Vandaar die vraagteken oor die maagdelike geboorte en opstanding van Christus. In die soeke na waarhede word die deur geopen vir ander, vreemde waarhede van ander godsdienste en kerke. Daar word maklik van een oortuiging na 'n ander beweeg en nuwe insigte duur ook nie lank nie. Lojaliteit bestaan amper nie meer nie.

- 'GLOBAL'- HOLISTIES EN KONTEKSTUEEL INDIWIDUALISTIES

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

'Globalism' het nie net te doen met beter en wêreldwye kommunikasie by wyse van film, televisie, radio, internet, selfone ensomeer nie, maar ook met die afbreek van vaste en hiërargiese orde en strukture. Nuwe (vreemde) lewenswyses wat veral op materialisme gebou word, word as model nagehou en nagestreef. Rolmodelle uit die sekulêre wêreld met geen Bybelse grondslag of waardesisteem is die voorbeelde wat nageleef word. Hierdie drang om 'n wêreldburger te wees, het ook 'n teenkant. In 'n poging om die eie indiwidualisme uit te leef, word weg beweeg van enige vorm van gesag. Dit sluit in ouerlike gesag, kerklike leerstellings, kulturele tradisies en burgerlike pligte.

- HEEL-BREIN GEORIËNTEER

Hoewel daar steeds 'n sterk komponent van liniêre denke bestaan, is die post moderne mens grootliks op geïntegreerde breinfunksies gerig. Prediking moet eerder metafories-narratief oorkom en die erediens minder gestruktureerd. Daar moet min of selfs geen sprake wees van liturgiese orde. Spontane en vrye wyses van oordrag word verkies bo vaste vorme en struktuur. Dogma maak plek vir ervaring. Eredienste wat 'werk' is aanvaarbaar en nie dié wat teologies 'korrek' is nie.

- VORM EN MAG GENEGEER

Universele waardesisteme word in twyfel getrek. Die enigste legitieme mag is om die mag van vaste strukture af te breek. Status en mag lê nie meer in outoritêre gesag nie.

Vir die kerk beteken dit dat kerklike besluite en die uitsprake van leraars nie meer saak maak nie. Die prediking het ook in 'n groot mate sy gesag verloor. Die erediensganger sal hoogstens die boodskap in sy eie konteks plaas en daaruit neem wat vir hom goed is of aanstaan. "So sê die Here" - word nie meer allerweë aanvaar nie.

Dit alles dui op 'n groter klem op die informele. Die preek moet 'oop' wees vir herinterpretasie en kan dus vir onderkeie mense verskillende betekenisse hê.

- HERINTERPRETASIE VAN SEKSUALITEIT

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Nuwe klem op feminisme en die jongste debat rondom homoseksualisme is klaarblyklik duidelike eksponente van post moderne denke. Selfs in vaste tradisionele godsdienste soos Islam en Judaïsme raak die nuwe benadering ten opsigte van seksualiteit kontroversiële kwessies.

Janse van Rensburg vra die vraag of daar steeds vanuit tekste soos Efesiërs 5 gepreek kan word dat die man die hoof van die vrou is en of daar steeds op hierdie tydstip aan tieners oor Bybelse seksualiteit gepreek kan word. Is dit ‘n geval dat die prediking baie meer diskreet moet wees oor hierdie sensitiewe aangeleenthede ?

Janse van Rensburg wil dat daar deeglik kennis geneem word van die sogenaamde post moderne mens en sy besondere leefwêreld en –wyse wat in talle opsigte teenoor die weg van die Bybel staan.

Dit stel ‘n geweldige eis aan die hermeneutiek om ou geykte Bybelse waarhede reg te verstaan en ook in hierdie komplekse en teenoorstaande nuwe wêreld te verklank.

Post moderne denksisteme plaas egter die liturgie opnuut in die kollig. Hoewel die huidige konteks veel te sê het vir die prediking, bly die preek steeds in ‘n groot mate ‘n kognitiewe oefening. Daarom kan en moet die totale liturgiese ritueel die uitgangspunt en besondere instrument wees om nie net lering te doen nie, maar van die hele erediens ‘n godsdienstige ervaring te maak. ‘n Herontdekking van en nuwe benadering ten opsigte van die erediens liturgie is dus noodsaaklik. Die uitdaging voor ons is dat die Bybelse boodskap in die nuwe post moderne omgewing moet tuiskom.

‘n Geldige vraag is egter of ons wêreld op hierdie stadium werklik so post modern is as wat ons dink.

Waarskynlik verkeer die kerk tans in ‘n oorgangstyd waar tradisionele denk- en leefprosesse steeds van belang is terwyl nuwe tendense deeglik verstaan en na behore verdiskonteer moet word. Dit maak die proses van die erediens nog meer kompleks.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

### 3.2 INVLOED VAN DIE MEDIA, KUNSTE, SPORT, TEGNOLOGIE ENSOMEER

Die kerkganger van die 21$^{ste}$ eeu leef in 'n opwindende wêreld waar netwerke interaktief meewerk om menings te vorm en lewenstyle neer te lê. Die waardes en norme van die samelewing is lankal nie meer op 'n enkelvoudige kerklik-Christelike basis geskoei nie. Veral nie in 'n sekulêre bestel soos dié waaraan ons tans in Suid-Afrika aan gewoond raak nie. Media soos byvoorbeeld die internet bring onbeperkte kennisbronne in elke huis in.  In Hoofstuk 1 is in redelik breë trekke op die nuwe wêreld waarin ons leef, ingegaan. Die effek daarvan op die denk- en ervaringswêreld van die kerkganger is egter van wesenlike belang. Dit moet in die erediens verreken word ten einde die evangelieboodskap bevatlik by die mens te laat tuiskom. Hy is as gevolg van die komplekse wêreld waarvan hy deel is, nie net meer 'n luisteraar wat die Woord hoor en daardeur aangespreek word nie. Hy moet na sy besondere aard as totale mens in die erediens geakkommodeer word. Hy funksioneer multisensories en moet sodanig gestimuleer word. Indien nie, sal die boodskap eenvoudig nie tref nie.

Die Sondag nadat die Cheetahs die Curriebeker gewen het, het 'n gemeente in Bloemfontein byvoorbeeld 'n erediens rondom daardie besondere oorwinning gehou waar sommige van die spelers en talle ondersteuners teenwoordig was. Die leraar het onder andere 'n rugbytrui aan gehad. Die mense van Bloemfontein was vasgevang in 'n euforie rondom 'n sport gebeurtenis wat hulle op daardie stadium meegvoer het. Natuurlik kan so-'n erediens baie maklik totaal ontspoor en in 'n katastrofe ontaard. Tog kan dit met die nodige oorleg en sensitiwiteit besonder geslaagd wees. Ten minste het die leraar die situasie verstaan en dit ook benut in die sin dat hy die erediensgangers tydens hul 'high' evangelies kon meevoer. Te midde daarvan moet daar egter met eerlikheid en integriteit met die Woord en die erediens omgegaan word.
Bogenoemde is 'n voorbeeld van die groter werklikheid waarin mense leef en die geleentheid om die Bybelse boodskap (en die erediens) daarmee te versoen.

## HOOFSTUK 5
## LITURGIESE SIN-GEWING

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Die erediens is die geleentheid waar die gemeente saamkom om hul gemeenskaplike geloof in God te vier. Hulle doen dit daar waar God self op 'n besondere wyse teenwoordig is en aan die hand van bepaalde aktiwiteite wat ons die *liturgie* noem. Vos verstaan onder die woord *liturgie* ".... die samekoms van God se volk as hoor-, leer-, terapeutiese en feesgemeenskap. By hierdie samekoms ontvang en vier God se volk die heil wat Hy skenk." (Vos 1997 : 6)

## 1. LITURGIE : SO VERSTAAN ONS DIT

Hierdie is 'n studie oor liturgie en die woord en begrip het tot hier toe telkens voorgekom. In Hoofstuk 3 is die ontwikkelingsgang van die erediens bespreek met die grootste klem op die liturgie. 'n Volledige uiteensetting van die gereformeerde erediens liturgie soos deur die Algemene Sinode van die NG Kerk besluit, is ook verstrek. Hoofstuk 4 het probeer om reg te laat geskied aan die hermeneutiek, homiletiek en die deelnemerskonteks ten einde by 'n *sinvolle verstaan* van die liturgie uit te kom.

Tog is dit weereens nodig om seker te maak wat presies met die begrip *liturgie* bedoel word.

> In die teologiese teorie (wat hier ontwikkel word), word daar 'n teologiese fondament gelê waarop die liturgie as 'n lieflike woning kan verrys. In hierdie woning kan God en mens mekaar ontmoet. Dáár kan die mens God se heil ontvang en vier, dáár kan God Hom verbly in die mens se lof, dank en diens aan Hom. Verder kan mense mekaar dáár as broers en susters ontmoet en behandel.
>
> (Vos 1997 : 29)

Vos brei hierop uit :

> Die begrip "liturgie" is 'n teologiese konsep. Dit druk die aanbidding van die vergaderde gemeente tot God uit in die samekoms van die *ekklesia* – diegene wat uit die wêreld geroep is

> om hulle geloof en vertroue in Jesus Christus as hul Verlosser en Heer te plaas. Dit neem die vorm van 'n diens aan God aan waarin die Heer lewend teenwoordig is op grond van sy belofte en deur die werk van die Heilige Gees. 'n Ontmoeting tussen God en sy gemeente kan daarom plaasvind in die gebeure van die liturgie. Die gebeure vind plaas in die modus van 'n dialoog tussen God en sy gemeente deur die rubrieke of elemente van die erediens heen.
>
> (Vos 1997 : 118, 119)

En verder :

> Die liturgiese gebeure is die uitdrukking van die gemeente se geloof, gevoelens en ervaring van veranderde lewens deur die verlossing in Christus, maar die liturgiese gebeure affektueer ook verandering in hul lewens. Liturgiese gebeure geskied ook by transformasies in mense se lewens soos by belydenisaflegging van geloof, die huwelik, bevestiginge in die amp en begrafnisse.
> Sentraal in ons liturgie staan die prediking van die Woord van God, en die sakramente van doop en nagmaal. Hierdie liturgiese handelinge bemiddel die heil in Christus en is kragtig in Sy hand by die verandering van ongeloof tot geloof en die vorming van 'n nuwe lewe – hoe langer hoe meer.

Bogenoemde aanhaling wat as 'n definisie beskou kan word, dui op 'n groter openheid wat die liturgie betref. Dit begin om weg te beweeg van 'n vaste vorm van handelinge na 'n meer *kreatiewe en dinamiese benadering*. Dit verteenwoordig 'n veel ruimer beskouing as byvoorbeeld dié van prof Attie Barnard (Barnard 1981 : 52) en vaste liturgiese modelle soos deur sinodes bepaal.

In sy doktorale proefskrif behandel J A Laubscher verskeie *variante* van liturgiese modelle wat as keuse opsies beskikbaar is ten einde groter diversiteit in die erediens teweeg te bring (Laubscher 1987). Dit neem egter nie weg dat die liturgie dan steeds in 'n groot mate geïnstitusionaliseerd bly nie. Kerke behoort enersyds

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

op grond van hul dogmas bepaalde lyne neer te lê waarvolgens die erediens ingeruim behoort te word en andersyds groter openheid te laat vir die Woord om nuut en vars in die konteks van die gemeente aan die woord te kom.

Op sy beurt praat Müller van *“hoekstene” en “boustene”* waar dit kom by liturgiese elemente. Eersgenoemde (soos aanvang en groet ; verootmoediging en vryspraak ; prediking ; sakramente ; antwoord ; wegsending) is groter elemente wat vasstaan. Laasgenoemde is kleiner elemente waaruit die hoekstene saamgestel word en kan varieer in vorm en inhoud. (Müller 1990 : 52-57) Hierdie siening probeer ‘n middeweg vind tussen totale vryheid en genoegsame vastigheid ten einde die erediens nie sy tradisionele karakter te laat verloor nie, maar nogtans kreatief en aanpasbaar te wees.

NAVORSINGSRESULTAAT

Meer as 70% van die respondente meen dat hulle die funksie van die liturgie in die erediens verstaan.

Op die vraag of die liturgie elke Sondag presies dieselfde moet wees, het hulle soos volg op ‘n 5-punt skaal gereageer :

| | | |
|---|---|---|
| 1 | - | 19.12% |
| 2 | - | 26.47% |
| 3 | - | 38.97% |
| 4 | - | 10.29% |
| 5 | - | 5.15% |

(“1” verteenwoordig *stem gladnie saam nie* en “5” verteenwoordig *stem ten volle saam.*)

Uit die navorsingsresultate blyk dat ‘n beduidende getal (45%) respondente variasie in die liturgie toegedaan is. ‘n Verdere beduidende groep is die mediaan, naamlik 39% terwyl 15% meer konserwatief na die liturgie kyk. Die feit dat elke groep ‘n redelike getal verteenwoordig en dat daar nie ‘n sterk oorwig na een kant is nie, dui op ‘n bepaalde verstaan en sekere verwagtinge van die liturgie.

**2. ONLANGSE ONTWIKKELINGE**

In Hoofstuk 1 is reeds gewys op die betekenisvolle rol wat die sogenaamde *Liturgiese Beweging* gedurende die 20ste eeu gespeel het en wat inderwaarheid tans nog voortgaan. (White 1989 : 13-35). Dit word nie hier herhaal nie.

## 2.1 INSIGGEWENDE TENDENSE

Marcel Barnard wys 'n paar *tendense* uit wat 'n merkbare invloed op die erediens liturgie het. (Barnard & Schuman 2002 : 14-27) :

- OPBLOEI VAN RITUELE EN SIMBOLE

Dit is opmerklik hoedat daar in verskillende lande en kulture nuwe belangstelling en deelname in herdenkingsgeleenthede van gebeure en volksfeeste is. Dit is vol rituele en simbole. Hier plaaslik is die groot sukses van verskeie Afrikaanse kunstefeeste 'n sprekende bewys daarvan. Daar is 'n groot belangstelling in kultuur aangeleenthede. Woorde, handelinge en dade is nie net meer beperk tot hul nuttigheidswaarde nie, maar kry groter en ruimer betekenisse. Teologies verstaan, bring rituele en simbole God en mense se wêrelde bymekaar uit. Barnard wys daarop dat protestantse liturgie altyd die primaat van skriftuurlike betekenissisteme bly. Rituele en simbole sowel as metafore staan in diens daarvan.

- INTERFERENSIE VAN VERSKILLENDE BETEKENISSISTEME

Die westerse kultuur is tans besig om vinnig van 'n hiërargiese na 'n meer netwerk-georiënteerde styl te beweeg. Indiwidualsme speel hierin 'n belangrike rol. Daar bestaan nie meer iets soos één dominante betekenissiseem wat eertyds die kerk, of die Bybel of iets dergliks was nie. Genoemde betekenissisteme funksioneer nou op een lyn met ander soos kuns, museum, meditasie, werk, vriende, familie, sport, vrye tyd, ensomeer. Elkeen van hierdie betekenissisteme het sy eie bepaalde invloed op die indiwidu se verstaan. Dit plaas die erediens en die liturgie in 'n nuwe, deelnemende en mededingende rol.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

- INEENSKAKELING VAN KUNS EN LITURGIE IN EEN DOMEIN VAN VERBEELDING

Die fenomenoloog, Gerardus van der Leeuw was die groot pleitbesorger vir 'n groter integrasie van die mens se onderskeie lewensverbande. Godsdiens, plesier, werk en plig moes veel nader aan mekaar kom. Vir die kerk wat uit die evangelie leef, moet bogenoemde en alle ander elemente van menslike lewe in die liturgie saamkom. Die mens met sy kultuur en sy kultus word herkenbaar in sy simboliese vermoëns, aan sy verbeelding. Die erediens liturgie moet dus in sy ritueel-simboliese perspektief beskou word. Dit moet die ganse mens met al sy kultuur elemente akkommodeer.

- HERKONTEKSTUALISERING VAN DIE LITURGIE

Rites en simbole is deur oorlewering aan tradisies verbind. So byvoorbeeld word die doop en die nagmaal al vir 2000 jaar deur Christene gevier, maar op verskillende wyses na gelang van die gemeente se besondere tradisie. Elke ritueel wat deel van die erediens liturgie uitmaak, moet kontekstueel verantwoord word. Daarin speel nie net die betekende saak 'n belangrike rol nie, maar ook die onmiddelike huidige konteks. Hoewel die konteks roep om vernuwing, is dit opmerklik dat daar 'n teruggrype is na ou tradisies. Dit vind egter selektief plaas en die ou tradisies word dikwels ge-herinterpreteer. Kontekswisseling kom selfs voor waar oer-oue rituele weer in gebruik geneem word. Dit is ook waar dat liturgiese rituele 'verkerklik' word in die sin dat dit eiendomlik aan die kerk word. Omdat kerklike tradisies so sterk is, kan liturgiese inhoude selfs kontra-kultureel bestaan en oorleef. In ons post moderne tyd is kultuur immers 'n pluralistiese begrip en sterk indiwidueel bepaald.

**2.2 KULTURELE ONTWIKKELING**

In aansluiting by bogenoemde bring Ben de Klerk 'n besondere perspektief op die liturgie vanuit die denke oor *kultuurskuiwe* in die samelewing (In : Barnard & Schuman : 2002). Hy benader dit ten opsigte van 'n bepaalde konteks tewete die

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

sogenaamde Afrika Renaissance, ‘n breinkind van president Thabo Mbeki en opvolg van die reënboog nasie-idee van Nelson Mandela. Die konfrontasie met die westerse manier van leef, veroorsaak onsekerheid by die Afrikaan wat hom laat terugval op ou godsdienstige rituele, gebruike en gelowe. Die oplossing lê vir De Klerk in die begrip *transformasie*. Hy wil versoenbare Afrika-kultuur elemente laat inspeel in Christelike heilswaarhede. Dit moet liturgies plaasvind. Bybelse liturgiese inhoude hoef nie prysgegee te word nie en vermenging met tradisionele Afrika godsdienste moenie plaasvind nie. Die liturgie moet menswaardigheid herstel, versoening bewerkstellig, verbeeldingryk wees en Afrika-simbole kreatief en betekenisvol benut. De Klerk is van mening dat die liturgie ‘n besondere transformerende krag kan uitoefen op die proses van die Afrika Renaissance. Hierdie proses het nie net staatkundige, ekonomiese en maaskaplike oogmerke nie, maar ook geestelike, morele en kulturele. Vaste, maar aanpasbare Christelike liturgiese beginsels het hiervoor onskatbare waarde.
Met hierdie insig open De Klerk ‘n nuwe wêreld van liturgiese moontlikhede in ‘n besondere kulturele konteks, dié van die nuwe en ontwikkelende Suid-Afrika. Missionêr bied dit vir die kerk oneindige geleenthede waarin betekenisvolle liturgie ‘n onskatbare verskil kan maak.

Geen erediens vind in ‘n kulturele vakuum plaas nie. Daarom is tradisionele sowel as ontwikkelende kultuurgoedere tesame met die omvattende Bybelse boodskap rigtinggewend vir godsdienstige handelinge soos die erediens.

**2.3 KOMMUNIKASIE TEORIE**

Die gereformeerde erediens is in wese ‘n dialoog en dus ‘n *kommunikatiewe handeling* waar God en sy gemeente met mekaar in gesprek verkeer. Dit vind plaas deur inter-menslike kommunikasie. Die *dialogiese kommunikasieteorie* soos deur Hennie Pieterse ontwikkel, dien hier vermeld te word. Hy beskryf dit soos volg :

> Die grondliggende tendens in die oorsig wat ons gegee het, is dat die kommunikasie intermenslik is ; in vryheid en op gelyke voet geskied ; dat onderlinge begrip ontstaan deur die deel, die

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

> meedeel en die vertolking van die evangelie ; en dat dit bestaanskommunikasie is. Bestaanskommunikasie beteken dat ons deur die vertolking en aanvaarding van die goeie boodskap ons bestemming as mense vind. Dit beteken ook dat ons dit oordra aan ander met ons hele bestaan as waarborg daarvan. En dit beteken dat ons uit hierdie boodskap leef – en nie anders kan of wil nie.
>
> (Pieterse 1991 : 20)

Omdat die gereformeerde erediens 'n Woord-gebeure is, het die Skrif en die prediking al hoe meer sentraal begin staan in die erediens. Sedert die Reformasie is dit so en dié waarheid word steeds gehandhaaf. Ons glo immers dat God deur sy Woord in die erediens aan die woord kom. Die preek is gedienstig aan die Woord bedoel te wees en niks meer nie as bloot 'n verstaanbare uitleg daarvan. Naas die Woord en die prediking vind ons al die ander liturgiese elemente wat nie los van die Woord staan nie, maar as't ware daaruit groei.

## 3. LITURGIESE ELEMENTE

### 3.1 RITUELE AS DRAERS VAN DIE WOORD

Dit is nie net *geskrewe en verbale taal, metafore en simbole* wat van besondere betekenis is nie, maar ook liturgiese handelinge soos *rituele* wat op sigself nie vreemd is in die Christelike kerktradisie nie. Dit is jammer dat sommige Protestantse Christene in hul ywer om van sogenaamde formalistiese rituele van die Rooms-Katolieke Kerk, Oosterse en ander kerke te ontkom, oor ritusse as sodanig as onbenullig en onnodig beoordeel. Waar mense saamkom of dit nou in familieverband, werksverband, vriendekringe of godsdienstige samekomste is, ontstaan daar mettertyd rituele.

"Sonder rites verloor 'n samelewing sy identiteit", sê Cas Vos. Hy onderskei die volgende kenmerke en funksies van die Christelike gemeente se rituele (verkort) :

- Dit stel iets voor waarvan die Christelike gemeenskap alleen iets weet.
- Ritusse dra dit wat hulle voorstel oor op die deelnemers.
- Ritusse herinner die deelnemers aan hul herkoms en bied op grond daarvan vertroue in die toekoms.
- Ritusse ontleen hul status (en mag) binne die gemeenskap aan herhaling.
- 'n Gemeenskap profileer hom deur sy rituele, onderskei hom daardeur van ander gemeenskappe en bevestig op dié wyse sy karakter en identiteit.
- Ritusse is na binne funksioneel vir 'n gemeenskap : dit maak die lede daarvan aktuele deelnemers aan dit wat die groep byeen hou en het so 'n saambindende betekenis.
- In die meeste gevalle is ritusse tradisionele handelinge met behulp waarvan vele voorgeslagte binne 'n gemeenskap antwoord gee op ingrypende gebeurtenisse in hulle lewe.
- Daar kan aan ritusse 'n ontladende en kanaliserende funksie toegeskryf word. Dit is veral die geval in 'n krisissituasie, byvoorbeeld by die afsterwe van 'n geliefde. Die pastor se besoeke, die rouliturgie waaronder die troospreek, die gebede en die liedere kan 'n bron van ondersteuning en krag wees.
- Ritusse bied ook 'n uitsig op God. In die ritusse van die doop en die nagmaal is God handelend teenwoordig.

(Vos 1995 : 53)

Vos verwoord Heitink se gedagtes goed wanneer hy sê dat rituele die oer- en die voertaal van die religie is. (Vos : 1995 : 55) Aanvanklik sou daar moeilik tussen religieuse en nie-religieuse rituele onderskei word. Dit kan nie ontken word nie dat godsdienstige rites 'n baie sterk stempel op die sekulêre lewe afdruk. Vandag kan duidelike godsdienstige spore in die joernalistieke- en reklamewêreld waargeneem word. Talle daarvan kom uit religieuse rituele en baie ontwikkel in nuwe rituele in eie reg.

Lukken tref onderskeid tussen *sekulêre, sakrale en profane rituele*, maar beklemtoon ook die interafhanklikheid daarvan. Vorming en vestiging van rituele is altyd kultuur gebonde.

> Het christelijk ritueel is diep gewortel in de profaniteit van alle ritueel, maar tegelijk geldt dat het zijn eigen specifieke sacraliteit heeft. Al sinds de jare zestig, toen maatschappelijk het ritueel in een diepgaande crisis verkeerde, is sprake van een grote creativiteit in het christelijke ritueel die zich rekenschap geeft van de nieuwe cultuur. Nu deze creativiteit steeds meer vergezld gaat van de creativiteit en aanzien van het seculiere, algemeen religieuze en interreligieuze ritueel, is ook – zoals steeds in de geschiedenis – sprake van groeiende onderlinge wisselwerkingen, en dit ten gunste van een nieuwe symbolische orde. Daarbij blijkt dat onze postmoderne cultuur wat betreft het verlede verder reikt dan louter en alleen de musealisering ervan. Vitale ontleningen aan het verleden in de context van het sacrale zijn ook nu mogelijk : men denke aan de herinrichting van monumentale kerken, aan het integreren van de oude iconografie, van het gregoriaans, de oude muziek of elementen daarvan en niet in het minst ook van elementen uit de oude christelijke rituelen in het hedendaagse algemeen religieuze en christelijke ritueel.
>
> (Lukkin in : Barnard & Post 2001 : 22)

Die *doel* van Christelike rituele is egter om Bybelse boodskappe, insigte en waarhede prakties te verinnerlik. Dit bied aan die kerkganger nie slegs die geleentheid om homself met die godsdienstige groep te identifiseer nie, maar ook om iets van die misterie van die bomenslike Godheid te beleef en daaruit te leef. Gereformeerdes vind die betekenis van die ritueel in die Woord. Daarom is elke rite vir hulle 'n Woord-gebeure.

Die erediens is inderwaarheid op sigself 'n ritueel. So ook die lees van die Woord, die preek, die sang en elke liturgiese element.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Die herontdekking van die *kerklike jaar* bied aan die Christelike geloofsgemeenskap talle geleenthede om bepaalde momente vanut sy geloofstradisie by wyse van rituele te vier. (Bock 1992 : 89)

Ons kan die volgende feeste identifiseer :

| | |
|---|---|
| • Advent | Vier Sondae voor Kersfees |
| • Kersfees | 25 Desember |
| • Epifanie | Van 6 Januarue tot lydenstyd |
| • Lydenstyd | 45 dae voor Paasfees |
| • Paasfees | Wissel jaarliks |
| • Pase | Van Paasfees tot Hemelvaart |
| • Pinkstertyd | Tussen Hemelvaart en Pinksterfees |
| • Pinksterfees | 50 dae na Paasfees |
| • Triniteitsondag | Sondag na Pinksterfees |
| • Koninkrykstyd | Tussen Pinkster en Advent |
| • Sondag van Christus die Koning | Laaste Sondag voor Advent |

Dan is daar natuurlik ook die *sakramentsvieringe,* die doop en die nagmaal waarna reeds verwys is. Huweliks- en begrafnisdienste asook besondere dienste soos sang- aanbiddings- lofprysings- en verootmoedigingsdienste bevat nie net bepaalde gepaste ritusse nie, maar is almal rituele met elkeen sy eie aard, vorm en inhoud.

Die rituele wat gestalte aan al hierdie feeste en geleenthede gee, behoort vanuit die Woord benader te word. Nogtans kan dit op uiters kreatiewe wyse ingeklee en afgewissel word ten einde sinvol en effektief in te speel nie net op die waarheid en egtheid daarvan nie, maar ook op die verstaan en belewenis.
Elk van dié rituele in erediensvorm vereis verantwoordelike liturgieë wat die verskillende elemente saambind tot betekenisvolle eenhede.

Gevolglik word daar kortliks aandag gegee aan enkele liturgiese elemente wat almal in ‘n sekere sin as rituele binne die erediens beskou kan word :

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

**3.2 SANG EN MUSIEK**

James White vra die vraag na waarom Christene by hul samekomste sing en dan antwoord hy self : "The main function of church music is to add a deeper dimension of participation to worship." (White 2000 : 112) Dit geld nie net vir sang nie, maar ook vir instrumentale musiek.

Met besondere melodieë en intonasies skep musiek bepaalde *atmosfeer* wat gepas is by sekere geleenthede. Musiek raak die hart aan, maar dit dra ook 'n bepaalde *boodskap* uit. Gemeentesang verwoord nie net die boodskap by wyse van musiek en liriek nie, maar verleen ook uitdrukking aan die gemeenskap van die gelowiges. Verder verleen dit 'n aktiwiteit aan die erediens wat die gemeente in beweging bring. Uit die aard van die saak is daar talle musiekstyle wat inpas by die besondere etos, karakter, teologie en spiritualiteit van die kerkgenootskap en gemeente.

**3.3 GEBEDE**

Die erediens is 'n *aanbiddingsgeleentheid* by uitnemendheid. Die hele erediens vind plaas in die gees van aanbidding aangesien dit 'n gesprek tussen God en gemeente is. In die meeste gevalle tree die liturg as voorganger op, maar ander vorme van gebed soos stil gebed, liedere gebede en ander indiwidue se gebede moet funksioneer.

**3.4 CREDOS**

Die belydenis van Petrus in Mat 9:23 & 24 word in baie kringe beskou as die eerste Christelike geloofsbelydenis. Van die vroegste tye af het gemeentes die behoefte om hul gemeenskaplike geloof *verbaal* te bely. Dit vind in die erediens plaas. Dit was egter eers sedert die vierde eeu en daarna dat credos algemene praktyk in eredienste geword het. (Doekes 1979 : 7-19)

**3.5 MORELE LEIDING**

Dit was eers tydens die laat Middeleeue dat die *Wet van God* sy plek liturgies gevind het. Dit funksioneer steeds tweeledig, tewete as spieël vir die kennis van sonde en as reël van dankbaarheid. (Barnard 1981 : 544) Die verootmoediging en skuldbelydenis as reaksie op die Wet en die vryspraak op grond van die belydenis volg logies hierná.

**3.6 OFFERGAWES**

Reeds so vroeg as in die tyd van die Nuwe Testament het mense offers na die erediens gebring. Die betekenis daarvan is later verruim tot 'n *daad van dankbaarheid* en as *antwoord* op die spreke van God. Dit dui ook op die volmaakte offer van Christus. (Barnard 1981 :574, 575)

(Die Skriflesing en preek kom by 5.1 aan die orde.)

**4. DIE EREDIENS HOLISTIES BESKOU**

Dit wil egter voorkom asof die liturgie oor tyd heen in 'n groot mate teologies en kultureel gekanoniseer is (Saliers 1994: 166 – 170). Enersyds is dit goed, aangesien dit 'n vastigheid en sekerheid bied. Die gemeente voel geborge in die bekende. Ten spyte van die geykte is daar ook sin en betekenis in elke rite. Andersyds laat dit die erediens stagneer. Die Woord en die prediking daarvan is van die res geïsoleer. Om Sondag na Sondag dieselfde rituele oor en oor te hê, sou 'n ondraaglike situasie skep wat in ieder geval in stryd is met die bedoeling van die erediens wat nie net Woord-gebeure veronderstel te wees nie, maar ook 'n betekenisvolle verstaans- en kommunikatiewe gebeure. Al is elke ritueel of liturgiese element skriftuurlik goed verantwoord, sou dit los van die besondere saak waaroor dit op daardie besondere dag in die kerk gaan, staan naamlik die boodskap van die teks. In reaksie hierop word daar in kerke wyd en soms onverantwoordelik met die liturgie geëksperimenteer. Gevolglik kan die erediens op sy ergste ontaard in iets wat dit nie veronderstel is om te wees nie soos 'n konsert, opvoering, vermaaklikheidsgeleentheid of derglike sonder betekenisvolle inhoud of Bybelse verantwoording.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Die doel van hierdie studie is om bogenoemde probleem te probeer oorbrug.

NAVORSINGSRESULTAAT

Vir bykans die helfte van die respondente is dit ononderhandelbaar dat die preekteks en boodskap daarvan die saak moet wees waaroor dit in die erediens gaan en 'n verdere 49% voel baie sterk daaroor. Net 3.5% ag dit van minder belang.
97% van die respondente meen dat daar 'n baie sterk verband tussen die preek boodskap en die res van die erediens moet wees.

Vir 90% is dit sinvol dat die liedere wat tydens die erediens gesing word, 'n weerspieëling van die preek moet wees of op een of ander wyse daarby moet aansluit.

Dit is vir 'n driekwart van die respondente belangrik dat selfs die liedere wat deur kore, sanggroepe en soliste in die erediens gesing word, een of ander konnotasie met die preek moet hê.

Die erediens met ál sy elemente word *holisties* benader in die sin dat dit nie net as eenheid funksioneer nie, maar dat die *hele erediens* vir die eredienganger 'n Skrif-gerigte geloofservaring word. Dit bring hom by God uit en maak sy lewe sinvol. Hierdie is nie net 'n teologies verantwoorde waarheid nie, maar word ook deur die gemeente as behoefte beleef. Uit die navorsingsresultate blyk dit duidelik. Die erediens word dus 'n ware en egte ontmoeting, gestroop van alle valsheid en vertoon. Dié ontmoeting is dialogies van aard waar God en sy gemeente gespreksgenote is met die liturg in die rol van kundige fasiliteerder. Dit open dié perspektief dat die liturg nie primêr prediker en daarbenewens bloot aankondiger is van die verdere verloop van die erediens nie. Aan die ander kant is dit weer nie 'n geval dat die liturg die erediens oorheers nie. Daar moet genoeg ruimte wees vir God om te praat en te luister asook vir die gemeente om te praat en te luister.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Die hele erediens is daarom 'n interaktiewe hermeneutiese gebeure ('happening'). "Positief is dat te duiden als een actief hermeneutisch proces van betekenisgeving, waarin mensen in het symboolhandelen van de kerk 'doorgeefluiken van de Godsontmoeting' vinden. (Barnard & Schuman 2002 : 27)

## 5. TWEE BOODSKAPPE

### 5.1 DIE PREEKTEKS SE BOODSKAP

Die vasstelling van die *preekteks* kan vanuit verskillende hoeke benader word. Dit word bepaal deur programme soos die kerklike jaar, preekroosters, temas of minder vaste wyses van teks identifisering (Barnard & Schuman 2002 : 115-132) Schuman maak 'n groot saak uit vir die betekenis van die kerklike jaar aangesien 'n preekprogram wat daarvolgens bepaal is, al die heilsmomente in die Christelike tradisie aanspreek.
Tog moet die vasstelling van preektekste ook geïnspireer word deur wêreld- en ander gebeure en die besondere konteks van die hoorders.
Die prediker is in die hele dinamiese proses van tekskeuse ook biddend afhanklik van die leiding van die Heilige Gees.

Om by die *boodskap* van die preekteks uit te kom, is die taak van die eksegese en verwante Bybelwetenskappe soos tekskritiek, literêre ontleding, agtergrondstudie ensovoorts. Dit is egter van die allergrootste noodsaak dat daar by 'n duidelike boodskap uitgekom móét word. Die prediker moet glashelder duidelikheid hê oor wat die boodskap van die teks is. Tesame met bogenoemde prosesse kan die volgende vrae onder andere gestel word om daarby uit te kom (Vos 1995 : 514) :

- Wat vertel die teks oor God ?
- Wat skenk die teks aan die eerste en die huidige hoorder ?
- Wat vra en verwag die teks van die eerste en huidige hoorder ?

Vos sluit by Long aan wat wil onderskei tussen dit wat die teks beoog om te *sê* en te *doen*. Dit wat die teks wil sê, kan die fokus genoem word en dit wat die teks wil doen, kan die funksie genoem word :

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

> "A focus statement is a concise description of the central, controlling and unifying theme of the sermon. In short, this is what the whole sermon is about. A function statement is a description of what the preacher hopes the sermon will create or cause to happen for the hearers. Sermons make demands upon the hearers, which is another way of saying that they provoke change in the hearers (even if the change is a deapening of something already present). The function statement names the hoped-for change."
>
> (Long 1989 : 86)

Die boodskap van die teks moet in die preektema geformuleer word. Dit is die hoofgedagte van die boodskap en sluit die hele preek in. Tog moet dit kernagtig en op die punt af wees sodat die hoorder dit maklik kan snap, dit sy eie kan maak en met hom kan saamneem.

Homileties is bogenoemde werkswyse en uitkoms op die preek as sodanig gerig en dit is goed so. Die preekteks se boodskap moet gepreek word. Daar bestaan egter die gulde geleentheid om dit liturgies verder uit te bou sodat die hele erediens daarvan kan vol word. Die erediens moet van die begin tot die einde God se besondere woord (die preekteks) vir sy gemeente, adem.

Die preekteks se boodskap is God se boodskap aan sy gemeente. Dit moet uit sy oorspronklike konteks verklank word en hoorbaar en verstaanbaar vertaal word, nie net in die preek nie.

## 5.2 DIE DEELNEMERS SE BOODSKAP

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Die *deelnemers* (gemeente/erediensgangers) het egter ook 'n boodskap. Dit is 'n gedeelde boodskap, maar kan ook indiwidueel van aard wees en onderling van mekaar verskil. Dit spruit voort uit die gemeente se lewenservarings, hul verhouding met God, vreugdes, hartsere, sondetoestand, moedeloosheid, suksesse, besondere omstandighede ensomeer. Uit die aard van die saak hou dit verband met die tydsgees, waardesisteme en besondere konteks van die gemeente. Verder kan daar tussen 'n makrokonteks en 'n mikrokonteks onderskei word. Eersgenoemde is so groot soos die ganse wêreld en laasgenoemde so klein soos die mees intieme ervaringsruimtetjie van elke indiwidu.

Wanneer die erediensganger in die kerkbanke plaasneem, het hy iets om met God te deel. Hy doen dit biddend omdat die erediens 'n aanbiddingsgeleentheid is en die wete en verwagting by hom bestaan dat God daar teenwoordig is. Daar bestaan by hom die behoefte dat God in sy eie lewensverhaal moet inspeel, dit moet aanspreek en moet rig. Dit is 'n verhaal wat afspeel in die komplekse samelewing van die $21^{ste}$ eeu waar kragte vanuit die post moderne denk- en leefsisteme funksioneer. Die erediensganger is kind van sy tyd.

In Hoofstuk 4 is reeds gewys op enkele tipies post modernistiese tendense. Vanuit 'n sekere hoek beskou, wek dit negatiewe reaksie omdat dit in 'n groot mate teenoor die meer tradisionele Christelike wêreld- en lewensbeskouing inwerk. Tog skep die nuwere geslag mensdom 'n eiesoortige vrugbare aarde vir die saad van die evangelie om te val en te groei. Dit is van hier uit dat die erediensganger 'n ontmoeting met God soek. Weereens word by die tendense soos deur Janse van Rensburg geïdentifiseer (Sien Hoofstuk 4), aangesluit :

- ONSEKERHEID

Die onsigbaarheid van God en sy oënskynlike afwesigheid beklemtoon sy groot en onverklaarbare misterie. Dit plaas klem op die hoop wat alleen in geloof totstand kom en waaruit die gelowige leef. Daarom sou 'n erediens wat vanuit die Woord eerlik is met die onaanskoulike en ondeurgrondelike God juis vir vandag se soekers na sekerheid 'n geloofsperspektief open waarmee hulle kan identifiseer. Onsekerheid open 'n honger om te ontdek en te leer.

- VITALITEIT

Die mens wat in vandag se tyd in hoogste versnelling en net vir die huidige oomblik leef, het hoogspanningsgeleenthede nodig om ‘n intense belewenis met God te hê. Dit impliseer nie dat hy gedurende die ander tye wanneer sy aandag op sy onmiddelike omgewing en leefwêreld gerig is, sonder God of godsdiens is nie. Die energie moet in die erediens vasgevang en benut word sodat dit ook in die res van die komplekse lewe ‘n betekenisvolle verskil kan maak.

- KRITIES

Een van die groot verskille wat die Reformasie reeds in die kerk teweeg gebring het, was juis die feit dat die lidmaat nie meer alles sondermeer moet aanvaar nie. Hy mag maar bevraagteken en self ‘n opinie nahou. Die mens van die 21ste eeu doen dit nog méér. Dit bring mee dat die erediens na sy meervoudigheid beter benut en in groter verskeidenheid beleef word. Verskeie dimensies van die teks kom met ‘n verskeidenheid van spreke en rituele aan die orde. As gevolg van hierdie kritiese lewenshouding, moet daar ook nuut en vars oor die hermeneutiek besin word.

- ‘GLOBAL’-HOLISTIES EN KONTEKSTUEEL INDIWIDUALISTIES

Die verkondiging van die koninkryk van God as ‘n universele en alles-omvattende koninkryk is inderdaad niks anders nie as ‘global’-holisties. Die feit dat God al sy kinders ken en ruimte laat vir elkeen se eie unieke aard wat Hyself trouens aan elkeen gegee het, bied vir die erediensganger ‘n sinvolle invalshoek. Hy het steeds die drang om te behoort al is dit nie meer so geïnstitusionaliseerd soos in die verlede nie.

- HEEL-BREIN GEORIËNTEER

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Die hele Bybel is uit die aard van die saak ‘n verhaal wat vir ons van God vertel. Dan bestaan dit ook nog uit talle verhale wat daarin vertel word, ook oor God en sy groot werke en van mense. Die erediensganger wil dat sy lewe met die verhale van die Bybel saampraat. Hy wil daarmee identifiseer en homself inleef in God en sy werke. Hy wil meeleef in die ontmoeting met God. Logiese, analitiese denke staan nie meer voorop nie, al is dit ook nie heeltemal uitgesluit nie. Die erediens moet dus al hoe meer word wat dit veronderstel is om te wees : ‘n intieme, persoonlike ontmoeting tussen God en die gemeente wat die hele mens insluit.

- VORM EN MAG GENEGEER

Dit was Jesus wat ‘n ander dimensie op die vaste orde van sy tyd geopen het. Liefde, opregteheid, diensvaardigheid en medelye was belangriker as reëls, tradisies en ou uitgediende gebruike. Die jong geslag wil meer betekenis sien as formalisme. Die erediens moet eenvoudig wees en sin maak waar die klem eerder op deelname en interaksie val as op militêre presisie.

- HERINTERPRETASIE VAN SEKSUALITEIT

Weereens was dit Jesus wat veral aan die vrou ‘n nuwe rol in die samelewing toegeken het. Die gesprek met die vrou by die put en die genesing van die vrou wat aan bloedvloeïng gely het, is bekende bewyse daarvan. Die vrou in ‘n nuwe rol van gelyke medemens plaas ook eties ‘n verantwoordelikheid op haar en die man se seksualiteit. ‘n Nuwe benadering ten opsigte van seksualiteit beteken nie dat dit sondermeer promisku geword het nie. Hierin het die kerk tog nog ‘n duidelike rol te speel met ‘n besondere boodskap aan die kerkganger as seksuele wese in ‘n nuwe mileeu waar die Christelike integriteit van verhoudings steeds bo verdenking moet wees.

Die erediensganger wil met bovermelde en ander *kragte* wat in sy lewe werk, God ontmoet en met Hom in gesprek wees. Dit is ‘n proses van soeke na betekenis al is die antwoorde op die vrae soms onduidelik en dikwels in geheel afwesig.

Te midde van sy eie onvermoë wil hy met God meeleef en dit in die erediens so ervaar.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Hy kom met sy eie boodskap die erediens binne. Dit is ‘n boodskap wat enersyds ingebed lê in sy besondere manier van menswees soos deur die tydsgees bepaal en andersyds bepaal word deur sy eie persoonlike verhaal. Hierdie verhaal bestaan uit kennis en ervarings uit sy verre sowel as onlangse verlede. Dié kennis en ervarings is die gevolg van ‘n magdom impulse, sommige positief en ander negatief.

> Die liturgiek het nie net ‘n teologiese fokus nie. Dit moet ook omsien na die mens en sy lewenskonteks om sodoende die simbolesisteem wat sy toegang tot die erediens mag blokkeer, na te vors. Die belemmeringe vir die kommunikasie in die erediens moet deur ‘n prakties-teologiese teorie van die erediens uit die weg geruim word.
>
> (Vos 1997 : 15)

**5.3 DIE ONTMOETING VAN TWEE BOODSKAPPE**

Die erediens is die plek en geleentheid waar die *teksboodskap* en die *boodskap van die erediensganger* mekaar ontmoet. Dit geskied deur middel van betekenis, verstaan en ervaring en is veel meer as bloot twee kontekste wat oormekaar skuif (Gadamer).

Die verstaansmatige Woord benadering van Gerhard Ebeling lewer ’n betekenisvolle bydrae tot dié ontmoeting. Die verstaan van die Woord vanuit die konteks van die deelnemer, is die sleutel tot ‘n sinvolle uitkoms in die erediens.

Dit is egter die tekstuele kommunikatiewe benadering van Paul Ricoeur wat help dat daar iets besonders tussen Woord en deelnemer plaasvind. Verstaan is vir hom ‘n interaktiewe taalmatige proses. Dit is ‘n diskoers wat ‘n omvattende gebeurtenis is. Daarin vind simbole ‘n besondere plek en dra funksioneel by tot die betekenis van die teks. Die gebeurekarakter van godsdienstige taal is voorwaarde vir die ontmoetingservaring wat deur taal bemiddel word. Kreatiewe verbeelding, droom, metafoor, ritueel, mite, narratief en ander skeppende tegnieke word aangewend in die proses van kommunikasie en verstaan. Geloof en/of die

herontdekking van geloof is die doel van kommunikasie in die erediens. Hierin begelei die kommunikatiewe verstaan van die teks die deelnemer tot bestaansvernuwing. (Vos 1995 : 39) Die teks maak dus vir die deelnemer 'n nuwe wêreld oop waarin hy homself her-oriënteer. Dit het nuwe gedrag tot gevolg.

Erediensgangers is egter nie almal ewe ontvanklik vir die teksboodskap nie. Elkeen leef met sy eie filters wat selektief op die boodskap reageer. 'n Magdom van faktore soos ouderdom, geslag, opvoeding, sosiale stand, intelligensie, akademiese en ander opleiding, beroep, persoonlikheid, temperament, waardesisteem, teologiese oriëntasie, 'n verskeidenheid van persepsies en ervaringe ensomeer speel hierin 'n rol. Dus varieer die waarde wat die erediens bied, van persoon tot persoon. Elkeen het 'n eie belewenis en verstaan daarvan. Daar is egter ook 'n gemeenskaplike ervaring en verstaan sowel as gemeenskaplike lof, aanbidding en ander handelinge. Dit word deur die gemeente as geheel en as eenheid beleef en gedoen. In hierdie hoogs komplekse omgewing moet die teksboodskap nie net tuiskom nie, maar 'n tweegesprek tussen God as Persoon, die preekteks en uitleg daarvan aan die een kant en die menslike deelnemers as gemeente en indiwidue aan die ander kant realiseer.

Die erediens het breedweg twee funksies. Eerstens is dit 'n momentele gespreksgeleentheid waar God en gemeente mekaar ontmoet en waar daar ware interaksie rondom die preekteks en by wyse van die hele liturgie plaasvind. Tweedens is dit die bron waaruit die geloofsverhouding tussen God en gemeente groei. Dit het egter nie net 'n kosmies-aardse perspektief nie, maar ook 'n eskatologiese. Die erediens kan vergelyk word met die ontmoeting tussen twee goeie vriende. Hulle spreek af om mekaar te ontmoet en doen dit. Tydens die ontmoeting word daar lekker saam gekuier en in mekaar se wel en weë gedeel. Dit is 'n dinamiese, interaktiewe, kommunikatiewe proses. Wanneer elkeen in sy eie rigting vertrek, word die verhouding nie beëindig nie, maar op 'n nuwe, ryker manier voortgesit om later weer saam te kom en verder aan die verhouding te bou.

I L de Villiers vang die voortgaande betekenis van die erediens mooi vas in sy gedig genaamd *Slot* :

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

*Gesangboekies word een-een toegeslaan*
*nog as ons sing. Iemand staan*
*klaar in die paadjie, soek sy hoed.*
*Amen ! Ons sluit – U diens gaan aan.*
(Uit : Nienaber & Nienaber : Die Braambos Brand : 94)

Hoewel die erediens 'n dinamiese, kommunikatiewe gebeure (Engels : event) is, is dit nooit 'n doel op sigself nie. Dit het iets in die oog, naamlik 'n *lewensveranderende en -verrykende proses* op grond van Gods Woord. Hierin beweeg God en mens (gemeente) al hoe nader aan mekaar by wyse van 'n voortgaande, dialogiese ontmoetingsproses. Hieraan is die erediens liturgie in sy mees omvattende betekenis gedienstig.

**HOOFSTUK 6**

# DIE PREEKTEKS IS DIE UITGANGSPUNT

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

## 1. KREATIWITEIT : TEOLOGIESE INSIG

God is na sy drie-enige gestalte die Skepper (Kreator) van alle dinge. Hy is dit *kosmologies* deurdat Hy alles en almal wat bestaan, geskep het en dit steeds doen. Maar Hy is dit ook *soteriologies* deurdat Hy alles en almal wat bestaan, herskep het en dit ook steeds doen.

Hoe doen God dit ?
Deur sy W(w)oord :

> “Toe het God gesê : ‘Laat daar lig wees !’
> Toe het God gesê : ‘Laat daar ‘n gewelf wees tussen die waters om die waters van mekaar te skei.’
> Toe het God gesê ....
> Toe het God gesê ....”
>
> (Uit : Gen 1:1-31)

En –

> “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom : ja, nie ‘n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.” (Joh 1:1-3)

> Teen hierdie agtergrond verstaan ‘n mens die uitdrukking beter dat Gods woord nie “vergeefs” of “leeg” is nie (Deut 32:47 ; Jes 55:11). Sy woord *doen* iets, dit sal “doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur”. Dit beteken dat nie net die skepping nie, maar ook die geskiedenis gesien word as die werk van die HERE se woord. Wanneer Hy spreek, gebeur iets.
>
> (König 1975 : 34)

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Maar Hy is ook Redder deur sy W(woord) :

> "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy, as die enigste Seun, van die Vader het, vol genade en waarheid."
> (Joh 1:14)

En –

> "Wat is makliker ? Om te sê: 'Jou sondes word vergewe,' of om te sê : 'Staan op en loop' ? Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op aarde sondes te vergewe." (Mat 9:5-6)

"As verteenwoordiger van God by die mense maak Hy (Jesus) Gods spreke en liefde, Gods bewoënheid en bevrydende dade aan die wêreld duidelik." (Heyns 1978 : 290)

God openbaar Homself dus as die sprekende God wat sy skepsels en skepping oproep en uitnooi om met Hom mee te spreek en mee te doen. Dit sluit dus nie net woorde in nie, maar ook dade en is 'n kreatiewe proses. Hiervan is die erediens 'n intense afskynsel.

## 2. KREATIEWE GEREFORMEERDE EREDIENSTE

Getrou aan ons ryk gereformeerde tradisie is die Woord van God en die prediking daarvan sentraal in die erediens. Die meriete en waarde daarvan is reeds breedvoerig genoeg beredeneer. Natuurlik kan die hele Skrif nie in een enkele erediens tot sy reg kom nie en daarom moet 'n snit genaamd 'n *tekskeuse*, gemaak word. Die preekteks verteenwoordig 'n bepaalde boodskap wat God by daardie besondere en unieke geleentheid met sy gemeente wil deel. Hiervoor maak die prediker nie net staat op sy eie kennis, insigte, vaardighede en hulpbronne nie, maar vertrou hy veral op die leiding van die Heilige Gees.

Die eksegetiese, hermeneutiese en homiletiese arbeid bring die prediker nie net by 'n *preekboodskap* uit nie, maar ook by die *gees en atmosfeer* waarin die boodskap tuis is en opnuut moet tuis kom. Dit bring ons by die konklusie dat geen twee eredienste dieselfde kan wees nie. Selfs al word dieselfde teks by verskillende geleenthede of in verskillende gemeentes deur dieselfde prediker gepreek, kan dit eweneens nie dieselfde wees nie.
Elke erediens is immers 'n *unieke geleentheid* waar daar 'n lewende, dinamiese ontmoeting tussen God en gemeente plaasvind.

"E(e)nersyds is die ontwerp van 'n erediens 'n kreatiewe proses, en andersyds beskik die erediens (vanweë die werking van die Gees) oor die potensiaal om skeppend en kreatief in mense se lewens in te sny. Niemand behoort immers dieselfde uit 'n erediens te stap as wat hy of sy daar ingekom het nie. " (Die Kerkbode 2005 : 13)

Clasen gaan in sy artikel voort deur te wys op die drie tradisies wat sterk invloede op die hedendaagse erediens uitoefen :

- Die viering van God se heil deur simbole en rituele. Sodanige invloede kom veral uit die Katolieke en Anglikaanse oorde. Klem op die kerklike jaar, inkleding van liturgiese ruimtes en rituele tydens Christelike feeste geniet baie aandag.

- Groter deelname van lidmate. Sang, musiek, drama en getuienisse speel 'n belangrike rol. Die Afrika Onafhanklike Kerke se dienste is vol hiervan.

- Die Woordbediening en prediking wat sentraal staan by ons eie gereformeerde spiritualiteit. Dit word duidelik in die opset in kerkgeboue waar die preekstoel byvoorbeeld die fokuspunt vorm.

"Om verantwoordelik met die erediens om te gaan, vra dat ons altyd ons eie tradisie as vertrekpunt sal neem. Om kreatief met die ander tradisies om te gaan, vra dat ons dit só sal gebruik dat ons eredienste daardeur verryk word, sonder dat die eiesoortige aksente van ons gereformeerde tradisie in die slag bly. Natuurlik is dit makliker gesê as gedoen !"

Met laasgenoemde aanhaling motiveer Clasen inderwaarheid die argument dat die *Woord* en naderbepaald die *preekteks*, die direktief sal wees in die erediens met verwysing na al die ander liturgiese elemente om van elke erediens 'n besondere ervaring met God te maak. Dit sluit ook 'leengoed' uit ander Christelike tradisies in. Die onderskeie eredienste kan en móét hemelsbreed van mekaar verskil na gelang die besondere *teksboodskap* en *deelnemersboodskap* mekaar telkens kreatief in 'n nuwe unieke situasie ontmoet. (Sien Hoofstuk 5 : 5.1, 5.2, 5.3)

**3. 'N HEEL NUWE BENADERING**

Hoofstuk een het verwys na die realiteite waarmee die kerk tans te doen het. Ons leef byvoorbeeld in 'n hoogs gesekulariseerde wêreld en dit gaan steeds toeneem. Die weerstand teen vaste ordes en instansies soos die kerk raak erger. Heel-brein denke en groter klem op ervaring bevraagteken die tradisionele liniêre, logiese raamwerk waarvolgens die kerk gewerk het en daar gepreek is en erediens gehou is. Mense se lewens is voller en dit maak beskikbare tyd minder. Die vermenigvuldiging van kennis is onkeerbaar. Snelle ontwikkeling op tegnologiese gebied maak kommunikasie makliker, maar minder persoonlik en intiem. Die mens van die 21 ste eeu se omgewing lei en dwing hom om 'anders' te wees.

Aan die een kant word dit algemeen aanvaar dat die 'nuwe tyd' nie bevorderlik is vir die boodskap, taak en werk van die kerk nie.

Aan die ander kant maak 'n groter affiniteit vir die esoteriese die deur wawyd oop vir die kerk om die geestelike vakuum wat volgens baie deur die modernisme geskep is, te vul. Die wyse waarop dit gedoen word, is natuurlik van wesenlike belang.

Twee aangeleenthede wat deeglik mee rekening gehou moet word, is die *Bybelboodskap* wat in ou antieke tekste, vreemd aan vandag opgeteken is en die ou, maar ryk *tradisies* van die Christendom wat vir baie ook vreemd opval. Tog is beide kosbaar en steeds die bron tot die lewe. Die kerk is nie net met die

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

hedendaagse mens en sy nuwe uitdagende omgewing besig nie, maar ook met die totale Bybelboodskap wat in hierdie ou vorme veranker is.

‘n Heel *nuwe benadering* ten opsigte van die erediens is dus noodsaaklik. Daarom maak die volgende opmerkings van Ferdie Clasen soveel sin :

> ‘n Paar dinge om in gedagte te hou by die ontwerp van ‘n erediens.
>
> - Mense kommunikeer vandag anders as in die verlede – hulle wil (kan!) nie meer net die boodskap in woorde ontvang nie, hulle wil dit multi-sensories ervaar.
> - Mense dink vandag anders as in die verlede – alles hoef nie noodwendig meer linieêr (soos in die boekdrukkuns) aangebied te word nie, dit raak al hoe makliker om in netwerke (vgl die internet) te dink.
> - Mense se prioriteite lyk anders as in die verlede – ons leef in oorgangstye. In sulke tye is daar minder orde, reëls en vaste voorskrifte ; mense en verhoudinge is belangriker.
> - Mense beleef die werklikheid anders as in die verlede – ‘n eensydige rasionele benadering word nou verruim deur emosionele ervarings.
> - Ons moet vandag – meer as in die verlede – rekening hou met die diversiteit, veral ook wat mense se Godservarings en aanbiddingstyle betref.
>
> (Die Kerkbode 2005 : 13)

Dit is teen hierdie agtergrond dat die noodsaak om ‘n nuwe benadering die soeke na ‘n *alternatiewe erediensmodel* noop. Vervolgens stuur die insigte tot hiertoe af op die ontwerp van sodanige model.

**NAVORSINGSRESULTAAT**

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

| |
|---|
| 85% van die respondente is gemaklik daarmee dat die liturgie nie elke Sondag dieselfde moet wees nie.<br><br>Vir 85% is dit uiters belangrik dat die Bybelteks wat gelees word, sentraal in die erediens moet staan.<br><br>88% meen dat die preek 'n uitleg van die Bybelteks moet wees.<br><br>75% wil hê dat die liedere wat in die kerk gesing word, verband moet hou met die Bybelteks en die preek. |

## 4. MODEL ONTWERP : LITURGIESE ONTWERP MET DIE PREEKTEKS AS UITGANGSPUNT

Die huidige praktyk wat erediens liturgie betref, is grootliks 'n reformatoriese nalatenskap. Calvyn was die persoon wat midde-in sy tyd en omstandighede hierin rigtinggewend was. (Sien Calvyn se liturgie in Hoofstuk 3 ; 2.7) In die laaste dekade of twee het daar egter fundamentele paradigma skuiwe in die ganse wêreld ingetree. Hierdie veranderinge raak nie net die sekulêre wêreld met al sy tegnologiese en ander nuwighede nie, maar ook die wese, denke en godsdienstige oriëntasie van die mens. Mense dink en doen eenvoudig anders as eers. Daarom moet daar na nuwe vorme van geloofsviering gesoek word. Die fout moet egter nie gemaak word om die verbintenis met ou godsdienstige rituele summier af te sny nie. Só funksioneer die mens ook nie. (White 2000. 18,19)

Die model wat hier ontwerp word, wil beide hierdie tradisies laat ineenvloei om sodoende tot 'n nuwe verstaan en belewenis van die erediens te kom. Dit begin by die *Bybelteks* en mond uit op 'n *lewensvernuwende geloofservaring*.

### 4.1 BEGINSELS VAN DIE ONTWERP

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Soos herhaaldemale reeds vermeld, is die Bybel as Woord van God die *norm* en *bron*. Naderbepaald is die preekteks die kernboodskap wat nie net die preek nie, maar ook die hele erediens bepaal. Talle Christelike rituele wat almal op die een of ander wyse Bybels verantwoord is, vorm deel van die tradisionele erediens en moet steeds daarin plek vind. Almal pas egter iewers in die ses *liturgiese areas* : ONTMOETING, HEILIGING, GODSPRAAK, BEVESTIGING, TOEWYDING en UITSENDING. Hierdie terme beskryf die breë handelinge wat in die erediens plaasvind. Die inhoude waaruit die liturgiese areas opgebou word, word *liturgiese elemente* genoem. Die preekteks bepaal die liturgiese areas sowel as die liturgiese elemente.

Die verwagting bestaan dat hierdie model nie net reg laat geskied aan die preekteks nie, maar vir die erediensganger 'n geleentheid bied om waarlik met God gemeenskap te hê in die erediens. Dit bly 'n dialogiese gesprek, maar in 'n hedendaagse ideoom. Die teks sowel as die konteks word gerespekteer met die nodige invloed vanuit die geloofstradisie en kerklike spiritualiteit.


## 4.2 ENKELE TERSAAKLIKE OPMERKINGS

- Wanneer daar van 'n model gepraat word, is die nie dié model nie. Dis een van baie.
- Ou, Skrifgetroue en getoetste gereformeerde beginsels bly die norm.
- Hierdie is nie 'n spekulatiewe model nie, maar is Bybels-teologies verantwoord.
- Al die liturgiese elemente soos tans in gebruik in die N G Kerk, funksioneer steeds maar op 'n ander, hopelik sinvoller en meer kontemporêre manier.
- Hierdie model is baie meer omvattend as die tradisioneles.
- Die model is geen bloudruk nie en roep juis die preekteks op om rigtinggewend te wees vir die hele erediens.
- Na gelang die preekteks telkens varieer, sal die liturgie ook varieer.
- Die preekteks bepaal die inhoud en gees van die erediens van begin tot end.
- Groot klem word geplaas op die eksegese, hermeneutiek en homiletiek. Dit is veral die hermeneutiese uitkomste wat noodsaaklik is om by die liturgiese ontwerp uit te kom.
- Nie alle liturgiese elemente sal noodwendig uit die preekteks vloei nie, hoewel dit die ideaal is.

- Die model rig die erediens op die totale mens by wyse van ‘n holistiese, kontemporêre aanslag.
- Die erediens fokus op ‘n ware ontmoeting met God.
- Ruimte word gemaak vir bydraes uit ander Christelike tradisies solank dit teologies verantwoord, funksioneel en waardetoevoegend is.
- Ruimte word geskep vir rasionele én emosionele ervaring.
- Dit is nie voorskriftelik nie, maar maak eerder staat op die kreatiewe arbeid van die liturg.
- Hiervolgens word veel meer gevra van erediensvoorbereiding as by die meeste ander modelle.
- Hierdie is ‘n eerlike poging om die evangelie van Jesus Christus te dien.

## 4.3 ONTWERP DIAGRAM

Die model ontwerp word vervolgens diagrammaties voorgestel.




## 4.4 SLEUTEL TOT DIE DIAGRAM

- Die sirkel verteenwoordig die erediens. Dit dui op die holistiese benadering.
- Die klein sirkel verteenwoordig die preekteks.
- Die pylties wys op die bepalende 'invloed' wat die preekteks op die hele erediens het.
- Die ses segmente van die sirkel verteenwoordig die groter liturgiese areas.
- Elke liturgiese area bestaan op sy beurt uit liturgiese elemente.

- Temas vir liturgiese areas en elemente is geformuleer op grond van linieêre sowel as multisensoriese erediensbelewing.
- Nie alle liturgiese areas en elemente hoef teenwoordig te wees nie. Daar kan ook ander wees wat nie hier voorkom nie. Dié diversiteit word grootliks deur die preekteks bepaal.
- Liturgiese areas en elemente is nie afgegrens nie en oorvleueling kan plaasvind. Die stippellyne dui dit aan.
- Die orde van die liturgiese areas en elemente kan varieer.

## 5. MODEL ONTWERP IN PRAKTYK : ENKELE VOORBEELDE

*Erediens ontwerp met die preekteks as uitgangpunt* is reeds in die praktyk getoets. Hier volg enkele voorbeelde van eredienste wat daarvolgens ontwerp is. Uit die aard van die saak kan daar net op hoof momente gefokus word. Deeglike tekstuele, eksegtiese, hermeneutiese en homiletiese arbeid word veronderstel.

### 5.1 VOORBEELD 1 : GETUIENIS DIENS MATTEUS 9:18-26

- **AGTERGROND**

  Oor die afgelope twee jaar is talle mense in die gemeente oorlede as gevolg van verskeie oorsake. Sommige is van ernstige siektes genees en ander het suksesvolle operasies ondergaan. Een lidmaat, mev René Coetzee is ‘n professionele dame en kankerlyer wat oor ‘n lang tyd by verskeie geleenthede baie siek was. Daar is telkens in die kerk en deur verskeie lidmate vir haar gebid. Sy is nie genees nie, maar het ‘n besondere geloofspad met God geloop en het enorme geestelike groei ervaar. (Verwysing na hierdie besondere erediens vind met mev Coetzee se toestemming plaas)

- **DOEL VAN DIE EREDIENS**

  Om uit die geloofservaring van ‘n siek persoon deur die Woord van God aangespreek te word. Om vir mense met soortgelyke ervarings rigting en koers te gee en hulle op hul eie pad te help. Om aan die verskynsel van genesing uit ‘n Bybelse hoek nuwe insig te gee. Om aan ‘n lidmaat met besondere

lewenservarings geleentheid te gee om getuienis te lewer en die gemeente te bedank vir hul liefde en voorbidding.

- **TEKSKEUSE**

  Matteus 9:18-26 is die gedeelte oor die opwekking van die Joodse raadslid se dogtertjie en die genesing van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het met die klem op laasgenoemde.

- **EKSEGETIES-HERMENEUTIESE ONTHULLINGS**

  Die hele eksegetiese proses word nie hier herhaal nie. Daar word volstaan met enkele opmerkings :

  Dié gedeelte gaan oor die geloof en die feit dat Jesus mense help. Verder gaan dit oor ‘n vrou se genesing en ook oor haar reiniging. Sy is absoluut afhanklik en tevrede om net aan Jesus se kleed te raak. Dit is vir haar genoeg. Jesus neem nie net van haar kennis nie, maar sien haar geloof en reageer daarop. Dit was ‘n persoonlike reaksie op ‘n persoonlike geloof. Daar tree ‘n ingrypende verandering in haar lewe in. Dit is duidelik dat die klem op haar geloof val en nie op haar genesing nie. Tog is haar verwagting wat op haar geloof geskoei is, beantwoord.

  Tema : Deur ‘n aanraking heel gemaak.

- **ATMOSFEER, RITUEEL EN SIMBOLIEK**

  Musiek voor die diens is sag en redelik somber. Daar word gebruik gemaak van *Powerpoint* multimedia fassiliteit. Beelde op die skerm is dié van onweer, maar ook lig wat deurkom. Die blomme is wit, geel en pers wat hoop, lig en lyding uitbeeld.

  Daar word nie van die kansel gebruik gemaak nie. Die liturg staan op grondvlak ter wille van ‘n atmosfeer van nabyheid en om dit vir die dame wat optree, makliker te maak. Sy staan dan nie alleen nie.

  Die beeld op die skerm aan die einde van die diens is ‘n donker wolk met ‘n helder silwer rant en ‘n ligstraal wat daardeur skyn. Dit versinnebeeld die tragiese werklikheid van siekte en pyn, maar te midde daarvan : hoop.

  Naas die gebruiklike liturgiese simbole, is daar ‘n groot wit-gedrapeerde kruis.

- **LITURGIE**

(Dit word liniêr uiteengesit ter wille van die formaat.)

ONTMOETING Gemeentesang Lied 116:1,2,4,5 God het ek lief omdat Hy my verhoor

Seëngroet. Die trinitariese seën word uitgespreek

Sang Lied 519:1,2,3,4. Wees stil en weet Ek is die Heer

('n dwarsfluit speel een vers, dan sing die gemeente die vier verse en dan speel die fluit nog 'n vers – dit skep 'n kalm atmosfeer van oorgawe en verwagting)

HEILIGING Die liturg gaan voor in gebed met die klem op God-verheerliking en aanbidding asook afhanklikheidsbelydenis.

GODSPRAAK Skriflesing Matteus 9:18-26

('n Vrouestem uit die kerkbanke doen die voorlesing)

Prediking

Die werklikheid van siekte en nood word uitgelig. Dan word die gedeelte oor die vrou in die gelykenis narratief beskryf. Jesus se dienswerk as wonderwerker, maar ook nabye en hulpvaardige Heer word uitgelig. Ons het nodig om net maar in geloof aan sy kleed te raak, maar met hoop en verwagting.

BEVESTIGING Getuienis

Mev Coetzee lewer haar getuienis. Ter inleiding, enkele feite oor die verloop van haar siekte asook haar ervaring daarvan. Hoe sy vasgehou het aan gebed en bekende liedere en teksgedeeltes al was sy nie eens by haar positiewe nie. Die wonderlike ervarings en geestelike groei ook tydens haar ergste nood. Sy deel verskeie daarvan. Dankbetuiging teenoor alle belangstellendes. Die verklaring dat genesing en heling nie net fisies is nie, maar veral geestelik.

TOEWYDING Aanbidding en voorbidding

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Persone wat voel dat hulle voorbidding verlang, sluit hulle by die ander in die liturgiese ruimte aan, hou hande vas en die liturg gaan voor in gebed. | | |
| | Geloofsbelydenis | | |
| | Die gemeente staan en die geloofsbelydenis word hardop saam gesê. | | |
| UITSENDING | Dankoffers | | |
| | (terwyl die orrel Lied 518 speel. Voel jy soms of die Here te ver is.) | | |
| | Die blommerangskikking word aan mev Coetzee oorhandig. | | |
| | Gemeentesang | Lied 491:1,2 | k'Het Jesus lief, Hy is my lig en krag |
| | Seëngroet | Num 6:24-26 | |

- **OPMERKINGS**

  Daar is van al die liturgiese areas gebruik gemaak omdat die preekteks dit toelaat. Die seleksie van liturgiese elemente is funskioneel tot die teks en kernboodskap en vorm saam 'n sinvolle geheel. Die dialogiese karakter van die erediens is behou.

  Daar was genoeg bekende rituele én nuwe aktiwiteite om geborgenheid sowel as 'n mate van opwinding te bring.

  Hierdie diens het heelwat emosie by talle lidmate losgemaak, maar dit was beheersd en nugter. Dit het ook 'n gees van omgee en deernis gewek en geloof in God bevorder. Die reddende teenwoordigheid van Jesus is beleef. Die diens het heelwat reaksie ontlok.

## 5.2 VOORBEELD 2 : HERVORMINGSONDAG NAGMAAL ROMEINE 1:17

- **AGTERGROND**

  Dit is gebruik in die gemeente om op Hervormingsondag nagmaal te vier. Al word nagmaal aan dooplidmate bedien, verkies die meeste katkisante om dit eers ná belydenisaflegging te gebruik wat telkens op hierdie besondere Sondag val.

- **DOEL VAN DIE EREDIENS**

  Om deur die verkondiging van God se genade ons gereformeerde tradisie te herwaardeer en te vier. Dit is nie bloot 'n herinneringsdiens wat op dogmas rus nie, maar 'n oproep om in die geloof God se genade vir die eerste keer of by hernuwing toe te eien.

- **TEKSKEUSE**

  Aansluiting word gesoek by die tradisionele teks vir Hervorminsondag wat ook dié gedeelte was wat Martin Luther tot nuwe insigte gebring het, naamlik Rom 1:17 : "In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan : "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."

- **EKSEGETIES- HERMENEUTIESE ONTHULLINGS**

  Lekkerkerker vra die vraag na die *iustitia Dei* (die geregtigheid van God). Dit is waaroor hierdie gedeelte handel. Hy tref die onderskeid tussen 'aktiewe' en 'passiewe' geregtigheid. Eersgenoemde word verdien en laasgenoemde word geskenk. Dit lei na 'n totaal nuwe verstaan van geregtigheid as genadegawe van God wat in die prediking verkondig moet word. (Lekkerkerker 1978 :41-54)

  Hierdie 'vreemde' konsep moet in ons verbruikers-georiënteerde omgewing tuiskom. Wat te goed is om waar te wees, is in hierdie geval nie te goed om waar te wees nie. Dit is waar. Die vryspraak wat tot geregtigheid lei, word by die nagmaal bevestig en gevier. Die sterwe van Jesus staan daarvoor in.

- **ATMOSFEER, RITUEEL EN SIMBOLIEK**

  Die nagmaalsdiens is as sodanig 'n besondere ritueel wat oor talle eeue in die kerk gevestig geraak het. Die brood en wyn is dié sigbare simbole van God se genade.

  Die nagmaalstafel is gedek, maar die stoele daar rondom is leeg. By dié besondere nagmaal sal die katkisante na die tafel genooi word om daar die nagmaal te gebruik

In die ingangsportaal lê 'n oop Bybel met 'n brandende kers en 'n leesbril op 'n tafeltjie met 'n stoel. Dit simboliseer die insig waartoe die hervormers gekom het uit God se Woord en eer die vertaling van die Bybel in die lingua franca.

Die groot kruis voor in die kerk is in rooi gedrapeer. Daar is geen blomme in die kerk nie.

Wanneer na Luther verwys word in die preek, word 'n foto van hom op die skerm geflits.

- **LITURGIE**

| | | |
|---|---|---|
| ONTMOETING | Votum | Rom 1: 2-4 word voorgelees. |
| | Seëngroet | Die normale trinitariese groet |
| | Aanbiddingslied | Lied 305:1,2,5 – Aanbiddelike God, drie-enig |
| HEILIGING | Hoopverwagting | Die leier ouderling lees Rom 1:8-17 voor. |
| | Versoening | Gemeentesang Ps 139:1,2,5 (Lina Spies) O Here, U ken my volkome. |
| GODSPRAAK | Skriflesing | Rom 1:1-17 |
| | Prediking | Ter aanvang word gewys op die wan-persepsie dat die mens se saligheid verdien kan word. Dan word Luther se vraag gevra : *Waar vind ek 'n genadige God ?* Die feit dat die genade duur is, maar deur Christus verdien en gratis beskikbaar is, word uitgebou. Klem word geplaas op die onskatbare waarde van die vryspraak. Praktiese inhoude word daaraan gegee. |
| BEVESTIGING | Kommunie | Die liturg bedien aan die katkisante om die tafel. |

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Die gemeente gebruik die nagmaal almal saam | |
| | Viering | Lied 295:1 - Heer, U laat ons hier vergader. | |
| TOEWYDING | Aanbidding en Voorbidding | | |
| | Dankoffers | Gepaste orrelspel | |
| | Verinnerliking | Gemeentesang | Lied 492:1,2<br>In U is Vreugde ... |
| UITSENDING | Seën | Num 6:24-26 | |
| | Orrelspel | Lied 486 | |

- **OPMERKINGS**

  Daar is gewys op die permanensie van sommige godsdienstige rituele. Die nagmaal is so-'n ritueel. Dit hoef egter nie dof en doods te wees nie, maar telkens nuut en vars beleef word. Die kosbare skat van die gereformeerde belydenis wat op Christus se genade staan, word feestelik, maar met erns gevier. Die preekteks leen hom besonderlik tot sodanige geleentheid veral waar daar die vorige Sondag belydenisaflegging was.

### 5.3 VOORBEELD 3 : EERSTE ADVENT LUKAS 1:34

- **AGTERGROND**

  Die viering van die kerklike jaar bepaal dié geleentheid.

- **DOEL VAN DIE EREDIENS**

  Om die resente kontroversie rondom die maagdelike geboorte van Jesus te benut sodat die gemeente meegevoer kan word deur die betowering (Engels : 'magic') van die engel se aankondiging. Die opwinding van kersfees moet juis in hierdie opspraakwekkende goddelike ingrype gesoek word. Dit vind gestalte in die menslike Jesus. Die erediens wil 'n Bybels-geïnspireerde gees van afwagting op kersfees skep.

- **TEKSKEUSE**

  Slegs Lukas beskryf die Aankondiging.

  Die preekteks is Luk 1:34 : "Maar Maria sê vir die engel : 'Hoe is so-iets moontlik ..."

- **EKSEGETIES- HERMENEUTIESE ONTHULLINGS**

  Die aankondiging van die maagdelike geboorte van die Christus staan voorop.

  God stuur 'n engel na die eenvoudige maagd in die eenvoudige Nasaret.

  Die engel se boodskap vertel van die onmoontlike wat deur God moontlik gemaak word.

  Tog lê die betowering nie net in die engel se verskyning, sy boodskap of Maria se reaksie nie, maar veral in Jesus self (wie se naam genoem word), want Hy is die Christus en Hy kom.

  Die eksegeet, Norval Geldenhuys meen hierdie is die grootste (Engels : greatest) verhaal tot nog toe oor God vertel. (Geldenhuys1979 :74-81)

- **ATMOSFEER, RITUEEL EN SIMBOLIEK**

  Die kerkgebou is gedekoreer vir die advent- en kerstyd. In die ingangsportaal is 'n uitstalling van die stal toneel in keramiek beeldjies. In die een hoek staan 'n klein kersboom.

  Die liturgiese sentrum is eenvoudig met 'n kandelaar wat vier kerse neem ; een vir elke adventsondag. Die kerse is nie aangesteek nie. Die kruis staan in die agtergrond en teen die muur hang 'n groot geskilderde stal toneel met Maria en die kind in die kollig.

  Voor die erediens begin, word feestelike kersliedere gespeel en gesing.

- **LITURGIE**

| | | |
|---|---|---|
| ONTMOETING | Aanbiddingslied | Lied 167:1,2 – Jesus, Bron van al my vreugde |
| | Seëngroet | |
| | Aansteek van een adventskers deur 'n kind | |
| | Lofsang | Lied 344:1,2,3 – O, die goeie tyding |

| | |
|---|---|
| HEILIGING | Die verhaal van die engeleverskyning aan Abraham word kortliks vertel.<br>Klem word geplaas op die saam-eet as teken van God se gemeenskap met mense in hul wêreldse eenvoud.<br>Gebed |
| GODSPRAAK | Skriflesing Lukas 1:26-38<br>Prediking<br>Die prediking vind plaas in 'n opgewonde trant en aansluiting word gevind by kindersprokies. Volwassenes word soms ook kinders en meegevoer deur sprokies. Die verskyning en boodskap van die engel word in hul buitengewone en opwindende konteks geplaas. Dis verruklik en asemrowend en ook waar. Ook die belofte van 'n maagdelike geboorte. Ons glo dit in weerwil met sommiges se kritiek daarop. Dit voer ons mee. Ons kyk ook verder as die engeleverskyning en die gesprek met Maria ; ons sien Jesus wat Homself met 'n menslike liggaam versoen en sodoende vir ons meevoer. |
| BEVESTIGING | Gebed waarin die andersheid en nabyheid van God in die Christuskind geëer word. |
| TOEWYDING | Verinnerliking – Elizabeth Eybers se 'Maria' word voorgedra.<br>Wydingslied Lied 342:1,2,3 – O, Jesus ons Heer, U het ons verbly |
| UITSENDING | Danksegging - Dankoffers<br>Seëngroet en orrelspel |

- **OPMERKINGS**

Die ou verhaal is nuut, by wyse van narratiewe vorm vertel. Daar word by die andersheid wat aan 'n sprokie herinner, aangesluit. Die waarde van ou, ware verhale word uitgelig en die betowering van die engeleverskyning word

herwaardeer. Die preek loop uit op die kind, Jesus om wie dit gaan. Van begin tot end van die erediens is die teks aan die woord. Die kern boodskap word deur die musiek, sang en gedig uitgebou. Die gemeente is behoorlik in die adventtyd ingelei. Daar moet by hulle 'n opgewonde afwagting ten opsigte van die komende kersfees wees. Nie oor die geskenke nie, maar oor die misterie van Jesus.

## 6. GEVOLGTREKKING

Aan die kreatiwiteit wat hierdie benadering oopmaak, is daar bykans geen grense nie. Wat egter 'n groot waarde is, is die feit dat alle liturgiese elemente vanuit die Woord kristaliseer. Die Bybel as Woord van God is sentraal en in die hele erediens aan die woord. Tydens die erediens vind daar wedersydse kommunikasie tussen God en sy gemeente plaas. Alle liturgiese gebeure is saam die draers daarvan.

Die Woord sowel as die erediensgangers is objekte van die hermeneutiese proses van verstaan. Nie net die leef- en denkwêreld van die mense nie, maar ook hul opinies en persepsies ten opsigte van die erediens is belangrik. Wat hierdie dimensie van die navorsing betref, het die empiriese ondersoek baie gehelp om juis dit beter te verstaan. Vir 'n gereformeerde erediens is die Woord egter altyd die uitgangspunt.

Die *liturgiese model met die preekteks as uitgangspunt* bied aan die liturg 'n sinvolle modus van doen. Dit plaas egter 'n enorme appél op sy deeglike voorbereiding en kreatiewe vermoëns. Indien hy ernstig daarmee is, sal geen twee eredienste dieselfde wees nie. Tog moet die waarde wat herhaling van godsdienstige rituele bied, nie uit die oog verloor word nie.

Vir die 70% respondente wat in die empiriese ondersoek verklaar het dat hulle opgewonde oor die erediens is, moet daar nuwe verrassings wag. Die 30% wat nie so voel nie, moet volgende keer wanneer hulle die erediens bywoon tot nuwe insigte begelei word.

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Daarvoor wil God sekerlik elke liturg gebruik.

Soli Deo Gloria

We must not cease from exploration
and the end of all our exploring will be
to arrive where we began
and to know the place for the first time.

T S Eliot

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

## LITERATUUR


Algemene Sinode 1988. *Handboek vir die Erediens.* N G Kerk van die N G Kerk

*Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996

Adam A 1985. *Foundations of Liturgy. An Introduction to its History and Practice.* Liturgical Press. Minesota

Babin P 1991. *The New Era in Religious Communication.* Fortress. Mineapolis

Barnard A C 1981. *Die Erediens.* NGKB Pretoria
1994. *In die Kragveld van die Gees.* Etoile

Barnard M & Post P 2001. *Ritueel bestek. Antropologiese Kernwoorden van de Liurgie.* Meinema. Zoetermeer

Barnard M & Schuman N 2002. *Nieuwe wegen in de Liturgie.* Meinema. Zoetermeer

Bock E 1992. *The Rhythm of the Christian Year. Reviewing the Religious Cycle of Festivals.* Floris Bocks. Trowbridge

Brueggemann W 2001. *The Bible Makes Sense,* London : Westminister John Knox Press

Chu J 2003. O Father, where art Thou ? *Time* 16 Junie 2003.

Clasen F C 2005. Kreatiew(e)redienste, *Die Kerkbode* 11 November 2005, bl 13.

Davies J G et al 1986. *A New Dictionary of Liturgy and Worship* London: SCM Press, 2nd ed

De Jong O J 1980. *De Geschiedenis der Kerk.* Callenbach Nijkerk

Dingemans G D J 1991. *Als Hoorder Onder de Hoorders.* JH Kok, Kampen

Doekes L 1979. *Credo. Handboek voor de Gereformeerde Symboliek.* Bolland. Amsterdam

Donghi A 1997. Actions *and Words, Symbolic Language and Liturgy*. Liturgical Press. Minnesota

Dijk K 1955. *De Dienst der Prediking.* JH Kok. Kampen

Ebeling G — 1980. *The Nature of Faith.* Fortress Press. Philadelphia

Erickson C D E — 1989. *Participating Worship.* Westminster. Louisvale

Fee G D — 1994. *God's Empowering Presence. The Holy Spirit in the Letters of Paul.* Hendrickson Massachusetts

Fensham F C en Oberholzer JP — 1974. *Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings.* Interkerklike Uitgewerstrust Pretoria

Fenwick J & Spinks B — 1995. *Worship in Transition. The Twentieth Century Liturgical Movement.* Clark. Edinburgh

Geldenhuys N — 1979. *The Gospel of Luke*. NICT. Eerdmans, Grand Rapids

Gibbs E & Coffey I — 2001. *Church Next. Quantum changes in Christian ministry,* Leicester : Inter Varsity Press

Goppelt L — 1981. *Theology of the New Testament* Eerdmans Grand Rapids Michigan

Grijdanus S — 1970. *Sola Scriptura. Problems and Principles in Preaching Historical Texts.* Wedge. Toronto

Heyns J A — 1978. *Dogmatiek.* NGKB. Pretoria
Ongedateer. *Die Sin van die Erediens.* SACUM Bloemfontein

Herbert A S — 1959. *Worship in Ancient Israel.* Varsity Press

Hoekstra T — 1923. *Gereformeerde Homiletiek.* Zomer en Keuning. Wageningen

Hughes G — 2003. *Worship as Meaning. A Liturgical Theology for Late Modernity*. Cambridge

Janse van Rensburg J — 2003. *Narrative Preaching. Theory and praxis of a new way of preaching.* Acta Theologia Supplumentum 4. University of the Free State. Bloemfontein

Jonker W D — 1976. *Die Woord as Opdrag.* NG Kerkboekhandel. Pretoria

Jungman J A — 1965. *The Place of Christ in Liturgical Prayer.* University Press Cambridge

König A 1975. *Hier is Ek !* NGKB. Pretoria
1983. *Die doop as kinderdoop en grootdoop.* NGK. Kaapstad

Laubscher J A 1987. *Vastheid en variasie binne die liturgiese ordes van die Ned Geref Kerk.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif.

Lekkerkerker A F N 1978. De *Brief van Paulus aan de Romeinen 1*. Prediking van het NT. Callenbach. Nijkerk

Long T G 1988. *The Senses of Preaching.* John Knox . Atlanta
1989. *The Witness of Preaching.* Louisville Kentucky

Merton T 1950. *Meditations on Liturgy.* Mowbray London and Oxford

Moule C F D 1977. *Worship in the New Testament.* Bromcote

Müller J C 1990 *Die Erediens as Fees*. NGKB Pretoria

Nielsen J T 1978. *Het Evangelie naar Mattheűs I.* Callenbach Nijkerk

Nienaber C J M & Nienaber-Luitingh M 1987. *Die Braambos Brand. 'n Keur van godsdienstige gedigte.* Tafelberg. Kaapstad

Noth M 1968 *Numbers – Old Testament Library.* SCM Press London

O' Day G R & Long T G 1993. *Listen to the Word.* Abington. Nashville

Pieterse H J C 1979. *Skrifverstaan en Prediking.* NGKB. Pretoria
1985. *Verwoording en Prediking.* NGKB. Pretoria
1991. *Gemeente en Prediking.* NGKB. Pretoria

Prosksch O 1950. *Theologie des Alten Testaments*

Ricoeur P 1973. *The Lanuage of Faith.* Union Semenary Quarterly Review. /3
1981. *Hermeneutics and the Human Sciences.* Texas University Press. Texas

Saliers D E 1994. *Worship as Theology.* Abington. Nashville

Skualarek W D 1981. *The Word in Worship.* Abington Nashville

Stählin W 1975. *Liturgie – was is das eigenlich ?* Evangelische Verlaganstalt Berlin

Sweazy G E 1976. *Preaching the Good News.* Prentice-Hall. New Jersey

University of Pretoria etd, Van Zyl C F (2006)

Thiselton A C — 1992. *New Horisons in Hermeneutics.* Zondervan. Grand Rapids

Thomas J — 1978. *Het Luistert Nauw.* Kok. Kampen

Vaessen J C — 1997. *Tussen Schrift en Preek.* Kok. Kampen

Vajta V — 1958. *Luther on worship.* Cambridge

Vos C J A — 1995. *Die Blye Tyding.* RGN. Pretoria
1996. *Die Volheid Daarvan* II. RGN. Pretoria

Vos C J A & Pieterse H J C — 1997. *Hoe Lieflik is U Woning.* RGN Pretoria

Webber R E — 1985. *Worship is a Verb.* Word Books. Waco Texas

White J F — 1989. *Protestant Worship. Traditions in Transition.* Westminster. Louisville
2000. *Introduction to Christian Worship.* Abington. Nashville

White R C — 1988. *Biblical Preaching : How to find and remove barriers.* CBP Missouri

Winkler G — 1997. *Studies in Early Christian Liturgy and its Context.* Ashgate. Norfolk

Alle aanhalings uit en verwysings na teksgedeeltes uit *Die Bybel* kom uit die 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.